# Religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente in Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys: 'n Prakties-teologiese studie

**D. Meiring**

**https://orcid.org/0000-0002-9637-6656**

Verhandeling voorgelê ter nakoming van die vereistes van die MTh-kwalifikasie in Pastorale Studies aan die Noordwes-Universiteit.

Studieleier: Dr. H. Yates
Mede-studieleier: Prof. M. Kotzé

Gradeplegtigheid: Desember 2022
Studentenommer: 24160466

# ERKENNING

Daar is verskeie partye wat my deur hierdie navorsingsproses gelei het waaraan ek baie dank verskuldig is. Eerstens wil ek begin deur vir ons Hemelse Vader dankie te sê dat hy my die geleentheid gegee het om hierdie studie voort te sit deur die nodige krag, uithouvermoë en mense oor my pad te stuur wat my bygestaan en gelei het. Ek kon weet dat ons Vader in elke liewe tree saam met my was, dat die Heilige Gees my aanmoediger en helper in hierdie proses was, dat hy my toevlug was. Ek het die wete gehad dat God my nie net bygestaan het in hierdie studie nie maar dat hy steeds elke dag, elke oomblik, my toevlug is. Dit is iets waarvoor ek onbeskryflik dankbaar is. Prys Jesus want hy is werklik goed, in alle omstandighede.

Tweedens wil ek graag my dank betoon aan my merkwaardige studieleiers, Dr. Hannelie Yates en Prof. Manitza Kotzé. Ek is dankbaar vir al die ondersteuning, moeite, tyd, en hulp waarmee hulle my geseën het deur hierdie studie. Die liefdevolle wyse waarop hulle my deur die navorsingsproses bygestaan het, spreek boekdele van hulle karakter en is 'n ware getuienis van hoe hulle Jesus daagliks uitleef. Die liefdevolle wyse waarop hulle hulp aangebied het sonder dat dit ooit voorgekom het asof dit te veel moeite is, maak my diep dankbaar. Hierdie studie sou werklik nie moontlik gewees het sonder hulle hulp nie.

Laastens wil ek my ouers graag bedank vir hulle gebede, ondersteuning, omgee en onvoorwaardelike liefde. Die wyse waarop hulle my aangemoedig het, 'n ruimte vir my geskep het om my studies voort te sit en altyd reg is om met enige iets te help, laat my bewoë. Ek beskou myself as een van die gelukkigste dogters op aarde omdat ek so geseënd is met die beste ouers waarvoor enige kind ooit kan vra. Die onmeetbare wyse waarop my ouers my deur hierdie proses bygestaan het sal die mooiste woorde nie in omvang kan beskryf nie. Al wat ek kan sê, met die hoop dat dit 'n ware weerspieëling van my dankbaarheid is, is dankie.

Ek bid net seën en voorspoed toe vir elke party wat 'n bydra gemaak het tot hierdie studie. Dankie.

# VERKLARING

Hiermee verklaar ek dat '*Religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente in Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys: 'n Prakties-teologiese studie*' my eie oorspronklike werk is en dat al die bronne waarvan ek gebruik gemaak het aangedui en erken is. Geen gedeelte van hierdie werk is voorheen ingehandig vir 'n ander graad by 'n ander instansie nie.



2 November 2022

Dominique Meiring

Datum

# OPSOMMING

Identiteitskonstruksie is ’n lewenslange deel van menslike ontwikkeling en funksionering. Die veelvoud van ruimtes waarin mense hulself bevind en hulle geleefde ervaringe in daardie ruimtes het ’n invloed op identiteitskonstruksie en werp lig op die komplekse, meervoudige en sistemiese aard van identiteit. Vanuit ’n teologiese perspektief word die vraagstuk van identiteit onder andere verbind aan antropologie. Teologiese antropologie vra hoekom, wie en hoe mense in verhouding tot God is en op watter wyse die mens–God verhouding hulle verhouding met hulself, medemense, die breë kosmos en alledaagse lewe beïnvloed. Ernst Conradie (2005) verbind teologie aan identiteitskonstruksie en argumenteer dat Christelike teologie ’n voortdurende gesprekvoering oor Christelike identiteit is.

Die veronderstelling is dat studente in teologie aan Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings op ’n direkte en indirekte wyse blootgestel word aan hierdie voortdurende gesprekvoering oor Christelike identiteit in ’n konteks van pluraliteit. Die verwagting is dat studente aan Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwysinstellings aan die hand van teoretiese raamwerke en kritiese gesprekvoering toegerus behoort te word om hulleself te posisioneer en te navigeer in ’n hedendaagse konteks van pluraliteit en diversiteit. Hierdie studie fokus op Christelike teologie studente met spesifieke verwysing na hul religieuse identiteitskonstruksie en op watter wyse praktiese teologie soos ingelig deur David Kelsey se teologiese antropologie, perspektiewe kan bied op teologie studente se Christelike identiteitskonstruksie in openbare hoëronderwysomgewings. David Kelsey se teologiese antropologie, en in besonder sy teosentriese verstaan van menswaardigheid, word veral in hierdie studie as teologiese hulpbron ingespan.

**Kernkonsepte:** Religieuse identiteitskonstruksie, Christelike teologie studente, openbare hoër onderwys in Suid-Afrika, praktiese teologie

# ABSTRACT

Identity construction is a lifelong part of human development and functioning. The multiplicity of spaces in which people find themselves and their lived experiences in those spaces influence identitiy construction and shed light on the complex, multiple and systematic nature of identity. From a theological perspective, the question of identity is linked to anthropology, among other things. Theological anthropology asks why, who and how people are in relation to God and in what way the human-God relation influences their relationship with themselves, fellow human beings, the broad cosmos and everyday life. Ernst Conradie (2005) connects theology to identity construction and argues that Christian theology is an ongoing discussion of Christian identity.

The assumption is that students in theology at South African public higher education institutions are directlly and indirectly exposed to this ongoing discussion about Christian identity in a context of plurality. The expectation is that students at South African public higher education institutions should be equipped with the help of theoretical frameworks and critical discussion to position and navigate themselves in a contemporary context of plurality and diversity. This study focuses on Christian theology students with specific reference to their religious identity construction and how practical theology as informed by David Kelsey's theological anthropology can provide perspectives on theology students' Christian identity construction in public higher education environments. David Kelsey's theological anthropology, and in particular his theocentric understanding of human dignity, is particularly used in this study as a theological resource.



**Keywords**: Religious identity construction, Christian theology students, public higher education in South Africa, practical theology

# INHOUDSOPGAWE

**ERKENNING** **I**

**VERKLARING** **II**

**OPSOMMING** **III**

**ABSTRACT** **IV**

**HOOFSTUK 1** **1**

**INLEIDING** **1**

1.1 Definiëring van kernkonsepte ....................1

1**.2 Agtergrond van DIE studie** ....................4

1.3 Heersende kenniskorpus en die belang van die studie ....................10

1.4 Probleemstelling, navorsingsvraag en subvrae ....................12

1.5 Navorsingsdoel en doelwitte ....................13

1.5.1 Navorsingsdoel ....................13

1.5.2 Navorsingsdoelwitte ....................13

1.6 Sentraal-Teoretiese Argument ....................14

1.7 Navorsingmetodologie ....................14

1.8 Etiese oorwegings ....................16

1.9 Skematiese voorstelling ....................16

**HOOFSTUK 2** **19**

**CHRISTELIKE TEOLOGIE STUDENTE IN SUID-AFRIKAANSE OPENBARE HOËRONDERWYS: GELEENTHEDE EN UITDAGINGS 19**

2.1 Inleiding ........ 19

2.2 Analise van christelike teologie studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing ........ 22

2.3 DIE PLURALE RUIMTE ........ 23

2.4 DIE SUID-AFRIKAANSE OPENBARE HOËRONDERWYSOMGEWING ........ 25

2.5 Uitdagings binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing ........ 27

2.5.1 Religieuse diversiteit en pluralisme ........ 27

2.5.2 Die spanning van verandering teenoor stabiliteit ........ 33

2.5.3 ’n Persoon se houding en reaksie teenoor ander religieuse praktyke ........ 35

2.6 Geleenthede binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing ........ 36

2.6.1 Geleentheid vir persoonlike groei ........ 37

2.6.2 Geleentheid vir versterking met betrekking tot ’n religieuse oriëntasie ........ 38

2.6.3 Geleentheid vir die bevordering van kulturele kennis ........ 39

2.6.4 Geleentheid om deel te vorm van ’n religieuse groep ........ 42

2.7 Samevatting ........ 43

**HOOFSTUK 3 45**

**RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE 45**

3.1. Inleiding ........ 45

3.2 Wat is religieuse identiteitskonstruksie? ........ 46

3.3 Die bevorderlike en stremmende aspekte vAN religieuse identiteitskonstruksie ........ 54

3.3.2. Stremmende aspekte rondom religieuse identiteitskonstruksie ........ 57

3.4 Samevatting ....................................................................................................59

**HOOFSTUK 4** **61**

**TEOLOGIESE ANTROPOLOGIESE PERSPEKTIEF OP RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE** **61**

4.1 Inleiding ....................................................................................................61

4.2 Teologiese antropologie ....................................................................................................62

4.3 Kelsey se teologiese antropologie ....................................................................................................65

4.3.1 Menswaardigheid in Kelsey se teologiese antropologie ....................................................................................................67

4.3.2 Menslike florering in Kelsey se teologiese antropologie ....................................................................................................72

4.3.3 Die beeld van God volgens Kelsey se teologiese antropologie ....................................................................................................76

4.3.4 Die mens se verhouding met God ....................................................................................................82

4.3.5 Die mens se verhouding met ander mense ....................................................................................................85

4.4 Samevatting ....................................................................................................87

**HOOFSTUK 5** **89**

**BEVORDERLIKE OMGEWING VIR CHRISTELIKE RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE IN SUID-AFRIKAANSE OPENBARE HOËRONDERWYSOMGEWING** **89**

5.1 INLEIDING ....................................................................................................89

5.2 KULTUUR ....................................................................................................90

5.2.1 Verskillende gebruike van die term “kultuur” ....................................................................................................90

5.2.2 Kultuur binne die konteks van hierdie studie ....................................................................................................92

5.3 KULTUUR EN IDENTITEITSKONSTRUKSIE....................................................................................................93

5.4 INSTITUSIONELE KULTUUR ....................................................................................................95

5.5 BEVORDERLIKE KULTUUR VIR IDENTITEITSKONSTRUKSIE ....................................96

5.6 SAMEVATTING.......................................................................................................101

**HOOFSTUK 6** **102**

**GEVOLGTREKKING** **102**

6.1 INLEIDING ...........................................................................................................102

6.2 GELEENTHEDE VIR CHRISTELIKE TEOLOGIE STUDENTE SE RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE ......................................................................103

6.2.1 Uitdagings vir Christelike teologie studente se identiteitskonstruksie ............................................103

6.2.2 Geleenthede vir Christelike teologie studente se identiteitskonstruksie ........................................105

**6.3 RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE** **107**

6.3.1 Definisie van religieuse identiteitskonstruksie..........................................................................107

6.3.2 Bevorderlike aspekte vir religieuse identiteitskonstruksie .............................................................107

6.3.3 Stremmende aspekte vir religieuse identiteitskonstruksie .............................................................108

**6.4 TEOLOGIESE ANTROPOLOGIESE PERSPEKTIEF OP RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE** **109**

6.4.1 Kelsey se teologiese antropologie.................................................................................................109

6.4.2 Kelsey se teologies-antropologiese uitgangspunte........................................................................109

**6.5 BEVORDERLIKE OMGEWING VIR CHRISTELIKE RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE IN SUID-AFRIKAANSE OPENBARE HOËR ONDERWYS** **112**

6.5.1 Gebruike van die term “kultuur”..................................................................................................112

6.5.2 Kultuur soos verstaan vir hierdie studie ........................................................................................112

6.5.3 Identiteitskonstruksie en kultuur ..................................................................................................113

6.5.4. Institusionele kultuur ........................................................ 113

6.5.5 Bevorderlike institusionele kultuur ........................................................ 113

6.6 GEVOLGTREKKING ........................................................ 114

**BIBLIOGRAFIE** **117**

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 DEFINIËRING VAN KERNKONSEPTE

### Identiteitskonstruksie

Volgens Louw (2012:61) verwys identiteitskonstruksie na die wyse waarop persoonlike eienskappe koppel aan selfbewustheid en 'n mens se selfbeeld. Dit betrek spesifieke menslike karaktereienskappe. Identiteitskonstruksie kan dus beskryf word as die konstruksie van 'n persoon se waardes en oortuigings. Dit is 'n proses waartydens 'n persoon die verskillende aspekte van hulle wese identifiseer en integreer. Hulle leer hulleself verstaan en evalueer; dit is die innerlike proses terugvoer wat toegespits is op die wyse waarop 'n mens reageer en presteer (Louw, 2012:61). Daar is ook eksterne faktore betrokke, soos byvoorbeeld norme, waardes, 'n geloofsisteem en 'n mens se wêreldbeskouing. Kontekstuele kwessies binne 'n gegewe kultuur dra verder by tot die mens se identiteitskonstruksie (Louw, 2012:60-62).

Identiteitskonstruksie is nie 'n eendimensionele konsep nie. Dit is 'n voortdurende proses van ontwikkeling en groei wat intern plaasvind en wat verskeie veranderinge kan voortbring. Conradie (2005:1-2) noem dat 'n mens verskeie identiteite het wat 'n mens se persoonlike identiteit beïnvloed. Mens het byvoorbeeld 'n Christelike identiteit, 'n persoonlike identiteit en 'n sosiale identiteit, en hierdie identiteite is interafhanklik van mekaar omdat hulle mekaar beïnvloed (Conradie, 2005:1-3).

### Religieuse identiteitskonstruksie

Religieuse identiteitskonstruksie kan vanuit 'n narratiewe perspektief beter verstaan word. Die temporale en die relasionele dimensie van 'n narratiewe identiteit speel 'n prominente rol by die definiëring van religieuse identiteitskonstruksie. Hierdie twee dimensies moet verstaan word om die relevansie van narratiewe identiteit vir religieuse identiteitskonstruksie te onderstreep (Dreyer *et al*., 2002:160). Die temporale dimensie behels dat identiteit aan die een kant gesien kan word as eendersheid, of as dit wat permanent in tyd is. Die relasionele dimensie is aan die ander kant die selfheid van 'n mens wat veranderlik is (Dreyer, *et al*., 2002:160-161).

Die spanning tussen hierdie twee dimensies speel ŉ sentrale rol in die definiëring van narratiewe identiteit. Die spanning is tussen die stabiele en dit wat veranderlik is tydens identiteitskonstruksie (Dreyer, *et al*., 2002:162-163). Die narratiewe perspektief op identiteit hou in dat daar verskeie gebeurtenisse in ŉ mens se lewe plaasvind wat beïnvloed wie die persoon as geheel is. Dit is belangrik om die hele lewensverhaal van ŉ persoon in ag te neem om so die geheel van wie ŉ persoon is te verstaan (Dreyer, *et al*., 2002:162-163). Dit volg dus dat lewensgebeurtenisse en dit waaraan ŉ persoon blootgestel is ŉ rol by ŉ persoon se persoonlike religieuse identiteitskonstruksie speel. Die narratief van ŉ mens se lewe dra nie net by tot ŉ persoon se persoonlike identiteitskonstruksie nie, maar ook tot religieuse identiteitskonstruksie. Religieuse identiteitskonstruksie kan nie die spanning tussen die self en ander vryspring nie. Die narratiewe perspektief sien religieuse temas, rolle en stories as ŉ deel van ŉ persoon se lewensverhaal en die geheel van wie die persoon is. Religieuse identiteit beïnvloed ŉ mens se religieuse oriëntasie en wyse van uitdrukking (Dreyer, *et al*., 2002:164-165).

**Christelike identiteitskonstruksie**

Die definiëring van Christelike identiteitskonstruksie begin by wat dit beteken om ŉ Christen te wees (Conradie, 2005:2). Dit gaan verder oor die verskil tussen ŉ Christen en persone van ander gelowe, en oor wat Christene glo. Hierdie vrae lei na ŉ verdieping in Christelike identiteit. Die soeke na Christelike identiteit is veral belangrik in tye van verandering en waar bedreigings van ŉ persoon se Christenskap tot innerlike spanning kan lei (Conradie, 2005:2).

Christelike identiteitskonstruksie kan onder andere toegeskryf word aan die selfondersoek oor Christenskap wat lei tot die verstaan van Christelike tradisies. Dit lei weer verder tot die verdieping van ŉ persoon se verstaan van geloof. Louw (2012:61) sien identiteit vanuit die Christelike paradigma as die versameling gepaste en onvanpaste menslike reaksies wat binne ŉ terugvoerstelsel van verskillende verhoudings vorm. Groei kan plaasvind wanneer daar ŉ krisis in ŉ mens se lewe is. Die persoon sal poog om ŉ spesifieke identiteit te behou wanneer die positiewe pool die oorhand kry (Louw, 2012:63).

## Christelike teologie studente

Die term Christelike teologie studente verwys na die teikengroep wie se religieuse identiteitskonstruksie vir die doeleindes van hierdie studie nagevors word. Christelike teologie studente verwys na studente uit spesifiek die Christelike tradisie wat teologie studeer by openbare hoëronderwysinstellings. Die demografiese inligting rakende Christelike teologie studente wat van toepassing is op hierdie studie word verder as inleiding vir die volgende hoofstuk bespreek.

## Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing

Die studie vind binne die konteks van die openbare hoëronderwysomgewing plaas. Openbare hoër onderwys in die Suid-Afrikaanse konteks verwys na die stelsel waarvolgens studente geakkrediteerde tersiêre opleiding aan universiteite ontvang wat deur die staat erken en befonds word. Alhoewel openbare hoëronderwysinstellings in die Suid-Afrikaanse konteks deur die staat gesubsidieer word, is universiteite elk verantwoordbaar aan hulle eie raad wat deur hoëronderwys wetgewing erken word (Moloi, *et al.,* 2014:469-470).

Die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing wat teologiese opleiding bied verwys vir die doeleindes van hierdie studie na universiteite reg oor Suid-Afrika wat Christelike teologiese opleiding bied. Dit is instellings soos die Universiteit van Pretoria, Universiteit van KwaZulu-Natal, Universiteit van Kaapstad, Stellenbosch Universiteit, Universiteit van die Wes-Kaap, Universiteit van die Vrystaat, Universiteit van Johannesburg en die Noordwes-Universiteit in. Die studie fokus spesifiek op die openbare hoëronderwysomgewing wat Universiteite insluit waar Christelike teologiese studies voltyds en nie aanlyn nie, studeer word.

Die rol wat teologie fakulteite in universiteite bied, speel ’n belangrike rol veral in die breër gemeenskap (Beyer, 2016:3-4). Die doel van religieuse studies by universiteite vorm deel om menslike gedrag in ’n wetenskaplike wyse in ’n openbare domein te ondersoek. Teologie handel oor die uitdrukking van geloof wat dialoog binne universiteite selfs op ’n sosiale dimensie by te dra (Beyer, 2016:4). Hier is daar reeds bepaal dat teologie fakulteite deel vorm van die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing.

Hierdie is ’n diverse en komplekse omgewing wat uit verskeie fakulteite bestaan, spesifieke gefokus op die teologiese fakulteit. Die fakulteit wat deel van die Suid-Afrikaanse openbarehoëromgewing vorm, bestaan uit verskillende departemente van verskeie teologiese opleiding bied waarvan Christelike teologiese opleiding daarvan deel is. Hierdie departemente is verantwoordelik vir die voorsiening aan ’n gegewe onderrigleerplan wat na ’n spesifieke beroepsveld lei. Binne religieuse of te wel teologiese beroepsvelde word gegewe onderrig vereis om die nodige kennis en ontwikkeling van bepaalde werknemers te bewerkstellig. Dit bied verdere rede waarom religieuse identiteitskonstruksie op universiteite se agenda behoort te wees en waarom dit uiters belangrik in om aandag daaraan in hierdie omgewing te bied.

## 1.2 AGTERGROND VAN DIE STUDIE

Die plurale Suid-Afrikaanse konteks met sy verskillende kulture, tale, religieuse oriëntasies en die sekulêre grondwet bring verskeie vrae rakende Christelike identiteit na vore. Veranderinge soos die koms van die huidige politieke bedeling en die transformasie wat daarmee gepaard gaan, het ’n skeiding tussen kultuur en Christenskap voortgebring (Conradie, 2005:2).

Christene moet hulle eie identiteit te midde hiervan vind. Identiteitskonstruksie is die proses waardeur mense ’n identiteit vorm. Mezirow (2009:103) dui aan dat identiteit nie ’n enkele vasgestelde konsep is nie. Dit is nie iets wat bereik word en wat dan staties bly nie. Transformatiewe onderrig kan van onskatbare waarde wees in hierdie verband. Hy (2009:103) beskryf transformatiewe onderrig as ’n proses waardeur volwassenes leer hoe om krities vir hulself te dink, eerder as om aannames wat ’n bepaalde perspektief ondersteun as vanselfsprekend te aanvaar. Daarmee saam is daar ’n noue verband tussen ’n mens se waardes en die konstruering van identiteit. Die verwantskap tussen geloof en waardes speel ’n belangrike rol in die ontwikkeling van spiritualiteit (Louw, 2012:66). Waardes is bepalende beginsels wat ’n mens se gedrag stuur. Dit bestaan deels uit kulturele gebruike en gewoontes. Waardes is ook die internalisering van norme (Louw, 2012:63).

Alhoewel Suid-Afrikaanse universiteite verskeie uitdagings het, voel sommiges dat Suid-Afrika wêreldklas universiteite het wat 'n verskil kan maak in die internasionale arena (Moloi, *et al.* 2014:469-470). Die uitdagings het grootliks te make met die nalatenskap van apartheid ten opsigte van die ongeregtighede en ongelykhede wat in die loop van die land se geskiedenis in die Suid-Afrikaanse samelewing ingebed geraak het. Die openbare hoëronderwyssektor is daarom genoodsaak om na 1994 te transformeer. Die transformasieproses wat na die vestiging van demokrasie in Suid-Afrika begin het, het verskeie veranderinge gestimuleer. Dit het onder andere breër toegang tot hoër onderwys vir veral voorheen benadeelde groeperinge van die Suid-Afrikaanse bevolking ingehou, wat 'n meer diverse studentepopulasie met betrekking tot ras, etnisiteit, kultuur, gender en geloof meegebring het (Mzangwa, 2019:2-3). Die herstrukturering van instellings om beter aan te pas by die behoeftes van 'n ontwikkelende demokrasie, het volgens Moloi *et al*. eers daadwerklik in 2001 begin. Volgens 'n studie wat in 2008 gedoen is, was daar ten tyde van die studie 2 781 185 mense in Suid-Afrika tussen die ouderdomme van 18 en 24 jaar wat nie besig was om verder te studeer of by enige ander verdere opleiding betrokke was nie of wat werkloos was (Not in Education, Employment and Training, NEET) (Moloi, *et al.,* 2014:469-470).

Studente wat wel toegang tot openbare hoër onderwys verkry, het beter geleenthede vir ontwikkeling. Studente se ontwikkeling is nie beperk tot akademiese leer en professionele ontwikkeling nie. Hulle geleefde ervaringe tydens hierdie lewensfase en die omgewing waarin hulle hulself bevind, kan omvattende ontwikkeling van hulle menswees tot gevolg hê. Volgens Riggers-Piehl (2009:2) is identiteitsontwikkeling een van die prominente areas waarin studente in 'n openbare hoëronderwysomgewing ontwikkel. Tydens hierdie fase van hulle lewe leer studente om emosies te hanteer, praktiese take uit te voer, en om produktiewe verhoudings te ontwikkel, maar terselfdertyd outonomie te handhaaf (Riggers-Piehl, 2009:2).

'n Student se persoonlike identiteitsontwikkeling ondergaan verskeie herstrukturerings, veral op die spirituele en religieuse gebied (Riggers-Piehl, 2009:2). Die veranderinge word meegebring deur die feit dat die spirituele verwysingsraamwerk en geloofsoriëntasie wat deur die gesin of rolspelers in 'n student se lewe gevorm is, tydens hierdie lewensfase uitgedaag word (Grotevant & Cooper, 1985:415-428; Riggers-Piehl, 2009:2). Die mate van uitdaging hang af van die mate van ooreenstemming of teenstrydigheid waaraan 'n

student blootgestel word. Teenstrydighede met die voorafopgestelde verwysingsraamwerk veroorsaak spanning (Riggers-Piehl, 2009:2). 'n Student sal hom- of haarself hetsy teenoor die voorgestelde teenstrydigheid posisioneer of ondersoek instel en moontlik aanklank vind en besluit om eerder met 'n ander groep te vereenselwig (Grotevant & Cooper, 1985:415-428; Riggers-Piehl, 2009:2). Die diverse omgewing van openbare hoëronderwysinstellings bied aan studente geleenthede vir refleksie oor wie hulle is en met watter persoonlike keuses hulle hulself vrylik wil assosieer (Kaufman & Feldman, 2004:464; Louw, 2013:1).

Op 'n kampus is daar 'n verskeidenheid mense wat hulleself volgens gedeelde belange groepeer, en studente word genoop om daagliks keuses te maak oor wie en waarmee hulle geassosieer wil word al dan nie. Die klimaat van die hedendaagse openbare hoëronderwysomgewing word gekenmerk deur voortdurende verandering, diversiteit, pluraliteit en vryheid van assosiasie. Dit is nie net die akademie wat studente saam groepeer nie, maar ook verskeie aktiwiteite vir onder andere sosialisering (Jereb, *et al.,* 2018). Die blootstelling aan voortdurende verandering, vryheid van assosiasie, diversiteit en pluraliteit dra by tot 'n veelvoud van geleefde ervarings van dit wat anders as die self is. Die studente se keuse om aan verskeie aktiwiteite deel te neem en deel te vorm van verskeie groepe het weer 'n invloed op hul wêreldbeskouing, wat weer bydra tot studente se identiteitskonstruksie (Jereb, *et al*., 2018).

'n Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing word in hierdie studie as 'n bepaalde klimaat beskou waar verskeie diverse veranderlikes voorkom, onder meer kultuur, etnisiteit, tradisies, inheemse kennissisteme en wêreldbeskouings (Wu, 2006:13-18). In hierdie omgewing word studente aan verskeie veranderlikes blootgestel wat 'n invloed uitoefen of identiteitsontwikkeling. Dit het weer bepaalde gedrag tot gevolg wat ontstaan uit besluitneming (Kayanan, 2016:22).

Alhoewel studente nie altyd die volle omvang van hulle persoonlike identiteit verstaan of weet wie hulle is nie, is daar reeds vasgestelde aspekte van hulle identiteit wat deel vorm van wie hulle is (Walker, 2006:135; Wu, 2006:13). Gedeelde ervaringe dra byvoorbeeld by tot 'n persoon se identiteitsontwikkeling, daarom beïnvloed mense mekaar (Walker, 2006:133). Dit is duidelik dat die ontwikkeling van identiteit 'n voortdurende proses is wat beïnvloed word deur die verhoudingsnetwerke en die sisteme waarin mense hulself bevind en waarbinne hulle funksioneer. Die persoonlike ontwikkeling wat plaasvind terwyl

ŉ persoon aan ŉ openbare hoëronderwysinstellings studeer, is merkwaardig omdat persoonlike ontwikkeling normaalweg in hierdie periode in verskeie areas van ŉ mens se lewe plaasvind. Die diverse omgewing van openbare hoër onderwys in die Suid-Afrikaanse konteks bied vir studente ŉ verskeidenheid van geleenthede vir die posisionering van die self en vir vryheid van assosiasie (Kaufman & Feldman, 2004:464; Louw, 2013:1).

Teologie studente se bewustheid van hulle religieuse identiteitskonstruksie is ŉ belangrike dimensie van identiteit. Hulle selfkennis kan deur refleksie bevorder word. Sodanige bewustheid kan bydra tot die bevordering van hul identiteitskonstruksie en hoe hulle hulself posisioneer, handhaaf en navigeer in die hedendaagse Suid-Afrikaanse pluralistiese samelewing. Die vraag is hoe teologiese antropologie hierdie proses van posisionering en navigering by studente van hulp kan wees.

Teologiese antropologie handel oor die Christelike verstaan van die wese van ŉ mens in verhouding met God. Die studieveld kan behulpsaam wees by die ondersoek van identiteit binne hierdie gegewe klimaat en kan bydra tot die ontwikkeling van posisionering en navigering by studente. Volgens Hendriks en Leene (2010:168) dra teologiese antropologie by tot die verstaan, nie alleenlik van die mens nie, maar ook van die identiteit van die mens. Wanneer die Christelike verstaan van die mens verder interpreteer word ten opsigte van identiteitskonstruksie, lei dit tot die verdieping van kennis rakende religieuse identiteitskonstruksie (Hendriks & Leene, 2010:168).

Peterson (2016) is van mening dat teologiese antropologie bydra tot ŉ persoon se siening van God en die skepping. Dit het ŉ direkte invloed op ŉ mens se identiteitskonstruksie omdat die antropologiese oogpunt bydra tot die verstaan van die menslikheid van die mens. Wanneer die perspektief van teologiese antropologie as lens gebruik word om in diepte na teologie studente en hulle religieuse identiteitskonstruksie te kyk, kan dit verskeie perspektiewe voortbring (Peterson, 2016).

David H Kelsey se 2009 publikasie, *Eccentric Existence: A Theological Anthropology*, is al beskryf “as die belangrikste werk in Christelike teologiese antropologie in etlike dekades” (Marais, 2013a:234). Een van die elemente wat sterk beklemtoon word in Kelsey se teologiese antropologie is respek vir ander, wat insluit om die ander se inherente en absolute waarde te eer en daarvolgens op te tree (2009a:275). Binne die

konteks van diversiteit en pluraliteit in die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing, is Kelsey se teologiese antropologie ŉ besondere gepaste gespreksgenoot. Menswaardigheid is vir Kelsey ŉ teosentriese konsep wat verstaan word en gevorm word deur die erkenning dat God met mense in verhouding tree (2009a:276). As sulks is dit ook in wese ŉ belydenis van Christelike identiteit.

Die perspektiewe kan bydra tot die verstaan van die identiteitskonstruksie van teologie studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing (Peterson, 2016). ŉ Student staan in verhouding met God, ander, die natuur en hulself. Hierdie komplekse samehang kan tot verskeie vraagstukke lei gedurende hierdie lewensfase (Noval, 2019:408). Die verstaan van identiteitskonstruksie binne die veld van teologiese antropologie is gepas weens dit die geleentheid bied om verder ondersoek in te stel oor die wese van die menswees in verskeie verhoudings en interaksies met ander mense waarin hulle hulself bevind (Noval, 2019:408).

Die akademiese inhoud wat Christelike teologie studente bestudeer, het ŉ invloed op hoe hulle die wêreld sien en ervaar. Die akademiese materiaal bepaal hoe hierdie studente oor verskeie aspekte dink en hoe geleefde ervarings geïnterpreteer word. Christelike teologie studente word met uiteenlopende sosiale interaksies konfronteer wanneer hulle met studente met ander geloofsoortuigings omgaan. Dit kan spanning veroorsaak. Die verwagting is egter dat teologie studente respekvol teenoor mense van ander gelooftradisies optree.

Teologie studente moet hulself konstant binne ŉ diverse sosiale konteks ooreenkomstig hul eie geloofsoortuigings en spirituele/religieuse identiteit posisioneer. Daar is die verwagting dat hulle ŉ spesifieke gesindheid en ingesteldheid beliggaam in diverse kontekste. Hierdie gesindheid en ingesteldheid word verbind aan die konsep van spiritualiteit. Spiritualiteit verwys na die mees innerlike en intieme ervarings met die self, ander, die natuur, die omgewing waarin die persoon hulself bevind, en ŉ oppermag (Buck, 2006:288; Grey, 2006:176). Volgens Daniel Scott (2006:269) speel spiritualiteit ŉ groot rol in ŉ mens se persoonlike ontwikkeling.

Christelike spiritualiteit het ŉ invloed op ŉ mens se religieuse identiteitsontwikkeling. Studente se spirituele reis tydens hulle studies speel ŉ belangrike rol in religieuse identiteitskonstruksie. Christelike spiritualiteit het ŉ groot impak op mense se lewens

(Kiesling, *et al*., 2006:1270). Om die impak van Christelike spiritualiteit beter te verstaan moet die verskillende veranderlikes wat religieuse identiteitskonstruksie beïnvloed in ag geneem word (Kiesling, *et al*., 2006:1270). Die veranderinge en groei wat by Christelike teologie studente voorkom tydens religieuse identiteitsontwikkeling, word derhalwe binne die veld van praktiese teologie ondersoek.

Daar is dus moontlik ŉ spanningveld tussen die geleefde ervaring van "behoort" en "oopheid". Teologie studente behoort tot ŉ bepaalde gelooftradisie, in hierdie geval die Christelike gelooftradisie, en met ŉ bewustheid van hul religieuse identiteit behoort hulle ook oop te wees vir mense wat op grond van religieuse identiteit van hulle verskil. Hierdie spanningsveld mag by teologie studente voorkom en die vraag is hoe teologie, en spesifiek praktiese teologie, van hulp kan wees in die bestudering en hantering van hierdie spanningsveld.

Praktiese teologie is deur die praktiese teoloog, Friedrich Schleiermacher, as ŉ universiteitsvak gevestig. Dit het 'n radikale verandering in die paradigmas van teologiese en praktiese refleksie en teorievorming meegebring (Louw, 2017:2). Die wetenskapsveld van praktiese teologie maak dit vir navorsers moontlik om tussen verskillende wetenskapsvelde te beweeg, iets wat van besondere waarde kan wees vir hierdie studie (Müller, 2013:1). Die dryfkrag agter praktiese teologie is die spesifieke omgewingskonteks wat die wetenskap in die geleefde ervaringswêreld van mense plaas en die fokus op relevante geloofshulpbronne in ŉ spesifieke geleefde situasie en konteks. Die term praktiese teologie is kompleks met verskeie lae wat deel vorm van hierdie wetenskap. Die kompleksiteit is veral ter sake wanneer verskillende gelowe, kulture en kulturele omgewings in ag geneem word (Müller, 2013:1-3).

Kritzinger (2002:144-173) se benadering tot die pastorale siklus word vir die doeleindes van hierdie studie gebruik. Kritzinger (2002:149-150) het ŉ bestaande pastorale siklus metode geneem en aangepas om toepaslik gebruik te word vir diegene wat as groep graag saam wil dink, bid en werklik ŉ verandering in die gemeenskap wil bring. Hierdie aanpassing van die pastorale siklus, het hy die praxis siklus genoem. Die toepaslikheid van Kritzinger se benadering tot die pastorale siklus word verder in die afdeling oor metodologie gemotiveer en verduidelik.

Praktiese teologie word dikwels as ŉ soort aksiewetenskap beskou wat die Christelike geloof met die praktyk en konteks van die moderne en postmoderne samelewing verbind (Louw, 2017). Wanneer Louw (2017) se definisie van praktiese teologie beskou word, blyk dit dat religieuse identiteitskonstruksie as vraagstuk ondersoek kan word vanuit die praktiese teologiese wetenskapsveld.

## 1.3 HEERSENDE KENNISKORPUS EN DIE BELANG VAN DIE STUDIE

Die bestaande navorsing oor die kernkonsepte van hierdie studie is ondersoek om vas te stel wat die potensiële bydrae en waarde van hierdie studie is.

ŉ Uitgebreide elektroniese ondersoek is gedoen met behulp van die volgende databasisse: NWU Google Scholar; Google Scholar; JSTOR; SciELO; ResearchGate; Taylor & Francis online en Springer. Die kernkonsepte van "identiteit", "religieuse identiteit", "Christelike identiteit", "religieuse identiteitskonstruksie", "religieuse identiteitskonstruksie binne die Suid-Afrikaanse konteks", "religieuse identiteitskonstruksie in teologie studente" is gebruik in verskillende kombinasies.

Die elektroniese soektog het verskeie observasies tot gevolg gehad:

- Navorsing bespreek identiteitskonstruksie vanuit verskeie oogpunte. Kinders en adolessente is die heersende teikengroep waarop navorsing fokus.
- Die werk van Grotevant en Cooper (1985:415-428) plaas klem op die gesin en die sosiale omgewing wat ŉ adolessent se identiteitskonstruksie beïnvloed. Die navorsers verwys na verskillende omgewings waar identiteitskonstruksie vir adolessente voorkom.
- Bertram-Troost *et al.* (2007:132-150) se navorsing is toegespits op die invloed wat ŉ Christelike agtergrond en / of skool op ŉ mens se identiteit het.
- Daar is ŉ groot verskeidenheid van navorsing rakende identiteit en identiteitskonstruksie wat van waarde vir hierdie studie kan wees. Die bestaande literatuur kan gebruik word om ŉ grondslag te lê wat as wegspringblok kan dien vir hierdie studie.
- Een studie ondersoek die verwantskap tussen religieuse oriëntasie en rasse-identiteit. Hierdie studie kan van waarde wees wanneer die kulturele aspek

oorweeg word gegewe die diverse en dinamiese omgewing waarin ’n Suid-Afrikaanse student hulself bevind.

- Die navorsing van Naidoo (2017:493-546) fokus spesifiek op ’n universiteit. Hoe die universiteit die Bybel interpreteer, het ’n groot invloed op die instelling se siening van diversiteit. Naidoo (2017:493-546) se navorsing oor institusionele kultuur met betrekking tot Bybelse interpretasies bied insigte wat van waarde kan wees vir die navorsing oor religieuse identiteitskonstruksie vir Christelike teologie studente.
- Institusionele kultuur verwys na ’n instelling se unieke kultuur (Naidoo, 2017:532). Dit het verskeie voordele en nadele. ’n Teologiese instansie verwys na ’n gemeenskap met spesifieke waardes en gedeelde sieninge, perspektiewe en verpligtinge wat binne ’n gegewe teologiese denkwyse nagekom moet word (Naidoo, 2017:532). Die invloede van die pluralistiese wêreld, diversiteit en ’n teologiese onderriginstelling se kultuur op identiteitskonstruksie word in die studie ondersoek.
- Daar is ’n leemte wanneer dit kom by navorsing wat toegespits is op religieuse identiteitskonstruksie binne die Suid-Afrikaanse klimaat en wat fokus op Christelike teologie studente.

Die oorsig toon dat daar ’n groot verskeidenheid van bestaande literatuur oor identiteit en religieuse identiteitskonstruksie beskikbaar is. Die ondersoek toon dat die omgewing waarin ’n mens hulself bevind ’n invloed het op identiteitskonstruksie. Die gebrek aan navorsing wat toegespits is op die religieuse identiteitskonstruksie van Christelike teologie studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing is ’n leemte wat hierdie studie wil aanspreek deur middel van die praxis-siklus as metodologie.

Soos vroeër genoem, verwys die Suid-Afrikaanse openbare hoërspnderwysomgewing wat teologiese opleiding bied in hierdie studie na verskeie universiteite in Suid-Afrika en fokus die studie spesifiek op voltydse studies wat nie aanlyn is nie.

Die studente wat by hierdie instellings in verskeie Christelike teologiese velde studeer verwys spesifieke na studente wat direk nadat hulle matrikuleer het verdere opleiding binne die Christelike teologiese veld by universiteite studeer. Demografies verwys dit verder na studente van enige etnisiteit, ras, kultuur, nasionaliteit en geslag is, wat deel van die Christelike geloof vorm en as Christen identifiseer, weens die feit dat Christelike

teologie as vakgebied en die studente wat dit studeer hier ondersoek word. Die doel is om ’n literatuurondersoek te doen om te bepaal hoe die religieuse identiteitskonstruksie van Christelike teologie studente beïnvloed word deur die gegewe omgewing.

## 1.4 PROBLEEMSTELLING, NAVORSINGSVRAAG EN SUBVRAE

Die konteks waarbinne studente hulleself bevind en hulle geleefde ervaringe het ’n direkte invloed op hulle identiteitsontwikkeling (Sugimura & Shimizu, 2010:25-26). Die klimaat waarbinne teologie studente wat voltyds aan ’n openbare hoëronderwysinstellings studeer hulself bevind kan bevorderlik of stremmend inwerk op hulle religieuse identiteitskonstruksie. Die klimaat verwys na dit waaraan ’n student blootstelling kry en wat ’n invloed op studente se denkraamwerke, besluite, gedrag en vryheid van assosiasie het (Sugimura & Shimizu, 2010:25-26). Studente se siening van Christelike identiteit beïnvloed hulle siening van hulle algehele persoonlike identiteit.

Die kultuur en klimaat van hoër onderwys kan ’n merkwaardige invloed op die koers van studente se lewe hê. Die perspektiewe wat praktiese teologie op identiteitskonstruksie bied is van belang vir ’n dieper verstaan van die religieuse identiteitskonstruksie van Christelike teologie studente. Dit kan ’n bydrae te lewer tot die visualisering van ’n klimaat wat bevorderlik kan wees vir Christelike identiteitskonstruksie.

Die studie vra die volgende navorsingsvraag: Watter perspektiewe bied ’n praktiese-teologiese ondersoek vir die verstaan van religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente en die kultuur wat in ’n Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwyskonteks bevorderlik kan wees vir Christelike identiteitskonstruksie?

Die sekondêre navorsingsvrae wat hierdie studie vra, is as volg:

1) Hoe word die samestelling van die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing beskryf aan die hand van die uitdagings en geleenthede wat dit vir Christelike teologie studente se religieuse identiteitskonstruksie bied?
2) Wat is religieuse identiteitskonstruksie en wat kan bevorderlik en stremmend daarop inwerk binne die konteks van Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing?

3) Watter insigte bied 'n teologiese antropologiese perspektief, in besonder die van David Kelsey, op die religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente?
4) Watter kultuur sal bevorderlik wees vir die religieuse identiteitskonstruksie van Christelike teologie studente wat voltyds by Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings studeer?

## 1.5 NAVORSINGSDOEL EN DOELWITTE

### 1.5.1 Navorsingsdoel

Die doel van hierdie navorsingstudie is:

Om prakties-teologiese perspektiewe te bied vir die verstaan van religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente en die bevordering daarvan aan Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings.

### 1.5.2 Navorsingsdoelwitte

Die doelwitte van hierdie studie is:

1) Om die samestelling van die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing te beskryf aan die hand van die uitdagings en geleenthede wat dit vir Christelike teologie studente se religieuse identiteitskonstruksie bied.
2) Om uit geraadpleegde bronne aan te dui wat religieuse identiteitskonstruksie is en hoe dit in die konteks van Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys bevorder of gerem kan word.
3) Om moontlike bydraes wat ŉ teologiese antropologiese perspektief bied te artikuleer, in besonder die van David Kelsey, op die religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente kan bydra.
4) Om kulture te identifiseer wat moontlik bevorderlik kan wees vir die religieuse identiteitskonstruksie van Christelike teologie studente wat voltyds by ŉ Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings studeer.

## 1.6 SENTRAAL-TEORETIESE ARGUMENT

Die sentraal-teoretiese argument van hierdie studie is soos volg:

ŉ Prakties-teologiese ondersoek kan moontlike perspektiewe bied op religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente en die bevordering daarvan in Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys.

## 1.7 NAVORSINGMETODOLOGIE

ŉ Literatuurstudie word vir die doeleindes van hierdie prakties-teologiese studie onderneem. Konseptuele inligting wat reeds in literatuur bestaan, word ontgin. Die literatuur wat ondersoek word handel oor die onderwerpveld, naamlik religieuse identiteitsvraagstuk in openbare hoëronderwysomgewings vir Christelike teologie studente binne die Suid-Afrikaanse konteks. Die geloofspraxis wat met religieuse identiteitskonstruksie verbind kan word, word in die studie ondersoek wat die studie in die wetenskapsveld van praktiese teologie plaas. Geloofspraxis verwys volgens Louw (2014:51) na die "the intentional and meaning dimension of actions and being functions".

Daar bestaan verskeie metodologieë in praktiese teologie soos byvoorbeeld dié van Browning (1991), Heitink (1999) en Osmer (2008). Browning se praktyk–teorie–praktyk model word geskoei op die idees van filosowe soos Aristoteles, Gadamer en Habermas. Hy ontwikkel ŉ model met vier bewegings, naamlik omskrywende teologie, historiese teologie, sistematiese teologie, en strategiese praktiese teologie (Browning 1991). Osmer het op hierdie model voortgebou en vier take voorgestel, naamlik die omskrywend-empiriese taak, die interpretatiewe taak, die normatiewe taak en die pragmatiese taak (Osmer 2008:viii). Heitink (1999) beklemtoon die empiriese en hermeneutiese aard van praktiese teologie. Die aard van prakties-teologiese navorsing is volgens hom hermeneuties, terwyl hy voorkeur gee aan ŉ empiriese ontwerp (Heitink 1999:266). Hierdie projek gaan egter nie ŉ empiriese studie insluit nie, alhoewel religieuse identiteitskonstruksie van teologie studente wel in ŉ bepaalde konteks van openbare hoër onderwys in Suid-Afrika geplaas gaan word. In hierdie prakties-teologiese studie word ŉ kritiese dialoog tussen teologiese teorie van die Christelike tradisie en die konteks van die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing bewerk. Dreyer (2014:513) stel die

ontwikkeling van ’n identiteit wat eie is aan die konteks van Suid-Afrika as een van die uitdagings vir praktiese teologie in Suid-Afrika. Hy reken dat praktiese teologie in Suid-Afrika dikwels te afhanklik is van die beoefening daarvan in die noordelike hemisfeer. Hierdie studie mik juis na ’n inheemse aanpak van die navorsingsonderwerp, deur gebruik te maak van ’n Suid-Afrikaanse teoloog se benadering tot ’n pastorale siklus metodologie.

Die metodologie van die pastorale siklus en spesifiek Kritzinger (2002:144-172) se benadering daartoe spreek tot die Suid-Afrikaanse konteks. Die onderwerpveld van religieuse identiteitskonstruksie binne ’n openbare hoëronderwysomgewing in die Suid-Afrikaanse konteks word op teologie studente toegespits. Die ontstaan van hierdie aangepaste pastorale siklus wat Kritzinger voort gebring het, het ten doel om grondslae vir ’n groep toegewyde mense wat saam wil bid, dink en werklik ’n verskil in die gemeenskap wil maak, as benadering te bied (Kritzinger, 2002:149-150). Die spanningsveld wat ontstaan rondom die proses van religieuse identiteitsontwikkeling tussen behoort en openheid is van die belangrike uitdagings waarmee ’n teologie student gekonfronteer kan word. Dit is juis Kritzinger (2002:144-172) wat hierdie spanningsveld uitlig in sy toeligting van die pastorale siklus as metodologie. Daarmee saam gee Kritzinger (2002:144-172) ook erkenning aan die belangrike aspek van spiritualiteit binne die pastorale siklus. Kritzinger verwys na spiritualiteit as die diepste geheim van ons menslike missie. Dit is die hoeksteun wat die Christelike missie onderskei van propaganda, bemarking of advertering (Kritzinger, 2022:168). Spiritualiteit word o.a. beoefen deur persoonlike en gemeenskaplike Bybelstudie, asook deur intreding as gebedsfokus (Kritzinger, 2002:169).

Spiritualiteit is ’n belangrike aspek van hierdie studie weens die fokus van die ondersoek wat op religieuse identiteitskonstruksie by teologie studente val. Die reeds bestaande navorsing in praktiese teologie maar ook sosiale wetenskappe, sielkunde en antropologie gaan gebruik word om daardeur ’n interdissiplinêre gesprek vanuit die navorsing wat reeds gedoen is, voort te bring. Die eerste hoofstuk handel oor die agtergrond van hierdie studie. Die belangrikheid van die klimaat van die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing vir ’n Christelike teologie student gaan ondersoek word en die bevindinge gaan in hoofstuk twee weergegee word. Daarna gaan religieuse identiteitskonstruksie in hoofstuk drie bespreek word. Die teologiese antropologiese perspektief rakende religieuse identiteitskonstruksie gaan verken en bespreek word in

hoofstuk vier. In besonder sal David Kelsey se teologiese antropologie en teosentriese verstaan van menswaardigheid bespreek word as deel van hierdie hoofstuk. Hoofstuk vyf gaan bestaan uit die bespreking van ŉ bevorderlike omgewing vir religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente. Laastens word die gevolgtrekkings van die studie en aanbevelings vir verdere navorsing in hoofstuk ses aangebied.

Die navorsingsverslag word aan die hand van die volgende struktuur aangebied:

- Hoofstuk 1: Inleiding
- Hoofstuk 2: Christelike teologie studente in Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwys: Geleenthede en uitdagings
- Hoofstuk 3: Religieuse identiteitskonstruksie
- Hoofstuk 4: Teologiese antropologiese perspektief op religieuse identiteitskonstruksie
- Hoofstuk 5: Bevorderlike omgewing vir Christelike religieuse identiteitskonstruksie in Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing
- Hoofstuk 6: Gevolgtrekking

## 1.8 ETIESE OORWEGINGS

Hierdie studie sluit geen empiriese komponent in waar menslike deelnemers impliseer word nie. Hierdie studie se etiese risiko word as laag geklassifiseer word aangesien die studie oor hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika handel.

## 1.9 SKEMATIESE VOORSTELLING

| **Navorsingsvrae** | **Doelwitte** | **Metodologie** |
|---|---|---|
| Hoe word die samestelling van die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing | Om die samestelling van die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing te beskryf aan die hand van die uitdagings en geleenthede wat dit vir Christelike teologie | Die praxis siklus word as prakties-teologiese metodologie gebruik om literatuur rakende die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing |

| | | |
|---|---|---|
| beskryf aan die hand van die uitdagings en geleenthede wat dit vir Christelike teologie studente se religieuse identiteitskonstruksie bied? | studente se religieuse identiteitskonstruksie bied. | te ondersoek om geleenthede en uitdagings te identifiseer. |
| Wat is religieuse identiteitskonstruksie en wat kan bevorderlik en stremmend daarop inwerk in die konteks van Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing? | Om uit geraadpleegde bronne aan te dui wat religieuse identiteitskonstruksie is en hoe dit in die konteks van Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys bevorder of gerem kan word. | Teologiese konsepte wat betrekking het op identiteitskonstruksie word deur middel van ’n literatuurstudie identifiseer en beskryf asook wat bevorderlik en stremmend daarop kan inwerk. |
| Watter insigte bied 'n teologiese antropologiese perspektief, in besonder die van David Kelsey, op die religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente? | Om moontlike bydraes wat ’n teologiese antropologiese perspektief bied te artikuleer, in besonder die van David Kelsey, op die religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente kan bydra. | Literatuur gaan ondersoek word wat ’n interdissiplinêre gesprek tussen die veld van praktiese teologie en teologiese antropologie fasiliteer. |
| Watter kultuur sal bevorderlik wees vir die religieuse identiteitskonstruksie van Christelike teologie studente wat voltyds by ’n Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings studeer? | Om kulture te identifiseer wat moontlik bevorderlik kan wees vir die religieuse identiteitskonstruksie van Christelike teologie studente wat voltyds by ’n Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings studeer. | Interdissiplinêre studie van literatuur wat toegespits is op kultuur binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys. |

# HOOFSTUK 2

# CHRISTELIKE TEOLOGIE STUDENTE IN SUID-AFRIKAANSE OPENBARE HOëRONDERWYS: GELEENTHEDE EN UITDAGINGS

## 2.1 INLEIDING

Suid-Afrika word beskou as ŉ hoogs religieuse land (Nell, 2016:1). Die rede waarom hierdie stelling gemaak word, is dat tussen 85% en 94.1% van die Suid-Afrikaanse populasie geloof as ŉ bepalende en belangrike aspek van hulle daaglikse lewens beskou (Nell, 2016:1). Daar is ook in nuwer statistiese bevindinge oor geloof in Suid-Afrika nagevors waar dit blyk dat die statistiek wat in 2016 deur Nell (2016:1) vasgevang is, nie veel verander het oor die laaste paar jaar nie. Volgens die South Africa Religion Factbook (2021) word daar statisties beskryf dat 86% van die Suid-Afrikaanse populasie wat hulself as Christene klassifiseer. Wanneer daar statisties na die Suid-Afrikaanse omgewing gekyk word met betrekking tot die land se religieuse beskouing, blyk dit dat geloof ŉ integrale deel van die bestaan van die meerderheid van Suid-Afrikaners is. In hierdie studie word die spektrum vernou deur te fokus op Christelike teologie studente binne die openbare hoëronderwysomgewing.

In hierdie hoofstuk word die volgende navorsingsvraag gestel: *Hoe word die samestelling van die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing beskryf aan die hand van die uitdagings en geleenthede wat dit vir Christelike teologie studente se religieuse identiteitskonstruksie bied?* Met die bogenoemde navorsingsvraag as agtergrond vir hierdie hoofstuk word die volgende navorsingsdoelwit hier gestel: *Om die samestelling van die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing te beskryf aan die hand van die uitdagings en geleenthede wat dit vir Christelike teologie studente se religieuse identiteitskonstruksie bied.*

Die konteks van Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing gaan ondersoek word om die uitdagings, maar ook die geleenthede wat in hierdie omgewing voorkom, te identifiseer. Die religieuse identiteit van ŉ student in hierdie omgewing word gevorm in reaksie op die uitdagings en ook die geleenthede wat voorkom. Daarom word daar nie alleenlik op die student as geheel gefokus nie maar ook op die religieuse identiteit van Christelike teologie studente ten opsigte van die uitdagings en geleenthede wat in die

Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys voorkom. Christelike teologie studente binne die openbare hoëronderwysomgewing word daarom verder in hierdie hoofstuk uiteengesit binne ŉ analise om ŉ geheelbeeld van die konteks sowel as Christelike teologie studente te skep. Hierdie gegewe spesifieke groep studente wat as fokus vir hierdie studie dien, verwys na spiritualiteit as ŉ integrale deel van hulle wêreldbeskouing.

Hierdie uitdagings en geleenthede is relevante kwessies wat direkte verband hou met Christelike teologie studente. Die kwessies wat hier verband hou word deur die lens van teologiese antropologie aangespreek en bestudeer. Die perspektiewe wat sistematiese teologie, waarvan teologiese antropologie deel vorm, verkry word, bied insigte wat van waarde vir hierdie studie kan wees. Die praktiese toepassing wat David Kelsey in sy teologiese antropologie voorstel, sluit aan by die prakties teologiese aard van hierdie studie.

Binne die hoëronderwysomgewing wat as konteks van hierdie studie uiteengesit is, moet dit aan die hand van globalisering verduidelik word. Veral hoe hierdie gegewe omgewing globaliseringselemente na die tafel toe bring. Altbach (2004:3) verwys na globalisering as die breër ekonomiese, tegnologiese en wetenskaplike tendense wat direkte verband hou met die hoëronderwysomgewing. Globalisering word gedefinieer as die uitgebreide netwerk van ekonomiese, kulturele, sosiale en politiese interaksies en prosesse wat verder as nasionale grense strek (Yalcin, 2018:1) Daar word ook verder voorgestel dat globalisering soveel meer is as die feit dat universiteite studente van reg oor die wêreld ontvang.

Daar is verskeie elemente wat op ŉ globale vlak ŉ invloed op die hoëronderwysomgewing het. Die spoed en wyse waarop informasie tegnologie in verskeie maniere manifesteer en die wyse waarop akademiese inligting beskikbaar gestel en publiseer word, beïnvloed die hoëronderwysomgewing (Altbach, 2004:3). Die ekonomiese implikasies van globalisering beïnvloed studente finansieel. Die ekonomiese invloed wat globalisering op die hoëronderwysomgewing uitoefen is grootliks die finansiële impak. Dit stel voor dat die waarde van geld oor tyd heen waarde verminder wat die lewenskostes vermeerder en so word die universiteitskostes meer. Daarom kry universiteite meer internasionale studente. Dit stel voor dat studente by universiteite aansoek doen waar dit meer bekostigbaar is en wat in verskeie gevalle meer bekostigbaar is, is universiteite in ander lande. So verkry

universiteite studente van reg oor die wêreld omdat dit finansieel meer bekombaar om verder te studeer.

Globalisering daag mense uit om hulself te posisioneer binne die konteks van pluraliteit. Dit stel die verband tussen globalisering en pluraliteit voor omdat globalisering verwys na die globale invloed binne 'n gegewe konteks en pluraliteit wat handel oor die verskeidenheid wat weens globalisering binne 'n gegewe konteks voorkom, veral die verwysing na sosiale interaksies (Yalcin, 2018:1; Yumatle, 2015:1-2) Christelike teologie studente kan ook gekonfronteer word met 'n vraag: hoe lyk die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwysomgewing en watter uitdagings en geleenthede bied dit vir Christelike teologie studente se religieuse identiteitskonstruksie? Om 'n respons op die bogenoemde vraag saam te stel vanuit 'n prakties-teologiese perspektief is dit belangrik om bestaande relevante literatuur te ondersoek. In hierdie hoofstuk word 'n kontekstuele analise en 'n beskrywing gegee van die realiteite binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing. Hierdie hoofstuk word deur die eerste twee punte van die praxis siklus gerig om ondersoek in te stel na die uitdagings en geleenthede binne hierdie gegewe konteks (Kritzinger, 2002:152-159). Die twee punte handel oor die konteks analise, waarvan sosiale-analise deel vorm en teologiese refleksie. Kritzinger se praxis siklus het 'n holistiese en integrale komponent wat die gebruik van hierdie metodologie toepaslik maak vir hierdie studie.

Die sosiale-analise ondersoek die sosiale aspekte van Christelike teologiese studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys omgewing. Hierdie ondersoek beoog om die sosiale konteks van die gegewe groep studente beter te verstaan, om sodoende die integrale en holistiese benadering van religieuse identiteitskonstruksie met die verskeie invloede daarop te ondersoek. Teologiese refleksie wat hier ondersoek word vra die vraag, "Wie is Jesus vir ons vandag?" Die ondersoek van die invloede op die gegewe studente groep kan bydra tot die verstaan van hulle teologiese siening en benadering. Kritzinger (2002:162) verduidelik ook dat konteks-analise 'n inherente noodsaaklikheid is en nie 'n nagedagte is tydens die toepassing nie. Hierdie hoofstuk wil vanuit 'n prakties teologiese ondersoek 'n beskrywende en sosiaal-analitiese perspektief aan op die Suid-Afrikaanse konteks van openbare hoër onderwys aanbied.

## 2.2 ANALISE VAN CHRISTELIKE TEOLOGIE STUDENTE BINNE DIE SUID-AFRIKAANSE OPENBARE HOËRONDERWYSOMGEWING

Wanneer die teikengroep vir hierdie studie ondersoek word, is dit belangrik om verskeie demografiese inligting in ag te neem. Dit handel oor studente wat hulself in die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing bevind wat voltyds deel van ŉ universiteit se teologie departement vorm. Dit gaan verder om die groep studente te vernou na die wat deel is van die Christelike religieuse tradisie wat Christelike teologie studeer. Soos voorheen genoem is daar verskeie universiteite waar verskeie Christelike teologiese rigtings by universiteite studeer kan word. Ter herinnering is die universiteite wat deel van die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing vorm die Universiteit van Pretoria, Universiteit van KwaZulu-Natal, Universiteit van Kaapstad, Stellenbosch Universiteit, Universiteit van die Wes-Kaap, Universiteit van die Vrystaat, Universiteit van Johannesburg en die Noordwes-Universiteit.

Wanneer studente ŉ bepaalde teologiese studieveld betree om verder te studeer, word daar ŉ bepaalde grondslag aan hierdie studente geleer sodat die werksmag binne Christelike teologiese arenas van beroepe betree kan word. Hier vereis dit ŉ gegewe bewustheid van religieuse identiteit. Daarom stel dit verder die belangrikheid vir Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings om religieuse identiteitskonstruksie onder Christelike teologie studente te ondersoek en die bewustheid daarvan genoegsaam te bewerkstellig.

Die studente wat direk nadat hulle matrikuleer het ŉ Christelike teologiese studieveld betree wat voltyds in ŉ Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing studeer, word as agtergrond vir hierdie studie gebruik. Verskeie aspekte van hierdie studente moet oorweeg word om ŉ beter verstaan van hierdie studente se agtergrond te verkry. Dit sluit hierdie studente se ras, geslag en ouderdom in.

Binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing is daar volgens die Higher Education and Skills in South Africa Report (2017:34-35) gestel dat daar vanuit alle studente wat ingeskryf is by Suid-Afrikaanse universiteite 0.9% (ongeveer 3 599) mans en 0.5% (ongeveer 2 965) vroulike studente is, wat in die velde van geloof, teologie en filosofie studeer. Vanuit die Higher Education and Skills Report (HESR) (2017:35) is daar bevind dat geloof en teologiese studies in die mindere val wanneer dit oorweeg word teenoor ander studierigtings. Dit is vir vroulike sowel as manlike studente aangedui. Alhoewel daar bevind is dat die meerderheid studente binne die geloof, teologie en filosofie velde vanuit meer manstudente as vrouestudente bestaan.

Die verskeie rasgroepe wat in die velde van geloof, teologie en filosofie binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing by universiteite studeer word soos volg statisties voorgestel; 52.1% - Swart Suid-Afrikaners; 13.6% - Kleurlinge; 3.8% - Indiër/Asiese rassegroep en 30.5% - Blanke Suid-Afrikaners (HESR, 2017:37). Hier word daar gestel dat hierdie statistieke oor tyd heen heelwat verander het. In ouer statistieke was daar meerderheid blanke/wit Suid-Afrikaners gewees wat in die veld van geloof, teologie en filosofie studeer het. Swart Suid-Afrikaners het in die bogenoemde studievelde grootliks toegeneem. Vanuit hierdie statistieke kan daar gesien word dat die meerderheid van studente deel van die Swart Suid-Afrikaanse bevolkingsgroep uitmaak.

Die ouderdom van hierdie gegewe teologiese studente wat as agtergrond van hierdie studie ondersoek word, is gestel as studente wat direk nadat hulle matrikuleer het in ŉ openbare hoëronderwysomgewing by ŉ universiteit in Suid-Afrika studeer. Alhoewel dit nie noodwendig bepaal dat alle studente op die ouderdom van 18 jaar matrikuleer nie, word daar gestel dat hierdie studente tussen die ouderdom van 17 jaar en 23 jaar oud is. Statisties gesproke is daar nie ŉ duidelike bevinding van studente se ouderdom nie, juis omdat dit so verskil. Daarom is die ouderdom van studente vir hierdie studie ietwat saamgestel tussen die ouderdom van 17 jaar en 23 jaar.

Die analise van teologie studente vir hierdie studie is verder vernou deur ŉ meer volledige prentjie van die studente te skep. Die diversiteit van Christelike teologie studente is deur hierdie statistieke ook uitgelig. Dit is gedoen om duidelikheid aan die gegewe en tipe studente van die studie te bied.

## 2.3 DIE PLURALE RUIMTE

Die konsep van die plurale wêreld verwys na die verskeidenheid wat binne ŉ gegewe konteks voorkom. Teen die agtergrond van hierdie studie word daar gekyk na die verskillende geleenthede en uitdagings wat binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing voorkom. Die feit dat die meerderheid Suid-Afrikaners hulself as Christene klassifiseer beteken nie dat elke persoon se religieuse identiteit dieselfde is nie. Daarom kan dit beweer word dat daar ŉ plurale religieuse identiteit in die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing onder teologie studente voorkom.

Relatiwistiese pluralisme is toegespits op die verskynsel dat alle gelowe dieselfde is, soos ŉ boom met dieselfde wortels waaruit verskillende takke groei (Dreyer *et al.*, 2002:167). Dit stel dan voor dat die verlossingswerk van God verskillende vorme in verskillende

kulture en historiese periodes aanneem. Alle vorme van verlossing is die werk van God met betrekking tot die uitgangspunte van hierdie plurale benadering tot geloof. Die probleem wat Dreyer *et al.* (2002:167) stel, is dat die verskille tussen gelowe gerelativeer word. Aangesien ons binne ŉ plurale wêreld leef waarvan die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing deel vorm, is daar verskeie uitdagings wat met pluralisme gepaard gaan.

Die wyse waarop mense hul religieuse identiteit uitdruk, verskil van persoon tot persoon. Dit is eie en uniek aan verskillende gelowe maar so ook aan mense, omdat elke mens uniek en eiesoortig is rondom die wyse waarop daar gekies word hoe hulle hul religieuse identiteit beoefen en dit wat tot ŉ uitdrukking daarvan lei (Cosgel & Minkler, 2004:1; Keddie, 2014:81). Die wyse waarop ŉ openbare hoëronderwysstudent binne die Suid-Afrikaanse konteks die keuse beoefen om hulle geloof op ŉ bepaalde manier uit te druk, is die somtotaal van verkeie faktore wat ŉ rol speel. Dit is toegespits op die verskeidenheid keuses rondom religieuse uitdrukkings waaraan ŉ student bloot gestel word en hoe die student daardie inligting verwerk (Cosgel & Minkler, 2004:1). Dit lei verder na die student wat ŉ bepaalde keuse beoefen om hul religieuse identiteit op hulle persoonlike unieke wyse uit te druk (Cosgel & Minkler, 2004:1; Keddie, 2014:81).

Dreyer *et al.* (2002:166) vermeld verskeie modelle wat ŉ breë tipologiese raamwerk verskaf waarin meeste Christelike teologieë geplaas kan word. Die een raamwerk is toegespits op eksklusivisme met betrekking tot die feit dat mens alleenlik gered kan word deur Jesus Christus. Die volgende model verwys na inklusiwiteit wat toegespits is op die aanvaarding van ander gelowe. Alhoewel dit steeds gegrond is op die genade van God, word daar geglo dat God se genade ook in ander gelowe voorkom. Hierdie model word beskou as die saad vir al die ander gelowe (Dreyer *et al*., 2002:166-167). Pluralisme is toegespits op die gedeeltelike kennis van God wat in alle ander gelowe voorkom. Binne hierdie model word daar gestel dat religieuse waarhede nie kulturele verwantskappe kan ontsnap nie (Dreyer *et al*., 2002:166-167).

Die wyse waarop ŉ spesifieke kulturele gemeenskap die lewe beskou en sy manier van dink word gesien en ook gedefinieer as ŉ kulturele groep (Yilmaz, 2016:5). Yilmaz (2016:5) vermeld verder dat verskeie kulturele groepe wel ŉ invloed op mekaar het. Die wyse waarop verskillende kulture hulle religieuse identiteit ontwikkel, beoefen en uitleef, bied die blootstelling waar mense van ander kulture beïnvloed kan word rondom die wyse

waarop hulle dink maar terselfdertyd ook met betrekking tot hoe ŉ mens kies om jou religieuse identiteit uit te druk (Yilmaz, 2016:5). Wanneer daar na die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing gekyk word, blyk dit dat dit ŉ multikulturele omgewing is, omdat dit universiteit studente vanuit verskeie dele van die land met verskillende persoonlike en kulturele agtergronde huisves. Daarom is dit belangrik om hierdie konsep in ag te neem wanneer die religieuse identiteit van studente binne ŉ Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing ondersoek word.

## 2.4 DIE SUID-AFRIKAANSE OPENBARE HOËRONDERWYSOMGEWING

Die klimaat van die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing wat toepaslik is vir hierdie studie is reeds in hoofstuk 1 na verwys. Die hoëronderwysomgewing verwys ook verder na alle instansies wat teologiese fakulteite het waar verskillende teologiese studierigtings bestudeer word. Dit sluit instansies, universiteite en instellings in waar studierigtings wat onderder teologie val bestudeer kan word. Hetsy dit kampusverband of deeltydse studies is, die klem lê op Christelike teologie waar Bybelse grondslae verder studeer kan word. Die aard van hierdie studie verwys na Christelike Bybelse beginsels wat oorgedra en bestudeer word by verskeie instansies.

Dit is belangrik om opnuut in hierdie hoofstuk hierop klem te lê omdat die uitdagings en geleenthede ŉ bepalende rol speel vir Christelike teologie studente en hul religieuse identiteitskonstruksie in ŉ Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing. Die omgewing is toegespits op die feit dat daar nie alleenlik op ŉ gesamentlike doel wat oor verskeie studievelde strek, gefokus word nie, maar eerder per studieveld doelwitte gestel word wat verband hou met ŉ spesifieke beroep (Kiesling, e*t al*., 2006:1270).

Hierdie studie fokus op die Christelike teologiese studente, alhoewel daar steeds interaksie tussen studente voorkom vanuit verskillende kulture, gelowe, agtergronde en studievelde. Studente wat reeds matrikuleer het en wat aan die nodige keuringsvereistes voldoen om teologie by ŉ instansie, universiteit of instelling in enige teologiese rigting te bestudeer is die fokus van hierdie studie. Verder verwys die teikengroep na studente wat of deeltyds of voltyds studeer, en na studente wat besig is met of voorgraads- of nagraadse studies. Dit sluit jong en ouer studente in wat voorheen ander rigtings bestudeer het, asook studente wat teologie as hulle eerste veld bestudeer. Die studie is

vernou en beperk tot studente wat verbonde aan ŉ kampus is. Daarmee word bedoel dat hierdie studie geen aanlyn studente in ag neem nie weens die feit dat fisiese interaksie met verskeie studente en instellings, instansies of universiteite insluit. Die rede daarvoor is omdat die studie fokus op verskeie komponente van instellings wat weens fisiese interaksies invloede op studente uitoefen. ŉ Studente gemeenskap waar instellings verskeie programme, komitees en projekte het waarby studente die geleentheid gebied word om daarvan deel te vorm, in interaksie met ander studente van verskillende demografie en wêreldbeskouings in kontak te tree, is die fokus.

In so ŉ pluralistiese klimaat waarbinne ŉ Christelike teologie student hulself binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwys bevind, beïnvloed studente mekaar weens die rol van ŉ veranderende omgewing (Kiesling, *et al*., 2006:1270). Die sistematiese aard van teologiese antropologie vanuit David Kelsey se benadering bied insigte tot menswaardigheid, menslike florering, die beeld van God, die mens se verhouding met God en ook die mens se verhouding met ander mense, wat belangrike uitgangspunte vir die klimaat van hierdie studie bied. Weens die aard van teologiese antropologie wat fokus op die studie van ŉ mens vanuit ŉ teologiese perspektief bied dit ŉ gegewe benadering wanneer daar na die geleenthede en uitdagings vir Christelike teologiese studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwys omgewing verwys word. Die teologiese antropologiese benadering wat verder in hoofstuk vier hanteer word handel oor die belangrikheid van hierdie perspektiewe wat die geleenthede en uitdagings en die wyse hoe ŉ mens dit hanteer en bestudeer aanspreek en beskryf.

David Kelsey se teologiese antropologie word as lens gebruik waardeur die geleenthede en uitdagings bestudeer en benader word. Wanneer daar genoegsame kennis rakende die uitdagings en geleenthede binne die klimaat van hierdie studie verkry is, bied teologiese antropologie ŉ lens waardeur die wese van die mens ondersoek kan word. Ten spyte van die geleenthede en uitdagings wat vir studente in die konteks van hierdie studie voorkom, blyk dit belangrik om perspektief te behou of te verkry rakende verskeie faktore van ŉ mens. Dit is juis waar teologiese antropologie ingespan word, sodat die nodige perspektiewe van ŉ mens beter verstaan kan word. Daardeur kan religieuse identiteitskonstruksie en die verskeie invloede wat voorkom bestudeer word. Hierdie teologies antropologiese perspektiewe wat bydra tot die verklaring van religieuse identiteitskonstruksie word duideliker en verder in hoofstuk vier verklaar. Voordat die

teologiese antropologiese sistematiese perspektief bespreek word, is dit belangrik om kennis te dra en insig te verkry van die klimaat waarbinne hierdie studie gesentreer is. Hier word daar gestel dat teologiese antropologie, wat handel oor die kennis van ŉ mens, kennis en perspektiewe bied oor die mens. Wanneer ŉ mens antropologies verstaan word, kan die uitdagings en geleenthede wat in hierdie hoofstuk identifiseer is, deur ŉ gegewe lens bestudeer word. Dit het begrip van die mens in ŉ gegewe klimaat en die uitdagings en geleenthede wat daarin voorkom wat religieuse identiteitskonstruksie vir Christelike teologie studente beïnvloed, ten doel.

Die uitdagings en geleenthede gaan teen die agtergrond van die klimaat van hierdie spesifieke omgewing ondersoek word.

## 2.5 UITDAGINGS BINNE DIE SUID-AFRIKAANSE OPENBARE HOËRONDERWYSOMGEWING

Wanneer daar na uitdagings gekyk word binne hierdie gegewe klimaat van ŉ openbare hoëronderwysomgewing in die Suid-Afrikaanse konteks is daar verskeie faktore wat ŉ rol speel. Hierdie faktore binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing word ondersoek om ŉ dieper begrip van die klimaat met betrekking tot religieuse identiteitskonstruksie te bewerkstellig. In die post-moderne wêreld waarin mense vandag leef, is daar verskeie uitdagings wat bydra tot die vorming van hulle religieuse identiteit. Hierdie uitdagings is religieuse diversiteit, ŉ multi-religieuse wêreld en die eksklusiwiteit van religieuse eise, asook pluralisme binne ŉ Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing en die spanning teenoor verandering en stabiliteit. Wanneer ŉ persoon se houding en reaksie teenoor ander religieuse praktyke en die uitdrukking van ander religieuse oriëntasies bygevoeg is, word dit ook as uitdagings beskou. Volgens Dreyer *et al.* (2002:158-160) is daar onder die jeug verskeie uitdagings rondom ŉ mens se identiteitskonstruksie in die Suid-Afrikaanse konteks.

### 2.5.1 Religieuse diversiteit en pluralisme

Lin *et al.* (2022:1-2) verduidelik dat religieuse diversiteit verwys daarna dat twee of meer duidelik gedefinieerde gelowe gelyktydig binne ŉ streek of gemeenskap bestaan.

Pluralisme glo, aan die ander kant, dat nie een geloof ’n unieke benadering tot religieuse waarheid het nie en dat alle gelowe respekteer, verdra en vreedsaam behoort te leef (Lin *et al.*, 2022:1-2). Wanneer die konsepte van religieuse diversiteit en pluralisme saam gevoeg word bring dit ’n bepaalde dinamiek na die tafel toe. Weens die globale golf van migrasie, verbeterde vervoer infrastrukture en die verspreiding van internet kommunikasie tegnologie lei dit dat streke of areas wat voorheen een geloof beoefen het, nou blootstelling kry van ’n groot verskeidenheid van ander gelowe. Dit bring globale integrasie voor wat verder interkonneksie van godsdienste, intergodsdienstige bande en interaksies, soos konflik, kommunikasie, kompetisie en samewerking voortbring wat ’n groeiende impak op die wêreld het. (Lin *et al.*, 2022:1-2).

Wanneer religieuse diversiteit deur die lens van pluralisme binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing bespreek word, blyk dit soos wat Lin *et al.* (2022:2) vermeld, dat die blootstelling aan religieuse diversiteit binne ’n plurale wêreld weens tegnologiese ontwikkeling radikaal optel en vermeerder. Die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing is weens globalisering ’n plek waar studente aan religieuse diversiteit deur die lens van pluralisme blootstelling ontvang.

Die rede waarom religieuse diversiteit aan die hand van globalisering as ’n uitdaging beskou word, vermeld Golebiewski (2014:1-2), is die feit dat daar potensiaal vir konflik is. Dit kan verskillende tipes konflik voortbring soos interpersoonlike konflik en intrapersoonlike konflik wat handel oor die interne konflik wat ’n persoon in hulself ervaar of konflik met en teenoor ander persone of groepe. Die tradisionele sekulariseringsteorie stel voor dat blootstelling aan religieuse diversiteit in ’n gegewe area of streek religieuse deelname verminder (Lin *et al.*, 2022:2). So ook individue wat aan verskeie gelowe bloot gestel word, sal waarskynlik in hulle toewyding aan een bepaalde religieuse oortuiging of tradisie, verswak weens die blootstelling aan religieuse diversiteit (Lin *et al.*, 2022:2). Hierdie religieuse diverse omgewing van die Suid-Afrikaanse openbarehoëronderwysomgewing kan volgens die tradisionele sekulariseringsteorie tot inter- en intra persoonlike konflik lei.

Religieuse diversiteit kan ook as pluralisme verwoord word maar verwys per definisie na die verskeidenheid van geloofsperspektiewe (Basinger, 2020). Alhoewel daar steeds kleiner verskille in hierdie twee konsepte voorkom. Die idee is dat daar mense is wat soekend is en wat toegang tot dieselfde religieuse inligting het, maar daar is ook steeds

diegene wat verskillende perspektiewe onder een geloofstelsel het. Religieuse diversiteit verwys nie alleenlik na die verskeidenheid van gelowe nie maar ook na die meningsverskille en perspektiefverskille wat binne 'n bepaalde religieuse groep voorkom (Basinger, 2020; Prinsloo & Huysamen, 2018:27).

Religieuse verskille en oortuigings word as 'n struikelblok vir sosiale integrasie beskou wat die potensiaal vir konflik voortsit (Lin *et al.*, 2022:15). Die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing bring religieuse diversiteit voor weens die konteks van hierdie omgewing. Verskeie gelowe en geloofsoriëntasies bring religieuse differensiasie na vore wat 'n broeigrond vir potensiële konflik voortbring (Lin *et al.*, 2022:4). Religieuse differensiasie verwys andersins na die diverse geloofspektrum wat globaal sowel as binne die openbare hoëronderwysomgewing voorkom.

Binne die openbare hoëronderwysomgewing in die Suid-Afrikaanse konteks kom verskeie gelowe soos Christenskap; Islam; Tradisionele Afrika-godsdiens; Hindoeïsme; Boeddhisme; Bahaïsme; Judaïsme; Ateïsme en Agnostisisme voor. Die blote feit dat 'n openbare hoëronderwysomgewing nie net verteenwoordigend is van een geografiese plek waar hierdie tersiêre instansie geleë is nie maar dat die studente van so 'n instansie verteenwoordigend is van gelowe wat verder as provinsiale grense strek, is 'n bron vir potensiële konflik. 'n Tekort aan religieuse oriëntasie kan ook 'n realiteit vir studente wees wat kan lei tot voorafopgestelde idees wat as stereotiperend gekenmerk kan word met betrekking tot ander gelowe en gelowige praktyke wat kan voorkom (Prinsloo & Huysamen, 2018:27). Dit alles dra nie net by tot die potensiaal vir konflik nie, maar weens die verskeidenheid en 'n gebrek aan kennis en insig van ander religieuse praktyke, bring dit die potensiële konflik na die voorgrond.

Die feit bly staan dat mense mekaar beïnvloed en wanneer hulle met verskeie religieuse agtergronde in interaksie met mekaar tree bring dit indrukke en persepsies van ander na vore wat 'n mens se religieuse agtergrond insluit. Dit het die potensiaal om 'n uitdaging te wees weens die blote feit dat meningsverskille kan voorkom wat tot ooglopende konflik kan lei, maar ook kan lei tot die negatiewe beïnvloeding van mekaar. 'n Voorbeeld hiervan is dat daar mense is wat misdade en moord pleeg in die naam van geloof. Hierdie religieus-gemotiveerde misdade word gekenmerk deur die feit dat mense mekaar beïnvloed en aanmoedig om wrede dade te pleeg (Dreyer *et al.*, 2002:158). Die diverse religieuse spektrum van Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewings

verteenwoordig nie net verskillende gelowe nie, maar ook verskillende kulturele groepe. Resane (2021: 7-8) verklaar dat verskillende religieuse oriëntasies en oortuigings ŉ element van kultuur voortbring. Daarmee saam word daar gestel dat wanneer verskillende kultuurgroepe binne ŉ gesamentlike omgewing of are woon, is konflik onvermydelik (Resane (2021:7-8). So het geloof en kultuur ŉ wisselwerkende invloed op mekaar en kan daarom nie in isolasie geplaas word nie. Daarom stel dit dat religieuse oriëntasies ŉ element van kultuur voortbring (Abdulla, 2018:102; Resane, 2021:7-8). Hierdie studie ondersoek juis die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing wat religieuse diversiteit en kulturele diversiteit binne ŉ gesamentlike geografiese area saamspan.

Alhoewel daar mense is wat van ŉ bepaalde religieuse groep deel vorm, is daar steeds mense van dieselfde geloofsgroep wat nie ten volle met die uitdrukking van hierdie religieuse praktyke saamstem nie. Hierdie verskille versterk verder die potensiaal vir konflik. Die oorsprong van hierdie verskille kan moontlik vanuit ŉ kulturele grondslag kom wat geloof verryk maar interaksies van ander kulture of gelowe verwar (Abdulla 2018:107). Die vraag is dan egter waarom net sommige praktyke van die geloof beoefen word wanneer daar nie met alles saamgestem word nie? Is vrees die bepalende faktor wat die mense dryf?

Volgens Myrl & Oeur (2009:272) is daar van verskeie universiteite in die hoëronderwysomgewing vereis om verskeie administratiewe veranderinge aan te bring om religieuse diversiteit te akkommodeer. Hierdie transformatiewe aksies wat van universiteite vereis word, is juis baseer om meer proaktief te probeer optree teenoor potensiële konflik. Die effek van konflik sowel as die potensiaal vir konflik word deur universiteite raak gesien sowel as belangrik geag (Myrl & Oeur, 2009:272). Daarom is daar vir die afgelope 16 jaar deurlopende administratiewe aanpassings gemaak om meer en meer akkommoderend te wee ten opsigte van religieuse diversiteit.

Religieuse diversiteit het ŉ invloed op mense van ander religieuse oriëntasies sowel as religieuse oriëntasies wat dieselfde is waar kulturele diversiteit intree (Abdulla, 2018:102-107). Religieuse diversiteit het dus die potensiaal om tot konflik te lei in ŉ openbare hoëronderwysomgewing, veral teen ŉ Suid-Afrikaanse agtergrond waar diversiteit in verskeie aspekte voorkom. Die mate waarteen universiteite die afgelope jare

administratiewe veranderinge aangebring het om religieuse diversiteit te akkommodeer verwys na die erns van hierdie saak, veral met die potensiaal van konflik wat dit inhou.

Identiteitskonstruksie hou direk verband met geleefde ervaring wat ŉ persoon ervaar en interaksies met hulle omgewing en ander mense (Müller, 2013:1-3). Binne ŉ diverse kulturele sowel as diverse religieuse omgewing, die omgewing waarin studente hulself bevind, word studente bloot gestel aan ander gelowe en kulture. Hierdie interaksies vorm die wyse waarop studente se identiteit vorm, veral verwys na hulle religieuse identiteit (Müller, 2013:1-3).

Die multi-religieuse wêreld met betrekking tot ŉ mens se religieuse identiteit binne ŉ openbare hoëronderwysomgewing bring verskeie uitdagings na vore. Hierdie uitdagings betrek ŉ mens se religieuse identiteitskonstruksie en die eksklusiwiteit van religieuse eise van verskeie gelowe (Dreyer *et al*., 2002:159-160; Pratt, 2007:7). Die agtergrond van ŉ studente moet in ag geneem word, omdat die wyse waarop ouers geloof beskou ŉ kind beïnvloed. Ouers se agtergrond beïnvloed ook hulle wêreldbeskouing (King, 2003:199). Met vooropgestelde idees betree studente die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing. Hierdie agtergrond van ŉ student is ook bepalend rondom dit wat geglo word en hoe daar opgetree word binne ŉ multi-religieuse wêreld waarmee studente nou te make kry.

ŉ Teologie student van ŉ openbare hoëronderwysomgewing binne die Suid-Afrikaanse konteks kom in aanraking met verskeie mense van die land en so ook moontlik die wêreld. Die feit dat studente vanuit ŉ religieuse perspektief hulle geloof as eksklusief, uniek, beter, beslissend, normatief, absoluut en spesiaal beskou, is stene waarop ŉ religieuse identiteit gebou word (Dreyer *et al*., 2002:159-160).

Daar is vooropgestelde idees van ander religieuse praktyke wat van mekaar verskil en direkte konflik voortbring weens verskille wat tussen religieuse groepe voorkom. Die wyse waarop hierdie konflik hanteer en aangespreek word, is die uitdaging wat onder die vergrootglas gebring moet word ten opsigte van religieuse identiteitskonstruksie van teologie studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing. Die belangrikheid daarvan dat studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing vanuit verskillende agtergronde en met verskillende

perspektiewe kom, hou verband met die verskillende maniere waarop daar oor God gedink en gepraat word.

Venter (2018:70) en Dreyer, *et al.* (2002:158-160) het bevind dat elke persoon binne ŉ gegewe religieuse raamwerk hulle geloof as spesiaal en beslissend beskou. Wanneer twee teologiese studente in interaksie met mekaar tree waar elkeen ŉ sterk gevestigde religieuse identiteit as agtergrond het, is daar ooglopende potensiaal vir konflik wanneer daardie beslissende geloofsoortuigings verskil.

Die multi-religieuse wêreld waarin mense tans leef, bring nie net die verskeidenheid van gelowe na vore nie, maar dit verhoog die hoeveelheid uitdagings wat voorkom. Die verskeidenheid van geloofoortuigings wat gevestig is binne studente se religieuse identiteit versterk die feit van eksklusiwiteit soos gesien vanuit ŉ bepaalde religieuse perspektief. Die uitdaging is egter dat mense vanuit dieselfde religieuse oortuiginge verskeie perspektiewe het waar eenvormigheid ontbreek. Binne ŉ multi-religieuse wêreld is daar soveel verskeie geloofsperspektiewe om van te kies en deel te vorm, maar dat daar binne ŉ spesifieke religieuse groep nie eenvormigheid bewerkstellig word nie, is problematies, en word as ŉ merkwaardige uitdaging binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing vir teologiese studente se religieuse identiteitskonstruksie beskou (Venter, 2018:72).

Ammerman (2010:154-167) glo dat religieuse pluralisme die normale stand van sake is, weens die feit dat godsdiens self multidimensioneel is. Die feit dat dit multidimensioneel is, verwys na die verskillende dimensies van godsdienstige en geestelike ervarings wat op verskeie maniere gekombineer kan word in ŉ individu se lewe. Daar word verder gestel dat ŉ persoon se religieuse oortuiging vanuit verskeie aspekte en komponente bestaan (Ammerman, 2010:154-167). Die verskeie sosiale interaksies wat binne die openbare hoëronderwysomgewing voorkom onderstreep die belang van die konsep van pluralisme.

Volgens Beyers (2016:2) is die plurale wêreld waarin ons leef van so ŉ aard dat daar meer as een wyse is waarop die realiteit van ŉ individu se wêreld beskou en ervaar kan word. Die verskeidenheid wat deur die konsep van die plurale wêreld weergegee word, is veral toepaslik binne die Suid-Afrikaanse konteks weens die veelheid realiteite wat in hierdie land voorkom. Die realiteite strek heelwat dieper as slegs religieuse verwysings na ŉ plurale wêreld. Hierdie verskillende realiteite kan teologie studente se religieuse

identiteit beïnvloed. Die rede hiervoor is dat daar so 'n groot verskeidenheid realiteite en waarhede bestaan dat die onderskeiding tussen wat eg is of nie eg is nie, al hoe meer vervaag word. Die maatstaf van wat eg is, bly vir die Christen binne 'n globale en plurale wêreld die Bybel, wat die Woord van God is. Wanneer die waarheid van die Woord enigsins verskil van 'n saak, is die laasgenoemde nie eg en waar nie. Alles wat geglo word, moet gemeet word aan die Woord van God. Alhoewel dit steeds as uitdaging beskou word, weens die verskeidenheid interpretasies van die Woord, is dit belangrik en van hulp en waarde om die Woord van God te bestudeer en te ken om sodoende vas te hou aan wat waar en eg is.

Wanneer religieuse waarhede so vervaag dat dit moeilik is om te bepaal wat eg is, het dit 'n direkte invloed op 'n mens se identiteitskonstruksie, omdat 'n mens se religieuse identiteit gevorm word deur wat as persoonlik waar en eg beskou word. Binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing is daar verskeie studente wat met hulle persoonlike persepsies en oortuigings van die waarheid inkom weens religieuse diversiteit. Wanneer daar interaksie plaasvind tussen teologie studente wat verskillende waarhede as belangrik en eg ag, kan konflik voorkom (Ammerman, 2010:154-167; Beyers, 2016:1-3). Die verskeie konflikte kan of interpersoonlike, intrapersoonlike of fisiese konflik voortbring. Soos deur Abdulla (2018:102-107) vervat speel kultuur, geloofsoriëntasie en 'n bepaalde omgewing wat as konteks ondersoek word, 'n bepalende rol in identiteit en religieuse ontwikkeling. Wanneer hierdie diverse, multi-religieuse, kulturele en persoonlike agtergrond van 'n student in ag geneem word, laat dit verskeie moontlikhede vir konflik. Teen hierdie agtergrond het dit verskeie universiteite uit gedaag om administratiewe en transformatiewe veranderinge aan te bring om op 'n meer proaktiewe wyse hierdie moontlike konflik te bestuur (Myrl & Oeur, 2009:272). Daarom kan en word pluralisme en die plurale wêreld waarin ons leef as uitdagings beskou vir teologie studente binne 'n openbare hoëronderwysomgewing.

### 2.5.2 Die spanning van verandering teenoor stabiliteit

In 'n Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing kom daar verskeie veranderinge voor waarby 'n student, dus die teologie studente, moet aanpas. Dit is nie beperk tot die veranderinge wat in 'n Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing voorkom nie. Dit verwys na die interne konflik tussen verandering en die reeds-gevestigde stabiele faktore wat persoonlik voorkom by 'n individuele teologie student. Hierdie gevestigde

faktore is geleefde ervaringe wat die somtotaal van verskeie faktore is wat deel vorm van ʼn persoon se identiteit (Venter, 2018:76).

Religieuse ervaringe kan ʼn norm vorm ten opsigte van die religieuse praktyke vir ʼn persoon waarvolgens daar in die toekoms opgetree word. Die rede hiervoor is dat die blootstelling bydra tot ʼn persoon se religieuse norme en waardes wat daartoe lei dat hy of sy daarvolgens besluite neem en optree. Die spanning tussen verandering en stabiliteit tree egter in wanneer ʼn student aan verskeie veranderlikes blootgestel word wat in konflik kan wees met die reeds-gevestigde stabiele religieuse norme en waardes (Venter, 2018:76). Wanneer ʼn teologie student, rondom religieuse praktyke blootgestel word aan verandering kan dit een van twee gevolge hê.

Die eerste kan wees dat die voorgestelde verandering heeltemal verwerp word omdat dit in direkte konflik met ʼn teologie student se gevestigde en stabiele religieuse agtergrond is. Hierdie wyse van verwerping van verandering kan ten toon gestel word wanneer dit teen ʼn student se karakter is. Karakter verwys na die waardes en norme van ʼn persoon wat in werking deur ʼn persoon gesit word (Harianto & Ming, 2021:1005). Die teenstrydigheid teenoor karakter kan lei tot die verwerping van voorgestelde verandering. Die tweede kan wees om die voorgestelde verandering te aanvaar, wat daartoe lei dat ʼn teologie student se religieuse identiteit verander ten opsigte van ʼn nuwe religieuse oriëntasie. Die verandering kan selfs verwys na die uitdrukking wat binne ʼn bepaalde religieuse oriëntasie voorkom en die keuse om daarvolgens op te tree. Wanneer religieuse veranderinge aangebring word wanneer verandering aanvaar word, dra dit verder by tot religieuse identiteitskonstruksie (Dreyer, *et al.*, 2002:161).

Dreyer, *et al.* (2002:162) verduidelik dit soos volg: die plot wat verskeie gebeurtenisse en ervaringe onderlê, het die krag om ʼn enkele storie te vorm. Die plot van ʼn storie bring nie net verskeie gebeurtenisse saam nie maar dit verenig hierdie gebeurtenisse en dit vorm die orde van ʼn storie. Die storie verwys na die samestelling van ʼn persoon se geleefde ervaringe wat die keuse van stabiliteit en/ of verandering kan uitoefen. Dit ʼn soortgelyke beskrywing van die uitdaging wat die spanning tussen verandering en stabiliteit binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing vir ʼn teologie student kan voortbring.

Saam met die spanning van verandering teenoor stabiliteit kom die veranderende aspek van die religieuse en teologiese kurrikulum voor. Hier stel Naidoo (2013) in die boek

*Contested Issues In Training Ministers In South Africa* voor dat die kurrikulum deur die loop van tyd in verskeie aspekte verander het. Hier word die akkreditasie en die informasie daarvan bespreek. Dit handel oor instansies wat hoër onderwys in teologie aanbied om ŉ balans te vind om voordelig vir instansies te wees, maar terselfde tyd sekularisasie in die kurrikulum in te bring. Hierdie is ŉ uitdaging omdat dit spanning in terme van stabiliteit en wat bekend is teenoor die veranderende aard van die kurrikulum voorstel (Resane, 2016:203-204).

#### 2.5.3 ŉ Persoon se houding en reaksie teenoor ander religieuse praktyke

Kultuur speel ŉ prominente rol rondom die wyse waarop religieuse praktyke uitgedruk en beoefen word. Weens ŉ persoon se kulturele agtergrond is daar ŉ stel gevestigde religieuse norme en waardes wat die uitdrukking van religieuse praktyke beïnvloed (Beyers, 2017:2). Die mate van invloed is toegespits op die wyse waarop religieuse praktyke beoefen word. Teologie studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing kom in aanraking met ander studente wat heel waarskynlik ten opsigte van dieselfde religieuse oriëntasie verskillende wyses van uitdrukking van geloof beoefen (Beyers, 2017:2; Meyer, 2018:64).

Die klimaat van die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing bied die moontlikheid dat verskeie studente met verskillende religieuse norme en waardes in aanraking kom met mekaar. Die moontlikheid van konflik weens die verskille wat in religieuse praktyke en die uitdrukking voorkom, is ooglopend, en kan problematies wees met betrekking tot die houding en reaksies van studente teenoor ander religieuse groepe (Beyers, 2017:2; Meyer, 2018:64). Elke persoon het ŉ keuse hoe hulle gaan reageer tot ander mense se besluite tot geloof, uitdrukking van geloof en geloofsoriëntasie. Die keuse wat mense maak is nie altyd wesenlik nie. Hieruit vloei ongewensde gedrag, kompetisie en houdings en reaksies wat nie as toepaslik beskou word nie. Die ongunstige houdings en reaksies wat mense toon het grootliks in die vorige eeu voor gekom waar verskillende geloofsoriëntasie ongewensde gedrag teenoor mekaar getoon het (Okeke *et al*., 2017:6). Dit het wesenlik afgeneem oor die jare, alhoewel dit goed is om daarvan kennis te neem. Om bewus te wees van tradisionele verskille wat met geloof verband hou kan bydra tot ŉ beter verstandhouding tussen verskeie gelowe (Okeke *et al.,* 2017:6).

Volgens Dreyer, *et al.* (2002:175) beskou jongmense wat deel vorm van ŉ bepaalde religieuse oortuiging hulle religieuse oriëntasie as eg en waar. Daar is ook gevind dat jongmense hulle religieuse oortuiging as beter en belangriker as ander kan beskou. Dit kom voor dat hierdie siening van ŉ persoon se eie geloof wat as belangrikker as ander sin beskou word aansluit by die term van eksklusivisme (Pratt, 2007:2-4). Dit veronderstel dat daar ŉ gebrek aan dialoog tussen verskeie gelowe is en dat die behoefde om gesonde dialoog voort te sit, nie as stap geneem wil word nie. Dit handel oor die feit dat daar ŉ religieuse groep wat hulle tradisies, oriëntasies en oortuigings as belangriker, eg en waar beskou word teenoor ander religieuse groepe se gelooftradisies, oriëntasies en oortuiginge (Pratt, 2007:2). ŉ Gebrek aan ŉ positiewe korrelasie onder verskeie religieuse oriëntasies en die tekort aan dialoog tussen die groepe kan veroorsaak dat hulle onderlinge invloed gering is (Pratt, 2007:4). Dit kan gebeur aangesien daar moontlik nie genoegsame modelle is om dialoog te bevorder nie.

Wanneer ŉ religieuse groep hulle religieuse oortuiging as belangriker beskou, is daar ŉ bepaalde siening en persepsie van ander oortuigings wat onderlinge houdings en reaksies beïnvloed (Dickie, 2020:51-52). Die invloed kan as negatief beskou word weens die gebrek aan dialoog tussen die verskillende religieuse groepe. Hier hou dit verband met die idee van eksklusiwiteit van een geloof soos deur Dickie (2020:51-52) vertel, wat verder meer in hierdie navorsing verduidelik en uiteengesit gaan word.

## 2.6 GELEENTHEDE BINNE DIE SUID-AFRIKAANSE OPENBARE HOËRONDERWYSOMGEWING

Die geleenthede wat binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing voorkom vir ŉ teologie student se religieuse identiteitskonstruksie word vervolgens bespreek. Alhoewel daar verskeie geleenthede in so ŉ gegewe omgewing vir religieuse identiteitskonstruksie kan voorkom, word hier gefokus op die geleenthede wat ŉ invloed op ŉ teologie student in die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing kan hê. Die geïdentifiseerde geleenthede is dié wat in die omgewing voorkom vir persoonlike groei en wat religieuse identiteitskonstruksie beïnvloed. Vervolgens word die geleentheid van die versterking van ŉ spesifieke religieuse oriëntasie bespreek, gevolg deur ŉ bespreking van die geleentheid vir die bevordering van kulturele kennis wat

interpersoonlike verhoudings kan versterk. Laastens word die geleentheid om deel te vorm van ŉ religieuse groep waarmee daar vereenselwig word, voorgehou.

Hierdie geleenthede gaan bespreek word in die gegewe konteks van hierdie studie om sodoende te bepaal hoe die geïdentifiseerde geleenthede ŉ rol kan speel rondom religieuse identiteitskonstruksie vir teologie studente binne ŉ Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing. Alhoewel daar verskeie ander geleenthede is, word daar op hierdie geleenthede gefokus sodat dié wat prominent voorkom die nodige aandag kan geniet met die oog op die huidige projek.

**2.6.1 Geleentheid vir persoonlike groei**

Persoonlike groei handel oor ŉ persoon se gewoontes, denkwyses, aksies en reaksies wat ontwikkel in ŉ wenslike wyse. Dit word verder beskryf as die proses waardeur ŉ mens gaan om nuwe vaardighede, houdings, aksies en reaksies wat ŉ positiewe impak het op ŉ persoon se holistiese welwees (Parincu, 2022). Dit is nie iets wat oornag gebeur nie, persoonlike groei van tyd en daag meestal mense uit voordat die resultate en die vrug daarvan in iemand se lewe aanskou kan word (Parincu, 2022).

ŉ Geleentheid wat maklik mis gekyk kan word weens die verskeidenheid uitdagings wat in die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing voorkom, is die persoonlike groei wat weens daardie uitdagings plaasvind. Religieuse identiteitskonstruksie kan sodoende ontwikkel, wat persoonlike groei tot gevolg kan bring. Binne die Suid-Afrikaanse konteks kom verskeie geleenthede vir persoonlike groei voor wat aansluit by ŉ Christelike teologie student se religieuse identiteitskonstruksie.

Christelike teologiese studente het die geleentheid om deel te vorm van ŉ religieuse organisasie en ook te kies watter religieuse oriëntasie daarmee vereenselwig wil word. Religieuse organisasies het ten doel om transformasie in samelewings aan te bring om die Koninkryk van God aan die mense te wys (Baron, 2017:2-3). Wanneer studente betrokke is by ŉ  Christelike religieuse instansie word hierdie wyses van lewe aan lede van die kerk, wat studente insluit, gewys. Hier word die kerk ook as agente van verandering beskryf (Baron, 2017:4).

Wanneer studente, wat Christelike teologie studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing insluit, religieuse ervaringe binne kerke ontvang, rus dit studente verder toe om weer in hulle sfeer van invloed agente van verandering te wees. Die kerk word as agent van verandering gesien wat mense opvoed om verder in gemeenskappe en in plekke waar hulle invloed het, die agent van verandering te wees (Baron, 2017:3-4).

Soos wat religieuse organisasies of instellings lede van die kerk leer bied dit religieuse sowel as persoonlike groei en ontwikkeling voor. Religieuse identiteitskonstruksie van die lede van die ontwikkel deur betrokkenheid in religieuse organisasies en instellings (Schoeman, 2015:103). Omdat ’n persoon se religieuse identiteit nie staties is nie en voortdurend ontwikkel, bied die betrokkenheid van religieuse organisasies en instellings die geleentheid vir groei.

Wanneer studente se religieuse identiteit groei en verder ontwikkel hou dit direk verband met persoonlike ontwikkeling van studente. Dit is weens die herdefiniëring van ’n persoon se religieuse identiteit wat tydens interaksies met die Woord van God en die werk van die Heilige Gees tydens dienste voorkom (Schoeman, 2015:103-104). Hier word daar nie gestel dat religieuse identiteitskonstruksie alleenlik binne religieuse dienste voorkom nie. Dit stel bloot die saak dat dit ruimte laat vir sulke groei op plaas te vind wat direk verband hou met persoonlike groei.

Die korrelasie tussen religieuse identiteitskonstruksie en persoonlike groei is interafhanklik. Die fokus van hierdie groei wat in religieuse organisasies voorkom wat verskuif van die “ek” na die “ons” perspektief is ’n belangrike aspek van persoonlike groei (Long, 2012:2-3). Die persoonlike ontwikkeling en groei wat in die verskuiwing van die “ek” na die “ons” perspektief voorkom sluit ook verder by die sielkundige veld van ontwikkeling aan (Long, 2012:3).

#### 2.6.2 Geleentheid vir versterking met betrekking tot ’n religieuse oriëntasie

Die blootstelling aan ander religieuse oriëntasies kan verskeie gevolge meebring soos in die geval van die uitdagings wat reeds genoem is. Die geleentheid kom egter voor wanneer daar blootstelling aan ’n verskeidenheid van religieuse oortuigings is, wat

potensieel tot die versterking van ŉ persoon se persoonlike religieuse oriëntasie kan lei. Om standpunt in te neem oor ŉ saak en te glo in iets ten spyte van die teenstand wat moontlik kan voorkom, moet ŉ mens weet waarvoor ŉ mens staan en waarin ŉ mens glo.

Die verskeie uitdagings wat moontlik tot konflik kan lei weens verskille wat tussen verskeie geloofsoriëntasies voorkom, kan verg dat ŉ mens meer kennis oor ŉ persoon se persoonlike religieuse oriëntasie opdoen (Dreyer *et al*., 2002:171-172). Dit kan ook lei daarna om die stereotipiese persepsie van ŉ persoon se religieuse oriëntasie teen te staan, wat ŉ verdieping verg, wat kan lei na kennis van ŉ gegewe religieuse oriëntasie. Die verdieping van kennis is ŉ geleentheid wat verskeie voordele vir religieuse identiteitskonstruksie kan inhou sodat verkeerdelike persepsies teengestaan kan word of omdat dit tot dieper vrae lei wat verg dat ŉ persoonlike religieuse ondersoek gedoen moet word (Heim, 2014:226-247).

Aan die ander kant kan die blootstelling aan verskeie ander religieuse oriëntasies ŉ mens se keuse van geloof en die wyse waarop dit beoefen word, bevestig. Hierdie bevestiging kan voorkom wanneer daar ŉ duidelike teenstrydigheid van religieuse oriëntasies is en wanneer ŉ persoon die opsetlike besluit neem om gevestig te bly staan in die wyse waarop hulle persoonlike religieuse oriëntasies beoefen (Bryand, 2007:16; Meyer, 2018:61-62). Wanneer daar verskille rondom religieuse oriëntasies voorkom waar ŉ mens nie saamstem nie bied dit die geleentheid om gegrond en gevestig te bly staan en sterker te staan rondom die persoonlike religieuse oriëntasies en oortuiging (Heim, 2014:226-247).

Die waarheid kan soms as relatief beskou word weens die verskeidenheid van waarhede wat in die plurale wêreld voorkom, veral wanneer dit by religieuse oriëntasies kom (Heim, 2014:226-247). Dit kan die dryfkrag wees wat as geleentheid vir ŉ teologie student binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing kan dien, omdat dit moontlik bydra tot dieper begronding ten opsigte van die een waarheid waarin ŉ mens glo.

### 2.6.3 Geleentheid vir die bevordering van kulturele kennis

Wanneer daar ŉ diverse groep mense binne ŉ openbare hoëronderwysomgewing saamkom, bied dit verskeie geleenthede. Hierdie geleenthede en die voordele wat uit ŉ

kulturele diverse groep studente kan voorkom is iets wat nie misgekyk kan word nie. Die rede hiervoor is dat dit nie net bydra tot die verstaan van verskillende individue nie maar oor van verskillende kulture binne ŉ bepaalde geloofsoortuiging. Wanneer studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing van verskeie agtergronde en kulture in een gemeenskaplike omgewing saamkom wanneer daar ŉ gemeenskaplike doel is, kan dit bydra tot die geleentheid tot die bevordering van kulturele kennis en interpersoonlike verhoudings (Beyers, 2017:1-2).

Religieuse identiteit en die beoefening van religieuse praktyke saam met kultuur is belangrike konsepte waar ŉ wisselwerkende verband voorkom. Beyers (2017:1-2) vermeld dat dit uiters belangrik is om kultuur saam met religieuse oortuigings te bestudeer omdat dit ŉ onlosmaaklike deel van mekaar is, want begrip van die een konsep lei tot begrip van die ander binne ŉ bepaalde kulturele groep. Die vraag wat gestel word, is of dit moontlik is om kultuur en ŉ religieuse oortuiging van mekaar te skei (Beyers, 2017:1). Wanneer kultuur bestudeer word, vorm dit deel van die antropologiese benadering dat kultuur deel vorm van die mens se bestaan as ŉ geheel in die wêreld. Indien dit die betekenis van kultuur is, word geloof en religieuse oortuigings as deel van die mens se bestaan beskou en dit beteken dat geloof deel vorm van ŉ mens se kultuur (Beyers, 2017:2). Die wisselwerkende verhouding tussen kultuur en geloof is belangrike konsepte wat direk ŉ invloed het op verhoudings binne die samelewing, veral wanneer dit binne die klimaat van ŉ Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing bestudeer word.

Eenheid is iets wat in die samelewing soos wat ons dit vandag ken al hoe meer vervreemd raak. Die geleentheid wat die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing vir studente bied om in aanraking te kom met studente van reg oor die land wat vanuit verskillende kulture agtergronde afkomstig is, moet met altwee hande aangegryp word. ŉ Mens kan maklik hierdie geleentheid as vanselfsprekend aanvaar en dit misloop. Die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing bied vir verskillende studente die geleentheid om in aanraking te kom met mekaar.

Die interaksie tussen verskeie studente kan in verskillende moontlike omgewings binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing voorkom. Die geleentheid wat vir hierdie studie geïdentifiseer is, is toegespits op die interaksie wat tussen verskillende studente van verskillende kulture kan voorkom binne ŉ bepaalde omgewing of klimaat. Wanneer daar interaksie tussen verskeie mense met verskillende agtergronde voorkom,

kan dit die geleentheid bied om kulturele kennis op te bou. Die interaksie vereis kommunikasie tussen studente en dit kom neer op dialoog (Beyers, 2017:1-2). Dialoog tussen studente met verskillende agtergronde bied die geleentheid om stereotipiese idees van sekere kulture af te breek wanneer dit by geloof en religieuse oriëntasie kom (Baxtor, 2006:330-337).

Dialoog wat die gevolg van interaksie tussen studente is, bied die geleentheid vir interpersoonlike verhoudings tussen studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing, en dit kan versterk word (Baxtor, 2006:330-337). Begrip van ander kulture en hulle religieuse oriëntasie wat die uitwerking van dialoog tussen studente het, bied die geleentheid aan verhoudings om te ontwikkel. Wanneer interpersoonlike verhoudings ontwikkel weens dialoog, dra dit by tot religieuse identiteitskonstruksie van studente. Identiteit wat ontwikkel is die gevolg van die uitwerking van geleefde ervarings wat met verskillende mense gedeel word. Die kommunikasie wat neerkom op dialoog tussen verskillende studente is ook geleefde ervarings wat bydra tot die ontwikkeling van identiteit, nie alleenlik identiteit as geheel nie, maar veral religieuse identiteit wat deurgaans ontwikkel weens interaksie tussen mense. Wanneer daar ʼn ooreenstemming voorkom tussen studente van verskillende kulture, hetsy dit persoonlik, religieus of kultureel van aard is, bied dit die geleentheid vir eenheid wat herbevestig kan word (Baxtor, 2006:330-337). Dit kan direk bydra tot die bevordering en groei van interpersoonlike verhoudings tussen studente van verskillende kulture.

Die klimaat en omgewing van ʼn Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing kan as ʼn ruimte beskou word waar interpersoonlike verhoudings tussen studente van verskillende kulture die geleentheid gebied kan word om te ontwikkel. Alhoewel hierdie geleentheid as idealisties beskou kan word, bly dit steeds binne hierdie klimaat staan weens die merkwaardige voordele wat hieruit kan vloei, veral wanneer dit ʼn mate van eenheid tussen studente kan vereenselwig. Die verskeidenheid van verskille tussen kulture kan as die fokuspunt gesien word wat verskeie uitdagings voorhou, of dit kan as ‘n merkwaardige geleentheid vir interpersoonlike verhoudings tussen studente van verskillende kulture gesien word. Die uitgangspunt waarop daar gefokus word, speel ʼn belangrike rol wanneer die verskille tussen kulture van studente in ag geneem word.

#### 2.6.4 Geleentheid om deel te vorm van ’n religieuse groep

Elke mens het die behoefte om te behoort aan iets groter as hulself, hetsy dit ’n religieuse groep of selfs ’n vriendegroep is. Die belangrikheid van ’n mens se behoefte om te behoort aan ’n groep is ’n konsep wat ’n groot rol speel wanneer daar na die geleentheid van vereenselwiging binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys vir Christelike teologie studente gekyk word. Voordat die geleentheid van vereenselwiging aan ’n religieuse groep en die voordele wat dit vir Christelike teologie studente se religieuse identiteitskonstruksie inhou, bespreek word, word daar eers na die konsep “om te behoort” gekyk.

Die behoefte “om te behoort” word verdeel rondom die skakels wat gevorm word deur geleefde ervaringe en interaksies met die wêreld en ander (Peter *et al*., 2015:95). Die beduidende rol wat hierdie konsep van “om te behoort” in ’n mens se lewe speel, dra by tot die individu se algehele ontwikkeling. Die gevoel van veiligheid en sekuriteit word deur die konsep “om te behoort” bewerkstellig (Peter *et al*., 2015:95). Die definisie van hierdie konsep is moontlik die interpersoonlike verhouding waar die emosionele band tussen individue en/ of groepe ’n noodsaaklike en beduidende rol speel vir ’n student se persoonlike ontwikkeling (Peter *et al*., 2015:95). Die noodsaaklikheid van betekenisvolle verhoudings is ’n kern-aspek wanneer dit by die teorie van “om te behoort” kom (Peter *et al*., 2015:95). Hierdie betekenisvolle verhoudings kan slegs optimaal plaasvind wanneer daar ’n gevoel van vereenselwiging bewerkstellig is.

Teen die agtergrond van die behoefte “om te behoort,” bied die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing vir Christelike teologie studente die geleentheid om te behoort aan ’n religieuse groep met ’n religieuse oriëntasie waarmee daar vereenselwig word. Die klimaat van hierdie konteks bied die geleentheid vir studente om ’n keuse uit te oefen om aan ’n religieuse groep van hulle keuse te behoort. Wanneer daardie skakel tussen ’n individu en ’n groep gemaak is, beteken dit dat interaksie plaasgevind het. Peter *et al.* (2015:95) stel voor dat individue wat in interaksie met mekaar is, ’n merkwaardige invloed het op menslike ontwikkeling, hetsy daardie invloed op die algehele ontwikkeling van die mens betrekking het of op die religieuse identiteitskonstruksie.

Dreyer *et al*. (2002:165) vermeld dat die spanning tussen ’n mens se religieuse identiteit en die verhoudingsperspektief rakende die interaksie tussen individue nie vermy kan

word nie. Weens die feit dat die spanning onvermydelik is, beteken dit dat die kern idee van religieuse identiteitskonstruksie in verhoudings met ander mense plaasvind en so ook verder ontwikkel. Die vereenselwiging met ŉ gegewe religieuse groep bied verskeie geleenthede vir religieuse identiteitskonstruksie om plaas te vind, soos dit reeds hierbo genoem is.

Die gewoontes, waardes, norme en die vorm van identifikasie met ŉ spesifieke groep word deur die individue waarmee daar in interaksie getree word, beïnvloed (Dreyer *et al*., 2002:165; King, 2003:202). Hierdie gewoontes, waardes en norme beïnvloed ŉ mens direk, en vir die doeleindes van hierdie studie, ook die Christelike teologie studente se religieuse identiteitskonstruksie. Wanneer daar ŉ groep binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing voorkom wat dieselfde gewoontes, waardes en norme met ŉ gegewe individu deel, kan die gevoel van vereenselwiging gevestig en/ of versterk word. Die term "vereenselwiging" kan ook as die konsep "om te behoort" beskryf word, omdat hierdie twee konsepte na ŉ gemeenskaplike definisie verwys.

Die geleentheid wat die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing aan ŉ Christelike teologie student bied, is die geleentheid om vanuit ŉ verskeidenheid religieuse oriëntasies te kies. Wanneer daar ŉ interaksie tussen ŉ student en ŉ religieuse groep is, kan vereenselwiging voorkom, en die behoefte om te behoort kan bewerkstellig word wanneer daar bevestig is dat daar gedeelde gewoontes, waardes en norme tussen die twee partye voorkom. Dit het ŉ direkte invloed op ŉ Christelike teologie student se religieuse identiteitskonstruksie, omdat mense mekaar beïnvloed en binne ŉ religieuse groep waarby ŉ student betrokke is, vind geleefde en gedeelde ervaring plaas.

## 2.7 SAMEVATTING

Die doel van hierdie hoofstuk was die volgende: *Om die samestelling van die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing te beskryf aan die hand van die uitdagings en geleenthede wat dit vir Christelike teologie studente se religieuse identiteitskonstruksie bied.* Binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing is daar verskeie geleenthede en uitdagings rondom religieuse identiteitskonstruksie van Christelike teologie studente. Daar is in hierdie hoofstuk na verskeie geleenthede en uitdagings verwys binne die gegewe klimaat van hierdie studie, veral dié wat ŉ invloed

op religieuse identiteitskonstruksie vir Christelike teologie studente kan hê. Die geleenthede en uitdagings is ondersoek binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing sodat die omgewing, wat die klimaat van hierdie studie voortbou, in die konteks van religieuse identiteitskonstruksie beter verstaan kan word. Die geleenthede en die uitdagings wat hier identifiseer en ondersoek is, dra by tot die verstaan van die spirituele komponent van die Christelike geloof. Spiritualiteit, soos wat Kritzinger dit beskryf (2002:49-150), kan vir studente as lens gebruik word waardeur verskeie geleenthede en uitdagings gesien en benader word. In die lig van spiritualiteit binne die Christelike geloof bring dit teologiese refleksie voor, veral wanneer die konteks en die klimaat van hierdie studie deur 'n sosiale-analise vanuit die praxis siklus ondersoek is.

Alhoewel daar verskeie geleenthede en uitdagings is wat nie in hierdie studie genoem is nie, is die geleenthede en uitdagings wat ondersoek is, juis dié wat opvallend is weens die groot impak wat dit het op religieuse identiteitskonstruksie in die omgewing waarop hierdie studie fokus. Nadat die gegewe omgewing ondersoek is, moet religieuse identiteitskonstruksie as 'n konsep ondersoek word. Dit is toegespits op verskeie aspekte wat 'n bydraende rol speel tot Christelike teologiese studente se identiteitskonstruksie, en dit word in literatuur in die volgende hoofstuk ondersoek met betrekking tot bestaande relevante literatuur rondom hierdie onderwerp.

# HOOFSTUK 3

# RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE

## 3.1. INLEIDING

Die geleenthede en uitdagings wat binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys voorkom en wat ŉ bydraende rol tot Christelike teologie studente se religieuse identiteitskonstruksie speel, is in die vorige hoofstuk bespreek. Teen die agtergrond van die gegewe geleenthede en uitdagings wat bespreek is, word hier ondersoek ingestel na literatuur wat toegespits is op religieuse identiteitskonstruksie. Die aard van Christelike teologie studente en die opleiding wat hulle vermeld, verlang spesifieke karaktereienskappe wat deur teologiese opleiding verder groei en ontwikkel. Dit vind plaas deur die gegewe kurrikulum wat openbare hoëronderwysinstellings implementeer om akademiese bevordering voort te sit. Hierdie groei en ontwikkeling wat van studente verlang word, hou verband met religieuse identiteitskonstruksie. Daarom is dit uiters belangrik vir universiteite om religieuse identiteitskonstruksie op hulle agenda te hê.

Daar is verskeie konsepte wat ŉ bepalende rol speel wanneer dit by religieuse identiteitskonstruksie kom. Hierdie konsepte word ondersoek met betrekking tot die literatuur sodat daar ŉ saamgestelde omskrywing van religieuse identiteitskonstruksie voorgestel kan word. Die konsepte rakende religieuse identiteitskonstruksie word ondersoek binne ŉ bepaalde konteks, naamlik die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys. Prakties-teologiese grondslae wat in die literatuur gevind is, word gebruik om religieuse identiteitskonstruksie te omskryf.

Hiermee saam speel die konteks waarop hierdie studie fokus ŉ belangrike rol. Die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys hou verskeie aspekte in wat as bevorderlik asook stremmend gesien kan word rondom religieuse identiteitskonstruksie. Hierdie aspekte word hier ondersoek. In hierdie hoofstuk is die vraag wat ondersoek gaan word soos volg: *Wat is religieuse identiteitskonstruksie en wat kan bevorderlik en stremmend daarop inwerk in die konteks van Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing?* Dié vraag gaan met die gebruik van prakties-teologiese grondslae soos dit in die literatuur gevind is, beantwoord word. Die beskrywende en sosiale analitiese perspektief wat praktiese

teologie bied, word ook in hierdie hoofstuk gebruik om klarigheid te verkry oor die bevorderlike en stemmende aspekte.

Daarmee saam word die praxis siklus metodologies gebruik om hierdie ondersoek voor te sit. Die integrale en holistiese aard van Kritzinger se praxis siklus bied die geleentheid om verskeie komponente, oftewel dimensies, van die metodologie wisselwerkend en interafhanklik te gebruik (Kritzinger, 2002:144-172). Spiritualiteit, persoonlike betrokkenheid en sosiale analise word vanuit die praxis siklus gebruik om die identiteitsvraagstuk in hierdie hoofstuk te beantwoord.

## 3.2 WAT IS RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE?

Binne ŉ plurale post-moderne wêreld is dit van belang om verskeie gelowe en verskillende oriëntasies in ag te neem wanneer daar na religieuse identiteit gekyk word. Die rede hiervoor is dat dit bydra tot die beter verstaan van die konteks waarin daar vandag geleef word. Wanneer die plurale wêreld verstaan word, dra dit inherent by tot die konteks van hierdie studie, naamlik die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing, omdat dit deel vorm van die wêreld waarin daar vandag geleef word. Hiervolgens word daar na religieuse identiteitskonstruksie as geheel gekyk waarna gefokus word op die ontwikkeling van Christelike religieuse identiteitskonstruksie.

Religieuse identiteitskonstruksie en Christelike teologiese opleiding word binne hierdie studie verbind weens die konteks en klimaat wat as fokus vir hierdie studie ondersoek en bestudeer word. Christelike teologiese opleiding binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwys handel oor ŉ spesifieke uitgangspunt en kritiese denke wat binne die gegewe studieveld ontwikkel word. Kritiese denke wat binne verskeie studievelde aangemoedig en ontwikkel word wat ŉ persoon se persoonlike ideologie vorm, is in eie reg, gebonde aan ŉ gegewe studierigting. Wanneer die fokus van hierdie kritiese denkwyses en ideologieë toegespits word tot Christelike teologie is daar eienskappe wat eie is aan studente wat binne hierdie studieveld studeer. Spiritualiteit, soos wat Kritzinger dit definieer, het ŉ transformerende krag en Christelike spiritualiteit het direk te make met Christelike teologie, weens die werk van die Heilige Gees wat binne ŉ mens plaasvind (Kritzinger, 2002:149-150; Venter, 2015:184).

Een van die eienskappe wat saam met Christelike teologiese opleiding gepaard gaan is om transformasie binne gemeenskappe aan te bring. Om hierdie transformasie voort te sit vereis dat praktiese toepassing aan die orde van die dag kom. Dit is belangrik om ʼn kwessie te identifiseer wat transformasie vereis voordat enige veranderinge in gemeenskappe aan gebring kan word (Knoetze, 2020:2-3). Wanneer transformasie aangebring wil word binne gemeenskappe gegrond op Christelike beginsels, vereis dit van Christelike teologie studente om te leer hoe om verskeie probleme binne gemeenskappe te identifiseer (Knoetze, 2020:2, Venter, 2015:184). Die tipe probleemoplossings word deur die Woord van God ondersoek en aangespreek. Daarom moet kennis van die Bybel, die Woord van God, opgedoen en aangeleer word. ʼn Hermeneutiese grondslag van die Woord word binne teologiese studierigtings geleer wat as basis dien vir hoe die Bybel ontleed, analiseer, verstaan, oorgedra en toegepas word om sodoende transformasie binne gemeenskappe aan te bring. Christelike teologiese opleiding het ten doel om studente te onderrig om deel te neem en deel te vorm aan *missio Dei* om transformasie voor te sit (Knoetze, 2020:2). Die doel is om studente te leer om die missie van God binne gemeenskappe voort te sit (Knoetze, 2020:2). Die opleiding wat teologies aangebied en geleer word, hou direk verband met kennis van ʼn mens. Die teologies antropologiese perspektiewe wat David Kelsey na die tafel toe bring, is van waarde omdat dit insig bied van ʼn mens en die wese van ʼn mens. Hierdeur word die direkte verband tussen teologiese antropologie en teologiese opleiding gemaak.

Die bogenoemde eienskappe van Christelike teologie studente bied ʼn gegewe en spesifieke wyse van kritiese denke wat aangeleer word. Binne hierdie denkwyses word religieuse identiteitskonstruksie vir die studie ondersoek. Wanneer probleme binne gemeenskappe identifiseer is, soos binne Christelike teologie aangeleer, is dit van kardinale belang om kennis te dra van die menslike wese. Sodra die menslike wese beter verstaan word, kan effektiewe transformasie aangemoedig en verder implementeer word.

Daarvolgens moet die wese van die mens op eie bodem verstaan en ondersoek word. Dit bring die noodsaaklikheid van teologiese antropologie wat ondersoek moet word om sodoende ʼn mens in wese te verstaan vanuit ʼn Christelike teologiese perspektief. ʼn Verdere ondersoek en verstaan van teologiese antropologie wat bydra tot die verstaan van ʼn mens word verder voortgesit vanuit David Kelsey (2009) se antropologiese perspektief in hoofstuk vier. Hier verwys dit alleenlik na die noodsaaklikheid vir die

ondersoek van teologiese antropologie vir hierdie studie doeleindes om die vraagstuk van religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente en die verskeie aspekte en faktore wat dit beïnvloed, te ondersoek.

Die denkwyses en kennis wat binne Christelike teologiese studente ontwikkel word weens die Christelike teologiese studierigting bied die vraagstuk van religieuse identiteitskonstruksie. Watter faktore speel ŉ bepalende rol tydens religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente? Om hierdie vraagstuk te ondersoek en te beantwoord moet die verskeie rolspelers en moontlike invloede vir die gegewe studente ondersoek en bestudeer word. Voordat dit kan plaasvind moet die agtergrond van die klimaat van hierdie studie soos uiteengesit in hoofstuk twee as agtergrond gebruik word. Dit dra by tot die verstaan van die bevorderlike en stremmende aspekte van religieuse identiteitskonstruksie. Die kritiese denke om transformasie in gemeenskappe voort te sit is een van die eienskappe wat tydens Christelike teologiese studies aangewend word. Alhoewel verskeie studierigtings kritiese denke aanleer en ontwikkel is die fokus van Christelike teologie studente toegespits op Christelike, Bybelse beginsels om probleme te identifiseer, aan te spreek om verder transformasie voort te sit. Verskeie rolspelers en invloede wat as faktore vir religieuse identiteitskonstruksie dien moet ondersoek en verstaan word om ŉ geheelbeeld vir hierdie studie te vorm.

Om geografiese areas as bepalende faktore te sien ten opsigte van die geloof wat daarin beoefen word, is iets van die verlede (Dreyer *et al.,* 2002:159). Die moderne samelewing, bring verskeie dele van die wêreld met die verskillende idees wat in daardie dele rondom geloof beoefen word tot by jou voordeur. Die verskeidenheid sosiale media platforms wat op die internet beskikbaar is bring blootstelling aan mense vanuit verskillende dele van die wêreld en groot hoeveelhede diverse religieuse oriëntasies (Lin *et al.*, 2022:1-2). Hierdie blootstelling het ŉ direkte invloed op die ontvanger van die inhoud wat gedeel word. Natuurlik het die verbruiker van die platforms ŉ keuse of die inligting wat gedeel word as geloofwaardig beskou gaan word. Die feit bly staan dat mense ŉ invloed op mekaar het, hetsy dit weens direkte kontak of deur verskeie sosiale media platforms plaasvind.

Tegnologie maak die blootstelling van die plurale wêreld soveel meer opsigtelik. Die plurale wêreld bied die blootstelling aan diversiteit, nie net kulturele diversiteit nie maar ook religieuse diversiteit. Wanneer daar verskille tussen mense voorgestel word, hou dit

die moontlikheid van konflik in, soos dit in hoofstuk twee bespreek is. Dit is naïef om te dink dat die plurale wêreld met die groot hoeveelhede religieuse diversiteit wat deel vorm van vandag se lewe nie 'n invloed op mense wat daaraan blootgestel word het nie. Wanneer religieuse identiteitskonstruksie ondersoek word, is dit belangrik om die plurale wêreld asook religieuse diversiteit in ag te neem.

Kritzinger (2002:168) verduidelik dat die plurale wêreld bestaan uit verskeie religieuse oriëntasies wat mekaar ontmoet en waarvan elk ten doel het om hulle eie missie voort te sit. Die blootstelling aan ander religieuse praktyke bied die geleentheid vir mense om geloof as 'n kommoditeit te verbruik. Dit beteken dat mense religieuse praktyk kan verskuif wanneer die persoonlike vervulling nie meer binne die bestaande religieuse praktyk verkry word nie. Kritzinger (2002:168) verduidelik dat die verskuiwing vergelyk kan word met iemand wat van 'n bank verskuif of selfs 'n beter motor koop. Wanneer mense vanuit 'n bestaande religieuse oriëntasie of praktyk verskuif na 'n ander, is daar verskeie antwoorde met betrekking tot die vraag rondom die redes vir die verskuiwing wat ondersoek kan word; dit is wanneer pluralisme as gegewe rede vir die skuif voor gestel word (Kritzinger, 2002:168).

Daar is verskeie sake wat mense vandag in die gesig staar wanneer dit by religieuse oriëntasies en religieuse praktyke kom. Daar is eindelose opsies rondom die religieuse oriëntasies en praktyke waarmee mense geassosieer wil word en wat mense se persoonlike behoefte binne die konteks van geloof vervul (Kritzinger, 2002:168). Dit is wanneer religieuse praktyke as 'n kommoditeit beskou word dat mense die verbruikersmentaliteit inneem. Dit is die idee dat 'n mens 'n religieuse praktyk besoek met die oog op die ontvangs van sake en wanneer daardie behoefte nie meer tegemoet gekom word nie, vind 'n verskuiwing gewoon plaas. Dit kan as 'n positiewe of 'n negatiewe aspek gesien word. Die feit is dat mense mekaar beïnvloed terwyl dit waarmee 'n persoon verkies om hulself te omring 'n direkte invloed op hulself en hulle persoonlike identiteit het. Dit gaan verder as om net te sê dat dit jou as mens persoonlik beïnvloed: dit het ook 'n invloed op 'n mens se persoonlike religieuse identiteitskonstruksie.

Dreyer *et al.* (2002:165) verduidelik dat religieuse identiteitskonstruksie nie die spanning tussen die self en ander kan vermy nie en dat dit gevorm word deur verhoudings met ander. Dit verduidelik dat die mense waaraan 'n persoon blootgestel word en in voortdurende kontak is 'n direkte en belangrike invloed het op die ontwikkeling van sy of

haar religieuse identiteitskonstruksie. Daarom is pluralisme en religieuse diversiteit aspekte wat ŉ bydraende rol speel rondom die ontwikkeling van religieuse identiteitskonstruksie. Hierdie aspekte moet in ag geneem word wanneer die ontwikkeling en vorming van ŉ religieuse identiteit ondersoek word.

Religieuse identiteitskonstruksie kan narratief verduidelik word (Faimau, 2017:3-4). Die begrip van persoonlike identiteit dra by tot die verstaan van konkrete en belangrike konsepte wat ŉ bydraende rol speel rondom religieuse identiteitskonstruksie. Dreyer *et al.* (2002:161) verduidelik dat identiteit as dieselfde-wees en die self-wees binne ŉ sekere tyd van ŉ mens se lewe beskou kan word, terwyl dit die twee aspekte is waarna die narratiewe perspektief ondersoek instel wanneer identiteit ondersoek word. Die narratiewe perspektief kyk na die spanning tussen stabiliteit en verandering. Hierdie spanningsveld is toegespits op die feit dat, wanneer daar na ŉ mens gekyk word, dit belangrik is om op te let na faktore wat stabiel is maar so ook faktore wat veranderend is (Dreyer *et al*., 2002:162). Hoe ŉ mens die stabiele en die veranderende faktore konstruktief benader en hanteer, is juis dit wat hierdie spanningsveld voortbring.

Persoonlike identiteit is toegespits op die vraag rondom en die verwantskap tussen die narratief en identiteit. Wanneer daar na ŉ persoon se persoonlike identiteit gekyk word, word daar na ŉ lewensstorie gekyk wat die narratiewe geheelbeeld van ŉ persoon op die voorgrond bring (Faimau, 2017:4). Die plot, of dan die lewensverhaal van ŉ persoon is geleefde ervaringe waardeur ŉ mens gevorm word en wanneer hierdie vorming plaasvind dra dit by tot die ontwikkeling van ŉ mens se persoonlike identiteit (Dreyer *et al*., 2002:162).

ŉ Persoon se identiteit is nie ŉ gegewe nie, dit is die vorming wat deur verskeie narratiewe en geleefde ervaringe meegebring word en daarom moet daar na die narratief van ŉ persoon se lewe gekyk word om die identiteit tot op hede vas te stel (Dreyer *et al*., 2002:162). Die feit is dat daar steeds verskeie geleefde ervaringe gaan voorkom wat verder aan die mens gaan skaaf en skuur. ŉ Persoon se lewensverhaal is dus belangrik, omdat dit die verstaan van ŉ persoon se identiteit op ŉ gegewe tydstip fasiliteer (Faimau, 2017:4).

Teen die agtergrond van die persoonlike identiteit kan daar nou met ŉ meer holistiese loep na religieuse identiteitskonstruksie gekyk word. Die ondersoek van ŉ mens se

religieuse identiteit met betrekking tot die narratiewe perspektief rondom persoonlike identiteit is juis dit wat die holistiese beeld van religieuse identiteit en die verstaan daarvan kan bevorder (Dreyer *et al*., 2002:160). Die vraag wat Dreyer *et al*. (2002:164) vra, lui: "wat is religieuse identiteit vanuit die perspektief vanuit narratiewe identiteit?" Die spanning wat voorkom binne die persoonlike identiteit rondom dieselfde-wees en aanpasbaar-wees kom ook voor rondom religieuse identiteit. Laasgenoemde is die uitdrukking van die eindelose spanning tussen stabiliteit en verandering. Daar is geen finale religieuse storie of religieuse plot waarmee ŉ persoon se religieuse identiteit uitgedruk kan word nie (Dreyer *et al*., 2002:164-165).

Faimau (2017:4) vermeld dat religieuse identiteit nie iets staties is nie maar wel iets is wat deurgaans vertel en verhaal moet word. ŉ Belangrike aspek rakende religieuse identiteit is die religieuse stories wat vertel word en wat deel van religieuse tradisies vorm (Faimau, 2017:4). Dit is waar die element van stabiliteit kan voorkom: iets wat as meer permanent gesien kan word wanneer daar na religieuse identiteit gekyk word. Die spanning wat verder hier voorkom is dié tussen tradisie en innovasie omdat tradisie maklik in ideologie kan verval. Elke persoon se religieuse storie is uniek omdat die geleefde ervaring deel uit maak van sy of haar religieuse identiteit.

Vanuit die verhoudingsperspektief kan die spanning tussen die self en ander nie vermy word nie. Die belangrike aspek wat in ag geneem moet word, is die feit dat ŉ religieuse identiteit ontwikkel in verhouding tot ander en die interaksies wat vanuit hierdie verhoudings voortvloei (Faimau, 2017:4-5). Die narratiewe identiteit beklemtoon die "ander" wat altyd teenwoordig is wanneer daar na ŉ mens se gewoontes en waardes gekyk word (Dreyer *et al*., 2002:165). Die "ander" speel ook ŉ belangrike rol wanneer daar gekyk word na dit waarmee ŉ mens identifiseer, veral wanneer dit na mense verwys waarmee mens jouself vereenselwig (Dreyer *et al*., 2002:165).

Die narratiewe perspektief beklemtoon dat religieuse temas, rolle en stories iewers vandaan kan kom van dit wat deel is van die konstruksie van ŉ religieuse identiteit. Die rol wat religieuse sosialisering speel beteken dat die "ander" deel kan vorm van die religieuse storie (Faimanu, 2017:4-5). Daarmee saam beïnvloed mense mekaar se gewoontes en waardes met betrekking tot dit wat van ander mense aangeleer word, wat ook binne die omgewing van religieuse sosialisering voorkom. Die voorbeeld wat Dreyer *et al*. (2002:165) noem, is die rol wat religieuse sosialisering speel wanneer dit kom by

die keuse van geloof, gelooftradisie en selfs die kerk waarmee daar vereenselwig word. Dit het alles ’n invloed op religieuse identiteitskonstruksie en die wyse waarop ander gelooftradisies en religieuse oriëntasies beskou en hanteer word (Dreyer *et al*., 2002:165).

Conradie (2005:1) vermeld dat daar na persoonlike identiteit gekyk moet word wanneer Christelik identiteit ter sprake is. Wie is ek? Waar kom ek vandaan? Waar hoort ek? Wat doen ek hier? Hoe hanteer ek probleme? Waarheen is ek op pad? Dit is die vrae wat Conradie (2005:1) oorweeg wanneer daar na persoonlike identiteit gekyk word. Wanneer hierdie vrae met sekerheid beantwoord kan word, gee dit die gevoel van identiteit. Die vrae is veral belangrik wanneer dit kom by verandering en tye van sosiale transformasie en morele fragmentering (Conradie, 2005:1). ’n Mens het gewoonlik vertroue in wie jy dink jy is, maar dit beteken nie dat ’n mens werklik weet wie jy is nie. Daar is verskeie situasies waar ’n mens se identiteit betwis word en dit kan in drie kategorieë verdeel word: tydens verandering, met die belewenis van interne spanning en rondom uitdagings en bedreiging vanuit die buitewêreld (Conradie, 2005:1). Hierdie drie kategorieë is in nou verwantskap met Dreyer *et al.* (2002:164-165) se beskrywing van faktore wat ’n bydraende rol speel rondom persoonlike identiteit.

Conradie (2005:18) verwys veral na Christelike identiteit wat direkte betrekking het op religieuse identiteit. Daar is ses boustene wat Conradie (2005:20) uit sy navorsing van bestaande literatuur identifiseer wat bydra tot die ontwikkeling van religieuse identiteit: sosiale instellings, etiese onderrig, rituele, religieuse ervaringe, mites en leerstellings. Daar word veronderstel dat hierdie ses boustene ’n bydraende rol tot die ontwikkeling van religieuse identiteitskonstruksie inhou. Die ses boustene word kortliks bespreek.

Sosiale instellings is enige religieuse tradisies wat bestaan uit mense wat institusioneel georganiseer word. Die instelling voorsien ’n sosiale konteks waar die identiteit van ’n gegewe religieuse tradisie beoefen en uitgedruk word (Conradie, 2005:20). Religieuse instellings vorm sosiale dimensies van geloof. Christendom word eenvoudig as die kerk beskou omdat dit die mees sigbare aspek van hierdie religieuse tradisie is (Conradie, 2005:20). Etiese onderrig behels die eties-gedrewe dimensie van die religieuse tradisie wat ’n noue verband toon met die institusionele dimensie (Conradie, 2005:20). Hierdie tweede bousteen veronderstel dat die instelling nie net daar is nie maar dat hy betrekking het op lewenswyse deur verskeie programme en aktiwiteite. Hierdie programme en

aktiwiteite wat binne die instelling voorkom hou verband met die gegewe konteks wat voorsien word (Conradie, 2005:20).

Die derde bousteen is rituele, dit wil sê, die religieuse tradisie. Religieuse tradisies bestaan meestal uit aanbidding, gebed en offers wat gemaak word. Daar word ook vermeld dat rituele nie alleenlik religieuse tradisies is nie maar ook kulturele tradisies kan behels wat as sekulêr beskou kan word (Conradie, 2005:20). Die feit bly staan dat rituele ŉ rol speel in die konstruksie van ŉ mens se religieuse identiteit. Die volgende bousteen is religieuse ervaringe: die ervaring van die religieuse dimensie is deurslaggewend en omstrede (Conradie, 2005:20). Elke nuwe ervaring vernuwe en versterk ŉ tradisie alhoewel dit omstrede is weens die feit dat religieuse ervaring ŉ interne en onsigbare ervaring en proses is (Conradie, 2005:20).

Mites binne die religieuse tradisie is toegespits op die mees fundamentele aannames en vrae oor die menslike bestaan. Hierdie vyfde bousteen het betrekking op die mens se oorsprong en die bestemming en dit word meestal beantwoord deur stories wat ŉ misterieuse komponent inhou (Conradie, 2005:20). Die term “mite” verwys nie na die feit dat dit vals is nie maar na die storie wat voortgebring en vertel word. Die laaste bousteen wat ŉ bydraende rol met betrekking tot die ontwikkeling van religieuse identiteit kan speel, is leerstellings (Conradie, 2005:20-21). Leerstellings is pogings om ŉ sisteem, duidelikheid en intellektuele mag te gee rondom mitologiese en simboliese taal wat gebruik word om religieuse tradisies en praktyke te verklaar. Daar is ŉ nabye verband tussen al die ander aspekte van religieuse identiteit en leerstellings (Conradie, 2005:20-21). Die rede hiervoor is dat leerstellings die resultaat is van die weerspieëling van kognitiewe inhoud wat toegespits is op religieuse identiteit as geheel.

Alhoewel daar verskeie perspektiewe rondom religieuse identiteitskonstruksie is, word daar nie ŉ konkrete definisie van religieuse identiteit binne die literatuur voorgestel nie. Daar is verskeie aspekte wat ooreenkomste bewerkstellig tussen die verskillende perspektiewe en wat duidelik ŉ direkte invloed op religieuse identiteitskonstruksie het. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word oor die definisie van religieuse identiteitskonstruksie is dat verskeie faktore en aspekte ŉ rol speel rondom die vorming van ŉ mens se religieuse identiteit. Die aspek wat Dreyer *et al.* (2002:160-165) en Conradie (2005:1-21) beklemtoon, is die feit dat mense ŉ invloed het op mekaar en dat die persoonlike identiteit ŉ nabye verband met die religieuse identiteit toon. Daarmee

saam word die konsep van die spanning tussen die permanente en die veranderende faktore binne 'n mens se lewe voorgehou as bepalende faktore deur Dreyer *et al*, (2002:160-165) en Conradie (2005:20-21) en dit bied klarigheid daaroor dat hierdie faktore 'n rol speel ten opsigte van religieuse identiteitskonstruksie.

## 3.3 DIE BEVORDERLIKE EN STREMMENDE ASPEKTE VAN RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE

Om die religieuse lewe van 'n student te ondersoek en te verstaan verg baie meer as net die bepaling van die affiliasie waarby hy of sy betrokke is. Die vlak van spiritualiteit en intimiteit moet ook bepaal word om werklik vas te stel waar 'n spesifieke groep soos studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys hulself binne religieuse identiteitskonstruksie bevind (Nell, 2016:1). Daarby verg dit die toetsing en vasstelling van verskeie faktore om by 'n konklusie uit te kom (Nell, 2016:1).

Die doel van hierdie studie is egter om na die konteks binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing te kyk en ondersoek in te stel na dit wat bevorderlik en stremmend kan wees vir religieuse identiteitskonstruksie. Die doel is nie om vas te stel waar studente hulself binne verskeie religieuse affiliasies en oriëntasies bevind nie. Die klem val egter op die verskeie moontlikhede wat binne hierdie gegewe konteks voorkom wat as bevorderlik en/ of stemmend vir religieuse identiteitskonstruksie kan wees.

### 3.3.1 Aspekte wat religieuse identiteitskonstruksie bevorder

Die aspekte wat religieuse identiteitskonstruksie bevorder binne die gegewe Suid-Afrikaanse konteks word vervolgens ondersoek. Dit gaan hier oor die positiewe bydrae wat die omgewing van die openbare hoëronderwysomgewing binne die Suid-Afrikaanse konteks vir religieuse identiteitskonstruksie inhou.

Verskeie religieuse affiliasies bied die geleentheid om deel te vorm van 'n spesifieke groep. Studente verwys meestal na jong volwassenes wat persoonlike keuses kan beoefen, nie omdat 'n ouer dit van die kind vereis nie, maar omdat die jong volwassene self 'n keuse wil uitoefen (Bertram-Troost *et al.,* 2007:132-150; Grotevant & Cooper,

1985:415-428). Die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing bied die geleentheid vir ŉ student om keuses uit te oefen deur deel te vorm van ŉ religieuse groep waarmee daar geassosieer en geaffilieer word. Die gevoel van "behoort" kan hier bewerkstellig word, omdat jy nou aan ŉ spesifieke groep behoort. Strayhorn (2019:i) vermeld dat die gevoel van "behoort" ŉ belangrike aspek is vir universiteitsstudente en dat dit bydra tot die sukses van hierdie fase van ŉ student se lewe veral wanneer dit by akademie kom. Dit beïnvloed nie alleenlik die student se akademiese sukses nie maar beïnvloed sy of haar aspirasies, prestasies en voltooiing van die studies (Bertram-Troost *et al.,* 2007:132-150).

Die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing bied die geleentheid vir ŉ student om die gevoel van "behoort" te bewerkstellig deur deel te vorm van verskeie groepe (Strayhorn, 2019:i). Die groepe waaraan daar behoort kan word, behels natuurlik ook religieuse organisasies soos kerke waaraan jy kan behoort maar die studente waarmee daar studeer word kan ook as ŉ groep beskou word. Daar is bykans oneindige geleenthede vir studente om aan groepe te behoort. Die fokus is egter op die bevorderlike aspekte rondom studente se religieuse identiteitskonstruksie. Daarom word daar op die religieuse organisasies soos kerke gefokus omdat dit direk bydra tot religieuse identiteitskonstruksie.

Religieuse organisasies soos kerke binne studente gemeenskappe het die geneigdheid om te korreleer met universiteite, en dit dra daartoe by om aan studente blootstelling te bied aan verskeie religieuse organisasies met verskillende oriëntasies (Cradit & Wawrzynski, 2018:120). Dit lei daartoe dat studente kan kies aan watter religieuse oriëntasie hulle wil behoort wat die gevoel van "behoort" verder versterk. Religieuse studente organisasies bied ook die geleentheid om as morele agent vir studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing te dien (Cradit & Wawrzynski, 2018:120).

Hierdie agente bied sosiale ondersteuning, persoonlike aanvaarding en ook die gevoel daarvan om iets vir die mense rondom jou te beteken, wat verder bydra tot die gevoel van "behoort" (Grotevant & Cooper, 1985:415-428; Cradit & Wawrzynski, 2018:120). Daar word gestel dat daar ŉ onlosmaaklike band tussen studente kan voorkom en dit maak van mentorskap so ŉ kragtige middel vir persoonlike groei en religieuse identiteitskonstruksie (Cradit & Wawrzynski, 2018:120).

Religieuse studentegemeenskappe word as algemeen in Suid-Afrikaanse universiteite beskou (Cradit & Wawrzynski, 2018:120). Dit word net soos enige ander studentegemeenskap beskou. Dit bied gerieflike toegang vir studente om deel te vorm van ŉ gegewe religieuse gemeenskap. Binne hierdie gemeenskap kan daar ook agente voorkom wat as mentors kan dien vir studente wat religieuse identiteitskonstruksie bevorder. Mentorskap is ook iets wat binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing voorkom en wat nie alleenlik uitkontrakteer word na kerke in die omliggende gebied nie. Dit verwys ook na mentorskap-programme wat deur die universiteit geïnisieer word en wat ondersteuning bied aan studente op verskeie vlakke, hetsy akademies, persoonlik of religieus. Die feit bly staan dat dit algemeen vir Suid-Afrikaanse openbare universiteite is om bystand aan studente te bied en dat dit in verskeie vorme en middele voorkom (Cradit & Wawrzynski, 2018:122).

Daar word verder gestel dat studente wat deel is van religieuse studente-organisasies meer geneig is daartoe om diversiteit te aanvaar. Die moontlikheid dat konflik kan voorkom weens die groot diverse Suid-Afrikaanse samelewing is kleiner binne universiteite waar diverse religieuse studente-organisasies voorkom (Cradit & Wawrzynski, 2018:122-123). Alhoewel diversiteit steeds ŉ aspek vorm binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing, hou dit dan nie ŉ ernstige konflikgevaar in nie (Cradit & Wawrzynski, 2018:122). Van ŉ algemene studente-betrokkenheidsoogpunt het religieuse studente-organisasies ŉ positiewe invloed op betrokkenheid by opvoedkundige en doelgerigte universiteitsaktiwiteite. Dit dra by tot akademiese sukses, die behou van studente en ook die volharding van studente (Cradit & Wawrzynski, 2018:123).

Bevorderlike aspekte vir studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys aangaande religieuse identiteitskonstruksie is belangrik omdat die vrug daarvan lank na studente studeer het steeds duidelik in hulle lewe gesien kan word. Daarom is hulle nie net aspekte wat as belangrik en bevorderlik vir religieuse identiteitskonstruksie gesien kan word nie, maar ook vir persoonlike ontwikkeling. Dit speel ŉ bydraende rol tot verskeie aspekte van ŉ student se lewe wat die koers daarvan kan beïnvloed en bepaal.

### 3.3.2. Stremmende aspekte rondom religieuse identiteitskonstruksie

ʼn Student se religieuse identiteit ontwikkel weens die invloede wat ʼn rol speel daarin en die student se totale lewensverhaal en ervaring is ʼn onlosmaaklike deel daarvan. Religieuse identiteit ontwikkel in verhouding met ander mense, hetsy dit bevorderlik of stremmend van aard is (Dreyer *et al*., 2002:165). In hierdie afdeling word verskeie aspekte ondersoek wat ʼn stremmende invloed op religieuse identiteitskonstruksie kan inhou binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing. Alhoewel daar verskeie aspekte is wat binne hierdie omgewing as stremmend vir studente se algehele welwees beskou kan word, word die fokus hier geplaas op die stremmende aspekte wat religieuse identiteitskonstruksie beïnvloed.

Alhoewel religieuse studentegemeenskappe algemene instellings binne meeste Suid-Afrikaanse universiteite is, is daar steeds studente wat nie die nodige blootstelling aan hierdie gemeenskappe kry nie (Cradit & Wawrzynski, 2018:122). Weens die gebrek aan blootstelling kan mentorskap-programme nie ten volle hul doel dien om as morele agente vir verskeie studente op te tree nie. Daarom kan die gebrek weens die nodige blootstelling aan religieuse gemeenskappe ʼn stremmende effek op religieuse identiteitskonstruksie hê.

Wanneer studente kies om nie deel te vorm van religieuse studentegemeenskappe nie word religieuse identiteitskonstruksie daardeur beïnvloed. Die rede waarom verskeie studente kies om nie deel van hierdie gemeenskappe te vorm nie word hier verder ondersoek. Studente se keuse om nie deel van enige religieuse studente gemeenskappe te vorm nie kan toegeskryf word aan verskeie redes. Een van die redes is dat daar ʼn gevoel van eksklusiwiteit binne ʼn bepaalde groep mag wees (Dickie, 2020:51-52). Die feit dat ʼn student net bloot nie deel wil vorm van ʼn religieuse studentegemeenskap nie verklaar die keuse nie volledig nie. ʼn Student wil dalk deel wees van ʼn gegewe gemeenskap maar weens die feit dat dit so eksklusief bestuur word, word dit moeilik vir nuwe lede om deel te vorm daarvan (Dickie, 2020:51-52).

Wanneer dit vir ʼn student moeilik is om deel te vorm van ʼn gemeenskap waaraan hulle graag wil behoort, kom die verskeie stremmende aspekte rondom religieuse identiteitskonstruksie na vore. Die idee van eksklusiwiteit sluit dadelik verskeie mense uit (Dickie, 2020:51-52). Die intensie van die gemeenskap is dalk nie eers om eksklusief

voor te kom nie, maar die gebrek aan ŉ ruimte vir nuwe studente laat dit eksklusief lyk. Eksklusiwiteit beïnvloed mentorskap-programme wat as morele agente sou kon dien. Die feit dat religieuse studentegemeenskappe as morele agente kan dien word ook natuurlik uit die weg geruim as gevolg van eksklusiwiteit (Cradit & Wawrzynski, 2018:122; Dickie, 2020:51-52).

Binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing is studente deel van ‘n demografiese groep wat onder baie stres is. Alhoewel daar verskeie mense in die wêreld is wat stres ervaar, is bewys dat studente een van die demografiese groepe is wat die meeste stres ervaar (Stoddard, 2017:10). Stres word beskryf as die gevoel van oorweldiging deur ŉ stimuli en dat ŉ persoon se omgewing ŉ direkte invloed op sy of haar welstand het (McConnachie, 2019:11). Daar word wel verklaar dat universiteitstudente hoë vlakke van stres ervaar, maar die rede vir die stres is iets wat moeilik bepaal word. Weens die diverse omgewing van ŉ Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing is daar verskeie faktore wat die redes vir die stres kan wees (McConnachie, 2019:11; Stoddard, 2017:10). Die uitdaging rondom die verklaring van die redes is dat studente verskil, terwyl dit moontlik ŉ stressor kan wees vir een maar nie die ander nie (McConnachie, 2019:1). Hier kom die uitdaging  na vore, maar die feit bly dat studente hoë vlakke van stres ervaar (Stoddard, 2017:10-11).

Hierdie stres wat ervaar word en die verskeie redes daarvoor is stremmende faktore wat optimale religieuse identiteitskonstruksie beïnvloed. Die rede waarom stres as ŉ stremmende aspek beskou word, is omdat die wyse waarop studente stres hanteer meestal nie gesond is nie (Stoddard, 2017:10-11). Die verskeie wyses waarop studente stres hanteer is die oormatige gebruik van alkohol, min slaap en slegte eetgewoontes, om maar net ŉ paar te noem. Daar is diegene onder studente wat stres op ŉ gesonde en optimale wyse hanteer, maar hulle is ongelukkig in die minderheid (McConnachie, 2019:11-12). Die ongesonde wyse waarop stres hanteer word, werk stremmend in op ŉ mens se religieuse identiteitskonstruksie, omdat die vermyding van stres en die gedrag wat daaruit vloei aktiwiteite behels wat moontlik nie in ooreenstemming is met hul geloof nie. Hierdie gedrag en moontlike ervarings van skuld en skaamte kan religieuse identiteitskonstruksie en ŉ intieme en vrymoedige verhouding met God strem.

Die idee dat alkohol die simptome van stres verlig, is steeds ŉ denkwyse wat die oorhand geniet onder universiteitsstudente (McConnachie, 2019:2). Wanneer daar na

universiteitsstudente verwys word, handel dit oor die meerderheid van die studente en nie die minderheid wat stres sonder alkohol hanteer nie (McConnachie, 2019:2). Alkoholmisbruik weens stres het ʼn stremmende effek op die ontwikkeling van ʼn student se religieuse identiteit omdat dit so teenstrydig is met die Christelike geloof.

Alhoewel die misbruik van alkohol ʼn probleem is onder universiteitstudente is dit nie die kern van die probleem nie: dit is net die simptoom van ʼn dieper probleem wat in hierdie geval stres en ontoepaslike hanteringsmeganismes is. Stres kan verskeie vorme aanneem onder verskillende mense en studente se lewens, en die wyse waarop hierdie stres hanteer word, kan noodlottige uitkomste inhou.

Daar is verskeie stremmende aspekte rondom religieuse identiteitskonstruksie binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing en hulle kniehalter geloof, religieuse oriëntasie, die intieme verhouding met God en ook persoonlike ontwikkeling (Cook, 2006:1-8). Stres, eksklusiwiteit, ʼn gebrek aan mentorskap-programme en die gebrek aan bewustheid van mentorskap-programme en religieuse studente organisasies is aspekte wat binne die konteks van hierdie studie beskou kan word as dat hulle stremming op religieuse identiteitskonstruksie plaas.

## 3.4 SAMEVATTING

Die navorsingsvraag wat aan die begin van die hoofstuk gestel is, word met ʼn gegewe doel gevra. Die doel wat vir hierdie hoofstuk geïdentifiseer is, is die volgende: *Om uit geraadpleegde bronne aan te dui wat religieuse identiteitskonstruksie is en hoe dit in die konteks van Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys bevorder of gerem kan word.* Daar is verskeie aspekte wat ʼn bydraende rol speel tot die optimale ontwikkeling van ʼn student se religieuse identiteitskonstruksie binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing. Met die oog daarop om die bevorderlike en stremmende aspekte rondom religieuse identiteitskonstruksie te ondersoek, is dit belangrik om die konsep van religieuse identiteitskonstruksie te verstaan; daarom is daar ondersoek gedoen na religieuse identiteitskonstruksie, waarna die bevorderlike en stremmende aspekte ondersoek is. Teen die agtergrond van religieuse identiteitskonstruksie kan daar holisties na die bevorderlike en stremmende aspekte gekyk word om die invloed daarvan te identifiseer.

Die metodologiese demensies van die praxis siklus wat hier gebruik is, naamlik spiritualiteit, persoonlike betrokkenheid en sosiale analise, dra by tot die verstaan van die identiteitsvraagstuk. Spiritualiteit is 'n komponent wat deurgaans gebruik word weens die klem wat Kritzinger (2002: 168-169) daarop lê en die integrale aard daarvan in die praxis siklus. Wanneer identiteit in die lig van spiritualiteit ondersoek word, lei dit dat 'n mens persoonlike betrokke is binne 'n gegewe sosiale konteks om sodoende religieuse identiteitskonstruksie beter te begryp. Kritzinger (2002:169) verwys dat spiritualiteit verskeie lewens van gelowiges deur die jare gevorm het. Hierdie formatiewe krag van Christelike spiritualiteit wat binne 'n spesifieke sosiale konteks voorkom verwag en lei dat persoonlike betrokkenheid van 'n persoon betrokke moet wees sodat religieuse identiteitskonstruksie volwaardig verstaan en ontwikkel kan word.

Die omskrywing van religieuse identiteitskonstruksie versamel verskeie aspekte van die Christelike teologie onder 'n sambreel. Conradie (2005) is van mening dat die Christelike teologie juis handel oor 'n diepere verstaan van Christelike identiteit. In die volgende hoofstuk word teologies gereflekteer op die fenomeen van religieuse identiteitskonstruksie vanuit 'n teologies antropologiese perspektief, gegrond op die gesaghebbende werk van David Kelsey, *Eccentric Existence. A Theological Anthropology*.

# HOOFSTUK 4

# TEOLOGIESE ANTROPOLOGIESE PERSPEKTIEF OP RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE

## 4.1 INLEIDING

Teologiese antropologie is die deel van teologie wat toegespits is op die Christelike begrip van die mens (Oviedo, 2013:80-85). Religieuse identiteitskonstruksie is deel van dit wat ʼn mens is. Die bevindinge wat in hoofstuk drie rakende religieuse identiteitskonstruksie binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing ondersoek en bespreek is, word as wegspringblok in hierdie hoofstuk gebruik. Die ondersoek is hier na ʼn teologiese antropologiese perspektief rondom religieuse identiteitskonstruksie en word gebou op die fondasie van bevindinge in die vorige hoofstuk. Alhoewel ʼn mens se religieuse identiteit deurgaans ontwikkel, blyk dit dat teologiese antropologie verskeie perspektiewe na vore bring wat van waarde is ten opsigte van hierdie studie. Die perspektief van teologiese antropologie met betrekking tot religieuse identiteitskonstruksie word met behulp van bestaande relevante literatuur ondersoek in hierdie hoofstuk. Die vraag wat ondersoek word, lui: *Watter insigte bied 'n teologiese antropologiese perspektief, in besonder dié van David Kelsey, rondom die religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente?*

Om hierdie vraag te beantwoord, word die grondslae van teologiese antropologie bestudeer en bespreek om sodoende by te dra tot die ondersoek van religieuse identiteitskonstruksie. Weens die aard van dit wat in hierdie hoofstuk ondersoek word, kom die dogmatiese perspektief hier aan die orde, onder andere omdat die identiteitsvraagstuk wat hierdie studie bespreek, aansluit by die dogmatiek. Die dogmatiese perspektief bied verskeie insigte wat kan bydra tot die verstaan van religieuse identiteitskonstruksie. Die teologiese refleksie fase van die praxis siklus word in hierdie hoofstuk aangewend. Die antropologiese aard van hierdie studie verwys daarna dat teologiese refleksie ʼn betekenisvolle bydrae tot die ondersoek kan lewer. Teologiese refleksie verwys na ʼn mens se siening van die Woord van God wat in hierdie hoofstuk tesame met spiritualiteit as metodologiese basis vir die ondersoek gebruik gaan word. Teologiese antropologie verwys na die studie van die mens en spiritualiteit is ʼn integrale deel van ʼn mens, veral met die oog op ʼn teologiese refleksie. Wanneer die Skrif bestudeer

word, is spiritualiteit as dimensie of komponent ŉ belangrike wyse wat die grondslag van die Christelike begrip van mens weergee. Weens hierdie feit is dit belangrik om in hierdie hoofstuk Kritzinger (2002:149-150) se dimensie van spiritualiteit saam met teologiese refleksie te gebruik om sodoende ŉ holistiese teologiese antropologiese begrip van menswees te ondersoek en te bewerkstellig.

In ŉ eerste afdeling van hierdie hoofstuk word die breë konteks van teologiese antropologie op grond van bestaande literatuur bespreek. Tweedens word die werk van Kelsey en sy perspektief rakende menswaardigheid, menslike florering en die beeld van God verken en bespreek. Daarna word ŉ gevolgtrekking van ŉ mens se verhouding met God en so ook ŉ mens se verhouding met ander mense gemaak.

## 4.2 TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE

Teologiese antropologie is ŉ studieveld wat steeds groei en waaruit verskeie perspektiewe spruit. Die doel van hierdie afdeling is om agtergrond te bied rondom teologiese antropologie. Hier word verwys na nuwe innoverende navorsing wat onlangs gedoen is en wat hierdie studieveld uitdaag en aanmoedig om nuwe perspektiewe te ondersoek.

Teologiese antropologie is per definisie afkomstig van die Griekse woord “anthropos” wat mens of te wel menswees beteken. In die mees grondliggende vorm verwys antropologie na die studie van die mens. Vanuit die Christelike teologiese tradisie word Genesis 1:26-27 as die fundamentele teks gebruik as die wegspringblok vir teologiese antropologie. Die rede hiervoor is dat dit die mees grondliggende wese van menswees beskryf wat toegespits is op die feit dat die mens na die beeld van God geskape is (Bird, 2017; Treloar, 2005:1-2). Die korrelasie tussen die mens en die goddelike is hier uniek en geïsoleer in die Hebreeuse geskrifte (Bird, 2017).

Die korrelasie het tot verskeie spekulasies rakende die geskiedenis aanleiding gegee wat al vir eeue lank bespreek word. ŉ Kritiese aspek van hierdie geskiedenis is die interpretasie hiervan wat deur die vroeë Christelike geskrifte aangebied is (Bird, 2017, Treloar, 2005:1-2). Die interpretasie is gekombineer met Genesis 2-3 rondom spekulasie oor die probleem van sonde en die effek wat die “sondeval” op die beeld van die mens

gehad het. Die leerstelling van die *imago Dei* het ontstaan deur ondersoek in te stel na die beeld van God vanuit ŉ teologiese antropologiese perspektief (Bird, 2017).

Die interpretasies van die gedagte dat die mens geskape is na die beeld van God het vanuit verskeie perspektiewe binne die vroeë kerk ontstaan (Bird, 2017). Die Nuwe-Testamentiese geskrifte wat met die Pauliniese denkskool gepaard gaan, verwys terug na die feit dat Jesus as die "tweede Adam" gesien word. Daarom is Christus geïdentifiseer as hy wat geskape is na die beeld van God (Bird, 2017). Wanneer hierdie geskrifte deur die lens van Paulus se werk bekyk word en deur dié van Augustinus – wat een van die vroeë kerkvaders was -is dit die verwysing na *imago Dei* en waar hierdie leerstelling onstaan het (Bird, 2017). Waarom soveel klem lê op *imago Dei* as leerstelling? Omdat dit so ŉ duidelike korrelasie met teologiese antropologie het. *Imago Dei* is die leerstelling wat verwys na die beeld van God, en teologiese antropologie is toegespits op die studie en wetenskap van die mens of te wel die menslikheid van die mens (Treloar, 2005:1-2).

Teologiese antropologie is nie ŉ nuwe dissipline nie. Die behoefte om die mens as ŉ persoon te bestudeer en as ŉ wese wat ontvanklik is vir transendensie het nie afgeneem nie (Treloar, 2005:1-2), alhoewel dit blyk dat die huidige eeu die voorgangers van hierdie studie wil uitdaag. Daarmee saam neem die hoeveelheid natuurrampe reg oor die wêreld toe en die arbitrêre lyding wat die mens as gevolg daarvan ondergaan, eis juis ŉ teologie van die mens as ŉ persoon ten opsigte van hierdie kollektiewe kwesbaarheid (Treloar, 2005:1-2). Daarom is dit belangrik dat dit met die nodige erns beskou en bestudeer word. Anders gestel: binne die religieuse en kulturele plurale wêreld waarin ŉ mens vandag leef, word families al hoe meer met ŉ kollektiewe kwesbaarheid gekonfronteer wat die belangrikheid van die studie van die mens as ŉ persoon opnuut beklemtoon (Grotevant & Cooper, 1985:415-428; Treloar, 2005:1-2). Die belangrikheid van en nood vir teologiese antropologie as studieveld word tans onderstreep.

Om na die beeld van God geskape te wees, is ŉ bekende vraagstuk in die teologiese antropologie. Meszaros en De Maeseneer (2017:1-4) vra egter die vraag: "Wat beteken dit om na die beeld van Liefde geskape te wees?" Dit is nie ŉ bekende vraag wat mens aldag hoor binne die veld van teologiese antropologie nie. Volgens Meszaros en De Maeseneer (2017:1-4) is liefde die hart en die kern van die Christelike geloof. Die Woord van God verkondig dat God liefde is en dat die Woord opdrag gee aan die mens om mekaar lief te hê. Meszaros en De Maeseneer (2017:1-4) is van mening dat daar binne

die veld van teologiese antropologie nie ŉ duidelike skakel tussen die leerstelling van *imago Dei* en die kritiese identifikasie van die besef rondom “God is liefde” is nie. Die verskeidenheid en veelheid publikasies in hierdie veld dui daarop dat teologiese antropologie groei en meer prominent word. Die probleem is dat daar min klem op die intrinsieke skakel tussen die mens as persoon en liefde geplaas word (Logan, 2005:5; Meszaros & De Maeseneer, 2017:1).

Die doel van Meszaros en De Maeseneer (2017:2) se werk is om terug te keer na die geskiedenis van teologiese antropologie en ŉ skakel tussen *imago Dei* en liefde te bewerkstellig. Hierdie werk verwys na onlangse navorsing wat gedoen is en wat ŉ nuwe perspektief vorendag bring.

Bestaande navorsing in die teologiese antropologie bied verskeie perspektiewe, maar keer steeds terug na die kernverse van Genesis 1:26-27. Die interpretasie van die kernverse word toegespits op perspektiewe rondom die verskil tussen die “beeld” en die “gelykenis” (Logan, 2005:5). Die verskil wat Logan (2005:5) hier uitwys, is dat die “beeld” verwys na die menslike natuur en dat die “gelykenis” is toegespits op die mens se verhouding met God wat deur die sondeval beïnvloed is. Daar word ook uitgewys dat beide hierdie woorde ŉ meer abstrakte betekenis het, maar ook dat dit na die fisieke ooreenkomste tussen God en die mens verwys (Logan, 2005:5).

In die veld van teologiese antropologie is navorsing gedoen oor verskeie perspektiewe wat vandag steeds relevant is. Teen die agtergrond van bestaande navorsing blyk dit duidelik dat daar in hierdie veld ŉ nabye verwantskap is met religieuse identiteit wat in hierdie studie ondersoek word. Die rede hiervoor is dat teologiese antropologie per definisie toegespits is op die mens en die Christelike begrip van die mens, soos dit aangedui is (Oviedo, 2013:80-85). Identiteitskonstruksie en teologiese antropologie is toegespits op die ondersoek van menslike begrip en daarom is daar ŉ nabye verwantskap tussen hierdie twee studievelde. Die perspektiewe wat binne teologiese antropologie voorkom, is waardevol met betrekking tot die ondersoek van studente binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing en die religieuse identiteitskonstruksie wat binne die omgewing plaasvind. Die perspektiewe wat in Kelsey se teologiese antropologie voorkom wat ŉ nabye verband het tot hierdie studie se vraagstuk, bring die ondersoek tot ŉ antwoord vir religieuse identiteitskonstruksie, wat volgende bespreek word.

## 4.3 KELSEY SE TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE

Hierdie afdeling fokus slegs op Kelsey se teologiese antropologie. Daar is verskeie ander teoloë se antropologiese vertrekpunte wat gebruik sou kon word om hierdie ondersoek voort te sit soos, Simon Maimela, Nancey Murphy, Karl Rahner, Marc Cortez, Dietrich Bonhoeffer, Russel Botman, David Bentley Hart, Miikka Anttila, Mark Mattes en nog vele ander. Elk van hierdie teoloë maak verskeie gepaste en waardige bydraes in die veld van teologiese antropologie, net soos David Kelsey, maar Kelsey se werk is omvattend en bied die nodige insig vir hierdie studie.

David Kelsey se boek Eccentric existence (2009) bestaan uit ʼn duisend bladsye en word beskou as een van die mees belangrike werke in Christelike teologiese antropologie en bied insig oor wat dit beteken om ʼn mens te wees, wat direk verband hou met religieuse identiteit wat in hierdie studie ondersoek word. Dit bied ook insig oor die verwantskap tussen teologiese antropologie en religieuse identiteitskonstruksie. Die insigte oor menswaardigheid, menslike florering, die beeld van God, mens se verhouding met God en ʼn mens se verhouding met ander. Kelsey bespreek sy teologiese antropologie in drie dele; skepping, eksatologiese vervulling, en versoening, in wat hy ʻn drie-dimensionele heliks noem (2009:897).

Die rede waarom David Kelsey se antropologiese perspektiewe vir hierdie studie gekies is, is weens die insigte wat hy lewer oor die mens rakende identiteitskonstruksie, is perspektiewe wat hierdie studie versoek met ʼn bepaalde konteks as gegewe agtergrond. Die uitdagings vir identiteitskonstruksie wat in hierdie studie identifiseer is, bied Kelsey se teologiese antropologiese perspektiewe die nodige insigte om dit te oorkom. Dit handel veral oor die verskeie aspekte van menswees wat hy in sy boek ondersoek en bespreek het. Wanneer die verskeie afdelings van menswees in verhouding tot God teen die agtergrond van die gegewe uitdagings bespreek word, blyk dit duidelik dat dit wat Kelsey se perspektiewe na die tafel toe bring aansluit om die uitdagings te oorkom. Die wyse waartoe dit aansluit om dit te oorkom begin eerstens deur die verstaan van menswees, wat Kelsey in sy navorsing uiteensit. Sonder hierdie perspektiewe van Kelsey se teologiese antropologie ontbreek dit die nodige kennis van menswees in verhouding met

en tot God en ander wat ’n interaktiewe en interafhanklike rol vir religieuse identiteitskonstruksie inhou.

Die sistematies-teologiese insigte wat Kelsey in sy benadering tot teologiese antropologie voortbring, het ’n noue verband tot die praktiese aard van hierdie studie. Dit is weens die feit dat die sistematiese beginsels van Kelsey se teologiese antropologie verwys na verskeie praktiese elemente en die uitvoerbaarheid daarvan wat aansluit by die prakties-teologiese aard van hierdie studie (Kelsey, 2009:895). Die perspektief wat Kelsey se teologiese antropologie na die tafel toe bring, hou direkte verband met die vraagstuk wat hierdie studie vra rakende religieuse identiteitskonstruksie. Religieuse identiteitskonstruksie is vanuit die lens van hierdie teologiese antropologiese perspektief benader, om sodoende ’n duideliker beeld van die mens in wese te skep. Wanneer die mens in alle reg beter verstaan word, wat baseer is op die Woord van God, kan die korrelasie met religieuse identiteitskonstruksie beter verstaan word.

Die drie vrae wat Kelsey (2009:893) voorstel wat in Christelike teologiese antropologie ondersoek word, is die beduidende faktor wat aandui op die relevansie van Kelsey se teologiese antropologiese benadering om die vraagstuk van hierdie studie te beantwoord. Die vrae wat Kelsey (2009:893) voorstel en ondersoek is, “Wie is ek?”, “Wie is ons?” en “Hoe is ons veronderstel om ons lewe te oriënteer en ons lewe te leef?”. Hierdie vrae sluit aan by die beeld van God wat verder in hierdie studie ondersoek word.

Hierdie gegewe perspektief van Kelsey wat verskeie aspekte van die mens aanspreek, word as lens gebruik waardeur ’n mens gesien moet word wat insig bied tot die verstaan van religieuse identiteitskonstruksie. Die wyse waarop die verskeie uitgangspunte van die mens, soos deur Kelsey weergegee, as lens ingespan word, bied dit nie net alleenlik ’n verstaan van religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologiese studente nie. Dit bring insigte van ’n mens in wese en hoe die mens beskou word. Sodra die beskouing van die mens gegrond op hierdie spesifieke teologiese antropologiese lens is, bied dit insig nie net van die mens in die algemeen nie maar veral in die wyse van hoe religieuse identiteitskonstruksie as basis ontwikkel.

Die verskeie uitgangspunte van ’n mens word vanuit Kelsey (2009) se perspektief ondersoek en bespreek wat as lens gebruik moet word waardeur religieuse identiteitskonstruksie beskou word. Menswaardigheid is die eerste uitgangspunt wat

ondersoek word in hierdie afdeling van die huidige projek. Daarna word na menslike florering en die beeld van God gekyk. Die beeld van God word dan bespreek, gevolg deur die mens se verhouding met God. Laastens word die mens se verhouding met ander mense teen die agtergrond van Kelsey se werk ondersoek.

#### 4.3.1 Menswaardigheid in Kelsey se teologiese antropologie

Kelsey (2009:275) verklaar dat menswaardigheid eksentries is in ŉ woordspeling wat weergee dat dit buite die mens gegrond en gesentreer is. Hierdie verklaring van menswaardigheid soos deur Kelsey uiteengesit, verskil aansienlik van die dominante moderne konsep van menswaardigheid wat deur die Westerse samelewing weergegee word (Kelsey, 2009:275). Waar dit wel ooreenstem is dat menswaardigheid beskryf word as die absolute waarde van ŉ mens. Die toepassing van die van menswaardigheid is waar die verskil veral sigbaar is. Die dominante benadering tot menswaardigheid verwys na die waarde wat ander mense vir iemand gee deur verskeie funksies wat deur ŉ mens gedoen of gehartig word. Kelsey stel hier juis die teenoorgestelde voor en verduidelik dit as ŉ objektiewe self-bestaan eerder as ŉ subjektiewe bestaan wat ŉ objek van ander se neigings of vrye keuses is (Kelsey, 2009:275). Om menswaardigheid verder te verstaan word daar na verskeie aspekte en diskoerse daarvan bespreek.

Die verskeie diskoerse oor menswaardigheid en wat waardigheid aan ŉ mens verleen, word onderskei ten opsigte van vyf heersende perspektiewe (Marais, 2013a:235), naamlik daardie perspektiewe wat toegespits is op status binne ŉ gegewe samelewing, die uniekheid van menslike wesens en die onderskeiding tussen nie-menslike wesens, lewenskwaliteit en sosiale bruikbaarheid, kognitiewe vermoëns, en laastens, verhoudings. Marais (2013a:235) vermeld dat Wolfgang Huber twee perspektiewe van menswaardigheid noem en dat dit die Europese tradisie onderskei van ander.

Menswaardigheid word vanuit hierdie perspektief as status beskou. Dit is toegespits op die wyse waarop ander mense binne ŉ bepaalde samelewing ŉ mens sien, en dit bied waarde aan ŉ mens. Marais (2013a:235) gebruik die woord "eer" om hierdie status wat gekoppel is aan menswaardigheid te beskryf. Die tweede perspektief wat hier gebruik word om menswaardigheid aan ŉ persoon toe te skryf, is die onderskeid tussen menslike

en nie-menslike wesens. Dit verwys na die posisie wat ŉ mens binne die kosmos inneem, wat die bepalende faktor is vir hierdie onderskeid (Marais, 2013a:235).

Die derde komponent wat as diskoers gebruik word wanneer dit gaan oor menswaardigheid is die kwaliteit van lewe. Eibach beskryf die positiewe en of negatiewe waarde van menslike lewe as menswaardigheid (Marais, 2013a:236). Hier veronderstel menswaardigheid die bruikbaarheid van die mens op ŉ openbare en sosiale vlak. Die waarde wat ŉ mens sosiaal en op ŉ openbare terrein toevoeg is die komponent wat waarde aan ŉ mens toevoeg. Die vierde komponent wat gebruik word rondom menswaardigheid is kognitiewe vermoëns. Volgens Marais (2013a:236) vermeld Oswald Bayer dat menswaardigheid die produk van bepaalde kwaliteite is. Hierdie kwaliteite is rasionaliteit, selfstandigheid en selfbewussyn wat ŉ mens die vermoëns gun om op te tree op ŉ aanvaarbare wyse en wat aan verskeie standaarde voldoen. Hier word die mens gesien as ŉ produk van hulle kognitiewe vermoëns (Marais, 2013a:236).

Die laaste komponent wat gebruik word om menswaardigheid te beskryf, is verhoudings (Marais, 2013a:236). Hier word veral klem gelê op die verhouding tussen God en die mens wat as basis beskou word vir die bestaan van menslike lewe. Menswaardigheid word hier beskryf as die wyse waarmee in afhanklik tot ander mense geleef word en vir afhanklikes gesorg word, vermeld Marais (2013a:236). Menswaardigheid funksioneer nie outonoom nie omdat dit gekoppel is aan die verskeie diskoerse waarbinne dit funksioneer (Marais, 2013a:236).

Hierdie perspektiewe dien as agtergrond vir studies wat die waardigheid van die mens beskryf. Vervolgens word Kelsey se werk ten opsigte van menswaardigheid ondersoek. Kelsey (2009a:274-275) vermeld dat menslike wesens se waarde as eksentries beskou word. Eksentries handel oor die feit dat waarde van ŉ mens buite die mens opgesluit lê (Kelsey, 2009:275). Dit verwys na die menslike wesens wat inherent aanspreeklik is vir hulle antwoord tot God en dit word gesien as die teologiese grondslag wat unieke waardigheid aan ŉ mens toeskryf (Kelsey, 2009a:274 – 275; Marais, 2013a:241). Die antwoord of reaksie tot God verwys nie alleenlik dat ŉ mens tot God reageer nie, maar dat die gepaste respons tot God openbaar word (Kelsey, 2009:274).

Kelsey se perspektief is toegespits op die feit dat ŉ mens nie namens ŉ ander persoon op God kan reageer nie en geen mens aanspreeklik is vir ŉ ander mens se antwoord tot

God nie; juis weens hierdie rede is ŉ mens onvervangbaar (Kelsey, 2009a:275-276). Kelsey verstaan menswaardigheid as teosentries: dit beteken dat God met ŉ mens in verhouding tree. Dit is ook die rede waarom Kelsey menswaardigheid as eksentries[1] beskou en beskryf. Dit verwys na die drie-enige God wat in verhouding tree met menslike wesens (Kelsey, 2009a:275; Marais, 2013a:241).

Die teosentriese waardigheid van mense word beskou as inherent in die skepping van die mens (Kelsey, 2009a:275-276). Waardigheid word nie gesien as die funksie van die mens se kapasiteit en vaardighede om op God wat in verhouding met die mens tree, te reageer op ŉ gepaste of ŉ ongepaste wyse nie (Kelsey, 2009a:277-278). Mense verskil en is uniek en daarom verskil hulle kapasiteite en vaardighede. Wanneer menswaardigheid gebaseer is op ŉ persoon se kapasiteit en vaardigheid om op God te reageer waar die samelewing as norm en maatstaf gebruik word, word die mens die beoordelaar van menswaardigheid. Daarmee saam word daar nie gestel dat ŉ mens wat in sonde leef en wat misluk om gepas op God te reageer enigsins die waardigheid van menslike wesens verminder nie. ŉ Mens se waardigheid word nie weens funksie of kapasiteit gemeet nie. Kelsey (2009a:278) is van mening dat, deur die blote inherente gawe-karakter van die skepping, die waarde van ŉ persoon iets is wat nie weggeneem of verminder kan word weens sy of haar kapasiteit of funksie nie. Die waardigheid van die mens word toegeskryf aan die Skepper van die mens.

Kelsey (2009a:278) is van mening dat waardigheid nie iets is wat deur die mens verkry kan word nie maar dat dit iets is wat deur die Skepper aan die mens gegee is. Menswaardigheid kan soms met goedheid verwar word en daarom is dit belangrik om hulle van mekaar te onderskei (Kelsey, 2009a:278). Die geskape goedheid en waardigheid van die mens verskil. Geskape goedheid is God se waardering van die mens en die plesier wat God in die mens vind. Waardigheid is deel van die mens as gevolg van die geboorte as ŉ mens en die verhouding waarin hulle met God tree vanaf geboorte (Kelsey, 2009:278). Daarom word geskape goedheid en menswaardigheid as eksentries beskou (Kelsey, 2009a:278; Marais, 2013a:241).

---

[1] Kelsey voer aan dat alles wat nie God is nie, bestaan buite die mens en daarom word antropologie as ekstern, of 'eksentries' beskou (2009a:309-311).

Menswaardigheid verskil ook wesenlik van die welsyn van die mens. Indien menswaardigheid gegrond sou wees daarop sou dit beteken dat enigiets minder as die hoogste graad van welsyn menswaardigheid sou verminder, wat nie die geval is nie. Daarom word die onderskeid tussen waardigheid en welsyn deur Kelsey aangespreek (2009a:276-277).

Die vraag wat Marais (2013a:242) vra, is of menswaardigheid absoluut en teosentries is – Kelsey antwoord dat daar drie belangrike verskille tussen hierdie twee opvattings is. Die twee opvattings verwys na die volgende: 1) die inherente en absolute waarde en waardigheid van die mens wat beklemtoon word teenoor die eksentriese, teosentriese waarde en waardigheid van die mens. 2) Die tweede opvatting verwys na almal wat te doen het met die regverdiging daarvan om waardigheid aan die mens toe te ken (Marais, 2013a:242). Die drie belangrike verskille tussen hierdie twee opvattings is eerstens die verskil wat gesetel is in die gronde waarop waardigheid aan die mens toegeken word (Marais, 2013a:242). Die tweede verskil lê opgesluit in die plasing van waardigheid en die respek wat dit verdien. Die derde verskil lê opgesluit in die histories-kulturele ingesteldheid en dit wat verstaan en gesien word rondom waardigheid wat respek verdien (Marais, 2013a:242-243).

Eerstens word daar na die gronde gekyk waarop waardigheid aan die mens toegeken word, en hiermee verskil Kelsey. Die teosentriese konsep van menswaardigheid regverdig die toekenning van absolute waarde aan ŉ mens (Marais, 2013a:242). Daar word geargumenteer dat dit plaasvind omdat God die mens skep om in ŉ verhouding hom of haar te wees en hom of haar so tot ŉ spesifieke roeping te stem. Die dominante kulturele definisie en konsep van menswaardigheid regverdig die absolute waarde van menslike wesens (Kelsey, 2009a:277). Dit word geargumenteer op grond van die feit dat menslike wesens van dierlike wesens verskil omdat die mensdom self-gedetermineerd is en die kapasiteit het om reëls te aanvaar wat bindend is (Kelsey, 2009a:278; Marais, 2013a:242). Die aanwysing en toegewing van menswaardigheid binne die dominante kulturele begrip is volgens Kelsey problematies omdat dit op ŉ eng basis geskied en verskeie mense uit die groepering sluit wat respek as menslike wesens verdien. Wanneer die toesegging van respek in en by die God lê wat in ŉ verhouding met ŉ mens is, vind dit op ŉ regverdige wyse plaas, omdat dit alle lewende menslike persone insluit (Kelsey, 2009a:277).

Tweedens word daar na die verskil gekyk wat opgesluit lê in die plasing van waardigheid wat respek verdien (Kelsey, 2009a:277). By Kant, dui Kelsey aan, word menslikheid “as universele kwaliteit of eienskap geskei van alle konkrete, aktuele menslike persone en geïdentifiseer met die onafhanklikheid van die rasionele wil wat saamhang met morele wet” (Marais, 2013a:242). Vir Kelsey verteenwoordig dié ’n radikale diskontinuïteit tussen menslike wesens en alle diere. Kelsey argumenteer dat Kant binne sy definisie van menslikheid naby aan die leerskool kom van *imago Dei* (Kelsey, 2009a:277; Marais, 2013a:242-243). Kant sou dit waarskynlik identifiseer met die nie-fisieke eienskap van menslike wesens wat ’n deelname in die goddelike behels. Kelsey verduidelik eenvoudig dat waardigheid wat respek verdien, dieselfde is in alle menslike wesens weens ’n nie-liggaamlike goddelike eienskap (Kelsey, 2009a:277). Daarmee saam verwys dit nie dat die liggaam nie deur Kelsey beklemtoon word nie. Alhoewel waardigheid as nie-liggaamlike goddelike eienskap beskryf word, is die liggaam steeds ’n komponent wat Kelsey na verwys. Die liggaam is die voermiddel waarin waarde wat deur God aan die mens gegee is, wat buite die mens is, geplaas word. Dit liggaam is ’n integrale deel van menswees. Die plasing van waardigheid in die dominante kulturele begrip daarvan toon egter geen konseptuele ruimte vir ’n positiewe teologiese evaluering van menslike liggaamlikheid nie (Kelsey, 2009a:277). Waardigheid wat respek verdien word alleenlik deur God aan die mens gegee weens die verhouding wat hy met die mens het deur die mens te skep (Kelsey, 2009a:277).

Die derde verskil wat Kelsey uitwys is toegespits op die histories-kulturele ingesteldheid en die verstaan van waardigheid wat respek verdien. Hier verwys Kelsey weer na die werk van Kant en veral die bekende kritiek teen Kant rakende die konsep van die waardigheid van menslike wesens (Kelsey, 2009a:277-279; Marais, 2013a:243). Kant se verwysing na waardigheid is gegrond op die Joodse en Christelike geloofstradisie en Westerse kulture. Die probleem wat Kelsey uitwys rakende die dominante kulturele begrip van menswaardigheid is dat dit nie ander kulture in ag neem nie (2009a:278-279). Die blote feit is dat Kant se verwysing na waardigheid geensins universeel van aard is nie omdat dit nie verskeie aspekte soos ander kulture in ag neem nie (Kelsey, 2009a:277-279; Marais, 2013a:243). Kelsey se definisie van waardigheid en dat die waardigheid van die mens verkry word uit God wat in verhouding is met die mens deur die mens te skep, sluit die kulturele dominante konsep van waardigheid uit weens die alternatiewe teosentriese eienskap wat Kelsey aan die konsep toeskryf (2009a:277-279).

Kelsey (2009a:278-279) se benadering tot menswaardigheid word in twee breë doelbewuste aspekte verdeel naamlik positief en negatief. Die positiewe komponent is die respek vir die waardigheid van menslike persone wat verg dat dade onderneem word sodat die welsyn van die mens bewaar kan word (Kelsey, 2009a:279; Marais, 2013a:244). Dit is toegespits op ŉ mens se kapasiteit en vaardighede wat reaksies van die mens verg waarvoor die mens alleenlik aanspreeklik is. Dit verwys na reaksies op ander mense en ŉ mens se reaksie op God wat aan ŉ mens ŉ lewende liggaam gee (Kelsey, 2009a:277-279). Die negatiewe komponent wat toegespits is op die respek van waardigheid aan menslike persone sluit die feit in dat geweld tussen en teenoor mense vermy moet word (Kelsey, 2009a:277; Marais, 2013a:244). Alle mense moet beskerm word (Kelsey, 2009a:277).

Kelsey argumenteer dat menswaardigheid alleenlik gegrond is op die feit dat God in verhouding met die mens tree deur die mens te skape (2009a:276). Status, lewenskwaliteit en sosiale bruikbaarheid, die onderskeid tussen menslike wesens en nie-menslike wesens, die mens se kognitiewe vermoëns en laastens ŉ mens se verhouding met ander mense word omstrede in Kelsey se definisie en begrip van menswaardigheid en dit wat hy onder die aandag bring (2009a:309-316; Marais, 2013a:235-243).

#### 4.3.2 Menslike florering in Kelsey se teologiese antropologie

Daar is ŉ noue verband tussen Kelsey se definisie van menswaardigheid en menslike florering. Laasgenoemde word gesien ten opsigte van menswaardigheid. Marais (2013a:236) vermeld dat De Lange argumenteer dat menslike florering saam met geregtigheid as diskoerse gesien word vir menswaardigheid. Die diskoers oor geregtigheid word gesien as onlosmaaklik van menslike florering, omdat dit geregtigheid beïnvloed.

Die diskoers van geregtigheid fokus op die gedeelde algemene menslikheid. Wanneer menswaardigheid deur ongeregtigheid leed aangedoen is, word menslike florering negatief beïnvloed (Marais, 2013a:236-237). Die konsep van verontwaardiging kom voor weens die ongeregtigheid wat veral die etiek van politiek oorheers. De Lange definieer verontwaardiging as die grondliggende emosie binne hierdie diskoers waar respek as die grondliggende houding gesien word (Marais, 2013a:236-237). Die tekort aan respek as

grondliggende houding fasiliteer verontwaardiging. Wanneer verontwaardiging voorkom, het dit ’n impak op menslike florering wat as gevolg hiervan op ’n negatiewe wyse beïnvloed word.

Teen die agtergrond van die diskoers rondom geregtigheid word die diskoers van florering bespreek. Die diskoers van florering fokus op individualiteit. Die kernfaktore met betrekking tot menslike florering is menslike geluk en self-aktualisering. Hierdie diskoers is iets wat die sorgstelsel oorheers. Die diskoers rondom menslike geluk en self-aktualisering en die tekort hieraan lei tot die emosie van verontwaardiging.

Die gevoel van verontwaardiging word bepaal deur die kognitiewe posisie van die betrokke individu wat ervaar dat hulle suksesvol moes gewees het en so ook sou moes floreer. Die grondliggende houding wat in hierdie diskoers voorkom is empatie, meelewing en sorg. Die aksie wat hier verwag en geverg word, is dat geen aantygings gemaak word nie en dat die doel is om besorgdheid oor die gegewe persoon uit te spreek en te toon. In so ’n geval word menswaardigheid as voorwaardelik en tydelik aan ’n individu gebied.

Daar kan nie gestel word dat mense die reg tot geluk het nie maar tog wil elke mens en individu ’n lewe leef waar hulle tot die besef kom dat hulle ’n lewe leef waarin hulle waarde vind. Die diskoers van verontwaardiging het ’n noue verband met menseregte en ook die etiek daarvan. Daarmee saam kan dit verbind word met die leerstelling van die *imago Dei*, omdat ’n menslike wese vir florering as einddoel geskep is. ’n Mens se verhouding met God en God wat waarde aan ’n mens bied, dra by tot menslike florering. Wanneer ’n mens floreer word dit gesien dat die daad van florering en God se glorie word daardeur reflekteer (Marais, 2020:80). Die onderskeid van geluk en florering is belangrik. Florering volgens Kelsey word gesien as die daad van ’n mens om ten volle te leef wanneer die gepaste respons tot God, wat in verhouding met die mens tree, gemaak word. Die daad van florering hou verskeie komponente van geluk voor, alhoewel geluk nie gelykstaande aan florering is nie.

Volgens Marais (2013a:237) vermeld De Lange dat die diskoers van florering die private sfeer oorheers. Die emosie van meelewing word gesien as die brug tussen die diskoers van geregtigheid en die diskoers van florering (Marais, 2013a:237).

Kelsey veronderstel dat menswaardigheid nie voorwaardelik is nie. Wanneer daar na De Lange se werk gekyk word, is daar verskeie veronderstellings waar die diskoers van florering van die mens verwys na die geluk wat ŉ individu ervaar (Marais, 2013a:245-247). Daar word ook gestel dat die diskoers van florering oorheersend binne die private sfeer voorkom wanneer dit vanuit die sorgstelsel benader word. Dit hou ‘n voorwaardelikheid rondom florering van die mens in, waarmee Kelsey verskil (Marais, 2013a:247).

Kelsey (2009a:311) argumenteer dat menslike florering eer aan God gee en dit manifesteer in die verhouding tussen ŉ mens en God. Dit is nie gebaseer op die funksionaliteit en vaardigheid van die mens nie. Menslike florering is toegespits op die kontekstualiteit en die konkrete gawe waaruit die verhouding en reaksie op God vloei (Kelsey, 2009a:314). Wanneer ŉ mens reageer op God en die verhouding wat God met die mens het, dra dit by tot die verstaan van die intrinsieke waarde van menslike wesens (Kelsey 2009a:314; Marais, 2020:80). Menslike florering en menswaardigheid is onlosmaaklike verbind en het direk te make met die gee van die eer aan God (Kelsey, 2009a:311-314, Marais, 2020:80-82).

Die vraag wat wel gevra kan word, is of daar ŉ verskil tussen menslike florering en menswaardigheid voorkom in Kelsey se perspektief. Dit is nie so eenvoudig om die verskil tussen menslike florering en menswaardigheid aan te toon nie. Die rede hiervoor is dat die saak kompleks is en dat die een nie met gevestigde en standvastige verwysing teenoor die ander, wat as dinamies beskryf kan word, vergelyk kan word nie. Die verskil tussen menslike florering en menswaardigheid kan beskryf word as die verskil van perspektief met betrekking tot die beskrywing van die verskillende metaforiese raamwerke waaruit dit bestaan (Marais, 2020:80-82). Menswaardigheid en die noue verband wat dit met menseregte het, is ŉ bousteen wat menslike florering beskerm (Kelsey, 2009a:570).

Alhoewel daar abstrakte verskille tussen hierdie twee konsepte voorkom, beteken dit nie dat die retoriek van menslike florering nie die bevestiging van menswaardigheid of andersom insluit nie (Marais, 2020:81). Daar word voorgestel dat die verskillende raamwerke van verwysing en die konseptuele lading van hierdie saak gesien moet word as die retoriek van menslike florering en menswaardigheid (Marais, 2020:80-82). Die verskille in menslike florering en menswaardigheid wat vanuit verskillende raamwerke

gesien word, is juis weens die feit dat menslike florering minder gefokus is op menswaardigheid (Kelsey, 2009:315). Menslike florering word gesien dat dit moontlike konflik met menswaardigheid vanuit ’n konseptuele oogpunt kan voorlê. Dit is weens die verskille wat in hierdie verwysingsraamwerke en konseptuele verskille voorkom rakende menslike florering en menswaardigheid (Marais, 2020:80).

Kelsey se uiteensetting van florering toon noue verwantskap met die term “om te blom” omdat hy dit juis opsetlik verbind met “skoonheid” (Kelsey, 2009a:315). Om te blom en te floreer word dan gesien as ’n soort manifestasie van skoonheid wat aan ’n lewe deur God gegee is omdat God in verhouding met die mens staan (Kelsey, 2009a:314-315). Daar word veronderstel dat die konsepte van “om te blom” en “skoonheid” verwys na die vrugbare grond wat die mens se lewe verteenwoordig waar hy of sy reageer op die verhouding met God. Die reaksie van die mens wat “blom” kan dan verder voorgestel word as sou dit in reaksie wees op God wat in verhouding met die mens tree (Kelsey, 2009a:309-316).

Kelsey (2009a:315) se perspektief met betrekking tot menslike florering is gebaseer op die goeie nuus wat die evangelie bring en die bevestiging dat die mens in volheid en oorgawe kan en mag leef. Om binne die raamwerk van hierdie florering te leef, is iets wat deur God aan die mens gegee is en wat deel vorm van die goeie nuus (Kelsey 2009a:315). Menslike florering is dinamies en oop en dit wissel en verander. Dit is nie iets wat vasgestel en onveranderd is wat enkele idees en ideale daarstel en wat deur mense behaal moet word om florering te bekom of bereik nie (Kelsey 2009a:315; Marais, 2020:84). Daar is nie ’n minimumvereiste wat behaal moet word om ’n vol en florerende lewe te leef nie: die feit dat ’n mens leef en ’n pols het, is die enigste vereiste wat gestel word (Kelsey 2009a:315; Marais, 2020:84-85).

Menslike florering mag dalk vir verskillende mense verskillend voorkom. Om in die volheid van dit wat die lewe bied te leef en te “blom,” wat die “skoonheid” van die lewe voortbring en eer gee aan God, mag dalk heelwat anders voorkom in verskillende kontekste (Marais, 2020:84-85). Die feit bly staan dat menslike florering wissel en omdat dit oop en dinamies is deur verskillende omstandighede voortgebring kan word (Marais, 2020:84-85). Die kwaliteit van hierdie retoriek word bepaal deur die metaforiese verwysingsraamwerke wat deur verskillende kontekste van die menslike lewe na vore gebring word (Marais, 2020:85).

#### 4.3.3 Die beeld van God volgens Kelsey se teologiese antropologie

Kelsey se begrip en interpretasie van *imago Dei* word hier ondersoek. Die beeld van God binne die teologiese antropologiese denkskool het betrekking op die *imago Dei*. Dit stel die vraag van "wat is 'n mens?". Daar is verskeie diskoerse rondom 'n antwoord op dié vraag. Dit is egter kompleks en is reeds vanuit verskeie perspektiewe benader. Die diskoerse wat bydra tot die ondersoek na dit wat 'n mens is soos gesien vanuit die teologiese antropologiese denkskool is menslike uniekheid, menswaardigheid, menseregte en ekologiese volhoubaarheid. Van hierdie diskoerse is in vorige afdelings kortliks bespreek.

In Genesis 1:26-28 word die skeppingsverhaal van vertel en dit verwys direk na die *imago Dei*. Marais (2013b:2) vermeld dat daar ander Skrifverwysings is wat hierna verwys wat toegespits is op mense en die wyse waarop 'n mens gemaak is. Dit kom voor in Genesis 3:22 wat toegespits is op die kennis van goed en kwaad en so ook Genesis 9:1-7 wat toegespits is op die neem van 'n lewe wat verbied word weens die *imago Dei* (Kelsey, 2009:897; Marais, 2013b:2). Alhoewel hierdie twee verwysings na die Skrif in die Ou Testament voorkom, is daar ook in die Nuwe-Testamentiese verskynsels hier. Die Nuwe Testament verwys in enkele gevalle na Psalm 8 wat toegespits is op Jesus van Nasaret wat die beeld van God weerspieël, maar dit verwys nie soseer na die mensdom nie. Die verhouding tussen die mens en God word deur Jesus van Nasaret gedefinieer (Kelsey, 2009:895-896; Marais, 2013b:2).

Die belangrikheid van hierdie teologiese antropologie rakende imago Dei bly steeds dominant in Christelike teologie (Kelsey, 2009:895). Die kennis en insig wat hierdie antropologiese siening van teologie na die tafel toe bring, bied die geleentheid om tot 'n dieper verstaan te kom van die beeld van God. Kelsey vertel dat die verwysing na die *imago Dei* deur sonde beïnvloed word. Die beeld en verhouding van die mens tot God word deur sonde belemmer. Kelsey (2009:895) stel voor dat die *imago Dei* deur drie fases gaan wat verwys na *"Image Defiled"* wat deur sonde aangebring word. Sonde skei en bring 'n wig in die verhouding van die mens met God. Volgende het God deur Jesus Christus van aan die kruis sterf die *imago Dei* kom herstel (Kelsey, 2009:895). Laastens vertel Kelsey (2009:895) dat die *imago Dei* meervuldig word. Die gewig en invloed wat

sonde op *imago Dei* het, is onlosmaaklik en daarom is die herstellende werk van Jesus juis so merkwaardig en die enigste uitweg vir die mens tot ŉ lewende verhouding met God. Alhoewel hierdie verhouding met God deur God eerste inisieer word, waarop ŉ mens dan reageer.

Die "beeld van God" dien as die beginsel vir die kontinuïteit wat onderliggend is vir verskeie teologiese merkwaardige veranderinge (Kelsey, 2009:895). Die veranderinge word deur tradisionele Christelike antropologie aangedui dat elke mens deur verskeie veranderinge gaan (Kelsey, 2009:895). Daar word voorgestel dat ŉ mens deur ŉ enkele narratief beweeg vanaf die skepping van die mens deur God na die vervreemding, oftewel verwydering van God, deur die sondeval en die mens se sondige natuur na die versoening met God deur progressiewe heiligmaking deur die werk van die Heilige Gees in ŉ mens (Kelsey, 2009:895).

Kelsey (2009:895) dui aan dat ŉ mens na die beeld van God geskape is deur die wyse waarop ŉ mens in verhouding tree met mekaar en ook met God. Hierdie gegewe vaardigheid wat God aan mens gee en wat deur God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees uitgebeeld word verwys na die feit dat daar verhouding met ander en met God is. Die wyse waarop mense konformeer in hulle gedrag en verhouding tot God en ander is die verwysing na die essensiële struktuur van die beeld van God (Kelsey, 2009:895).

Volgens Marais (2013b:2) verwys Wenzel van Huyssteen na vier normatiewe interpretasies van die *imago Dei*. Hierdie interpretasies is substantief, funksioneel, relasioneel en eskatologies. Dit word gebruik om ŉ dieper begrip van die *imago Dei* te verkry.

Die substantiewe interpretasie van *imago Dei* word gesien as sinoniem met die kognitiewe. Die kognitiewe is toegespits op die rasionaliteit en die intellek van ŉ mens. Hier word die beeld van God gesien as die metafisiese ooreenkoms tussen die menslike siel en die wese van God (Marais, 2013b:2). Die mens as beeld van God word gesien as ŉ analogie in die substantiewe interpretasie (Kelsey, 2009:896). Dit veronderstel dat die mens se wese op sekere wyses met dié van God ooreenkom, veral wanneer daar gedink word aan die mens se vermoë om te rasionaliseer. Die substantiewe interpretasie hou

die beeld van God voor ten opsigte van die mens se vermoë om te kan dink (Kelsey, 2009:896).

Tweedens word daar ondersoek ingestel na die funksionele interpretasie van die *imago Dei* wat toegespits is op die koninklike roeping van die mens, (Marais, 2013b:3). Dit is toegespits op die mens as verteenwoordiger van God. Volgens Marais (2013b:3) is Gerhard von Rad van mening dat die doel waarvoor die mens geroep is ŉ belangrike komponent is hiervan. Die mens as beeld van God is vir die funksionele interpretasie ŉ bemiddeling van mag en het die verantwoordelikheid as rentmeester van die aarde wat hiervolgens moet optree. Die beeld van God in die mens word in die funksionele interpretasie gesien met betrekking tot sy of haar verantwoordelikheid om sekere pligte na te kom.

Die rasionele interpretasie is die derde perspektief ten opsigte van *imago Dei* en is toegespits op God se verhouding met die mens. Hier gaan *imago Dei* nie alleenlik oor die mens se vermoë en kapasiteit om in verhouding met God te tree nie maar die verhouding self speel hier ŉ belangrike rol. Die kapasiteit van die verhouding wat die mens met God het en ook die mens se verhouding met hul medemens word hier as betekenisvol gesien (Kelsey, 2009a:325). Barth vermeld volgens Marais (2013b:3) dat die beeld van God verwys na die Godgegewe kapasiteit van menslike wesens om deur die Woord van God aangespreek te word en om daarop te kan antwoord. Hier word Jesus Christus alleenlik gesien as die beeld van God. Vir Barth is die verhouding ŉ belangrike komponent van die saak en hy argumenteer dat die mens gemaak is om in verhouding te wees wat gegrond is op die Drie-eenheid van God. Hier word die verhouding gesien as die kern van dit wat die beeld van God uitbeeld. Die mens as beeld van God word volgens hierdie interpretasie gesien as die persoonlike ontmoeting (Marais, 2013b:4).

Die eskatologies interpretasie van die beeld van God is die vierde interpretasie wat hier bespreek word. Hier word klem gelê op die ideale verhouding tussen menslike wesens en God wat op die toekoms gerig is (Marais, 2013b:4). Die progressiewe narratief wat Kelsey (2009:895) voorstel waardeur die mens gaan weens die invloed van sonde op ŉ mens, is die eindpunt van die narratief die versoening met God. Hierdie versoening, wat deur heiligmaking voorkom bring die eskatologiese glorie as ideaal vir die eindbestemming voor (Kelsey, 2009:895). Die menslike toekoms vind vervulling en hulle ware identiteit in Jesus Christus en daarom word daar gestel dat die identiteit van

menslike wesens rasionaal gefokus is op God (Marais, 2013b:4). Volgens hierdie interpretasie word *imago Dei* gesien as die rigtinggewende aspek van God aan die mens met betrekking tot hulle toekoms. Dit blyk hiervolgens dat mense bestem is vir gemeenskap en so ook gemaak is om te lewe saam met God (Marais, 2013b:4).

Kelsey (2009:893) se begrip van die *imago Dei* is verder toegespits op drie vrae oor mense. Hierdie vrae is die volgende: Wat is ŉ mens? Wie is ek/ ons? Hoe behoort ons te wees? Die oorkoepelende werk van Kelsey wat al drie van hierdie vrae aanspreek is die feit dat die realiteit, waarde en waardigheid van die mens nie by die mens self lê nie, maar by God se verhouding met die mens wat God aan die mens gee (Kelsey, 2009:893). Kelsey (2009a:1008) se benadering is dat mense buite hulself bestaan. Alles, volgens Kelsey, wat nie God is nie, bestaan buite hulself en word daarom as eksentries beskou (Kelsey, 2009a:309-311). Die feit dat God menslike en alle ander wesens geskep het beteken dat God in verhouding tree met alle wesens, veral mense. Hierdeur word mense deur God tot eskatologiese vervulling gebring (Kelsey, 2009a:1008; Marais, 2013b:5).

Kelsey se werk rondom teologiese antropologie is besonders omdat hy nie alleenlik op die eksentrieke menslike bestaan en identiteit fokus nie. Die vrae wat Kelsey rakende mense vra het nie enige verwysing na die *imago Dei* nie maar hulle lei wel daarheen (2009a:1008). Alhoewel daar verskillende aansprake is oor mense, word Christelike teologiese antropologie verbind met Genesis 1:26 as die kernidee dat die mens na die beeld van God geskape is. Tradisioneel word *imago Dei* verstaan en gesien ten opsigte daarvan dat mense van dierlike wesens verskil. Die rasionaliteit en die vryheid wat deur morele verantwoordelikheid uitgebeeld word, wys dan heen na die beeld van God wat in mense uitgebeeld word en dit is juis dit wat God se perfektheid uitbeeld (Kelsey, 2009a:1008; Marais, 2013b:6).

Teologiese antropologie is oor die tyd heen gesien as sistematies en konseptueel waar dit in noue verband staan met *imago Dei*. Kelsey stem hiermee saam en vermeld dat *imago Dei* in die twintigste eeu steeds dominant sou bly (Kelsey, 2009a:1008). Binne die tradisionele Christelike teologiese antropologie wys Kelsey uit dat die beeld van God steeds die wegspringblok is en waarbinne verandering plaasvind.

Die werk van Kelsey en sy benadering tot *imago Dei* toon dat die mens as beeld van God nie as ŉ instrument gebruik kan word om teologiese antropologie as ŉ sistematiese

geheel te interpreteer nie. Kelsey se werk dui die alternatiewe wyses aan waarop *imago Dei* kan voorkom en wat op ’n teosentriese wyse die menslike bestaan as eksentriek voorstel. Kortom is die beeld van God vir Kelsey (2009a:1008) gekoppel aan Jesus Christus te danke aan sy onvervangbare persoonlike identiteit. Die rede waarom Kelsey nie die tradisionele denke en argumente rakende *imago Dei* volg nie, is wantroue in die samehangende en verenigde narratief wat toegespits is op die verstaan van die mens (Marais, 2013b:6).

Die alternatief wat Kelsey voorstel, is volgens Marais (2013b:7) dat die menslike bestaan as ’n “driedubbele heliks” beskryf kan word. Kelsey se antropologie is toegespits op drie dele, naamlik skepping, eskatologiese vervulling en versoening en die feit dat hierdie drie verwysings oop-eindigend is weens die oorvleueling wat voorkom tussen die drie. Die verduideliking dat twee of meer helikse rondom mekaar draai word as ’n meer konkrete beeld gebruik. Daar is drie voorstellings van hoe God in verhouding met ’n mens tree wat in twee narratiewe logikas uitgebeeld word. Dit is toegespits op die heelheid-in-diversiteit wat hierdie beeld volgens Kelsey behoort te vervat (Marais, 2013b:7). Kelsey beskryf ’n eie narratiewe logika wat setel in die verhaal dat God skep en juis dit word as ’n heliks beskou. ’n Eie narratief-logiese opeenvolging in verband met die verhale van God wat eskatologiese vervulling en versoening meebring, word gesien as die tweede heliks (Kelsey, 2009a:897). In albei verhale tree die drie-enige God in verhouding met ’n mens en dit bevat dieselfde konkrete historiese ontwerp wat neerkom op Jesus van Nasaret (Marais, 2013b:7). Hierdie twee verhale, naamlik die eskatologiese vervulling en versoening, toon ’n interne logika wat ook nie van mekaar geskei kan word nie. Die rede waarom hierdie twee verhale nie van mekaar geskei kan word nie, is dat albei die verhale radikale Christosentries van aard is (Kelsey, 2009a:897). Die twee verhale toon aan dat die twee helikse in ’n spiraal beweeg om sodoende ’n struktuur te vorm en te onderhou. So ook word die lewe en dood van Jesus Christus so beskou dat hierdie helikse uiteindelik ’n driedubbele een vorm. Die verhale kan nie eenvoudig in mekaar opgeneem word nie omdat elkeen oor ’n eie narratiewe logika beskik wat twee soorte verhale uitmaak (Kelsey, 2009a:897).

Die rede waarom die orde van hierdie voorstelle en die narratiewe logika van hierdie drie verhale vir Kelsey van kardinale belang is, is nie alleenlik die feit dat hulle gesamentlik ’n teosentriese beeld van die menslike eksentrieke bestaan skep nie. Die rede is toegespits

op die feit dat hulle saam die gelykenis van *imago Dei* as beeld uitdruk. Hierdie drie dele draai rondom mekaar en vorm saam ŉ driedubbele heliks, soos dit genoem is. Kelsey sien die menslike bestaan as ŉ oop, veranderbare "misterie" en nie as ŉ geslote voorspelbare "stelsel" of eenheid nie (2009a:899).

Kelsey (2009a:899) se siening van mense gee aanleiding daartoe dat hy voorkeur gee aan Nuwe-Testamentiese gebruike wat toegespits is op die beeld van God in verhouding met Christelike teologiese antropologie Die rede vir sy voorkeur is die feit dat die kernteks van die Ou Testament en die interpretasies van hierdie teks in Genesis 1:26-28 as problematies beskou word. Die problematiek lê daarin opgesluit dat verskeie eksegeses van hierdie kerntekste in die Ou Testament gemaak is wat mekaar weerspreek (Marais, 2013b:8). ŉ Christosentriese begrip van *imago Dei* word verkies omdat dit nie die Genesis tekste as die sentrale wegspringblok vir *imago Dei* gebruik om sodoende die verhouding tussen mens en God te definieer nie, maar eerder op die Nuwe-Testamentiese teksverse fokus (Kelsey, 2009a:899).

Christosentriese verwysing na *imago Dei* is toegespits op die beeld van God en is vir Kelsey teologies duideliker en ryker in die Nuwe Testament (Kelsey, 2009a:899). Die rede waarom Kelsey die Nuwe-Testamentiese interpretasies van die beeld van God verkies is die verskeie assosiasies wat in die Nuwe Testament voorkom rondom die eer aan God en die Gees. Onlangse teologiese antropologieë en so ook Kelsey verkies dan om die *imago Dei* vanuit ŉ Christosentriese perspektief te beskou. Kelsey se argument met betrekking tot wat dit is om ŉ mens te wees, lê in die eksentrieke bestaan van mense wat sonder hulle eie bydrae geskape is tot eskatologiese vervulling en versoening en hulle ware identiteit in Jesus van Nasaret as die beeld van God vind (Kelsey, 2009a:900).

Die mens se eksentrieke bestaan deur die nabootsing van die beeld van God is die kern van die Christosentriese interpretasie daarvan en van die wyse waarop God in verhouding tree met alle wesens wat nie God is nie (Kelsey, 2009a:899-900). Volgens Kelsey is Jesus van Nasaret die glorie van God wat in menslike liggaamlikheid as beeld van God geskape is (Kelsey, 2009a:900). Menslike wesens wat Jesus van Nasaret in sy menslikheid weerspieël is toegespits op die beeld van God wat deur ŉ mens uitgebeeld word. Vir Kelsey word die mens beskou as ŉ misterie wat sentraal voorkom in gesprekke oor die mens as wese. So ook word God se bestaan beskryf en verwoord as ŉ misterie en daarom is Kelsey van mening dat die misterie van God reflekteer word in die misterie

van die mens (Kelsey, 2009a:1024-1025). Weens hierdie misterieuse eksentrieke bestaan van die mens word dit gesien as die basis vir menslike identiteit wat as gevolg van die verhouding met God wat die skepper van die mens is, waarde verkry (Kelsey, 2009a:1024-1025).

Die hoofgedagte in Kelsey se teologiese antropologiese perspektief beweeg weg van die *imago Dei* en fokus op die feit dat God in verhouding tree met alle wesens wat nie God is nie (Kelsey, 2009a:276; Marais, 2013b:10). Daar is verskeie perspektiewe rakende die verstaan van menslike wesens binne die denkskool van teologiese antropologie wat *imago Dei* aanspreek vanuit 'n Bybelse oogpunt. Dit is egter steeds nie onproblematies nie, omdat hedendaagse sekulêre denke vorige beskouings van hierdie wetenskapsveld uitdaag. Alhoewel *imago Dei* op verskeie wyses geïnterpreteer word, lê die merkwaardigheid daarvan opgesluit in die feit dat die aard van die mens steeds verstaan behoort te word ten opsigte van God en so ook dat die goedheid van die mens verbind is met verantwoordelike verhoudings met ander wesens en, laastens dat die beeld van God alleenlik in Jesus Christus gevind kan word. Weens hierdie redes is die mens georiënteer om tot God in die Gees te leef (Marais, 2013b:11).

Die mens as beeld van God kan nie alleenlik geïnterpreteer word as substantief, funksioneel, rasioneel of eskatologies nie, omdat hy of sy die komplekse vorm aanneem van die verwisseling tussen hierdie aspekte wat op verskillende wyses aangevul word deur funksionele interpretasies (Marais, 2013b:12). Die verstaan van die mens word ook as eskatologies beskou volgens Kelsey, omdat dit die eksentrisiteit van menslike bestaan as die beeld van God uitbeeld (Kelsey, 2009a:1034). Kelsey se verwysing na *imago Dei* is uniek met betrekking tot die perspektief wat hy rondom die verstaan van menslike wesens as die beeld van God binne teologiese antropologie vorendag bring.

#### 4.3.4 Die mens se verhouding met God

In die bespreking in die vorige hoofstuk is daar veral op die belang van verhoudings gelet. Daar is bevind ten opsigte van Dreyer *et al.* (2002:160-165) en Conradie (2005:1-21) se werk dat individue mekaar beïnvloed. Hierdie invloede dra by tot religieuse identiteitskonstruksie. In die huidige afdeling word die mens se verhouding met God ondersoek, wat weer 'n direkte invloed het op die mens. Wanneer 'n individu deur God

beïnvloed word, laat dit ruimte dat hierdie individu weer ander mense beïnvloed. Die bevindinge van die vorige hoofstuk is belangrik wanneer die teologiese antropologiese perspektief ten opsigte van ’n mens se verhouding met God bespreek word.

In Kelsey (2009a:276-277) se benadering tot menswaardigheid is daar vier punte wat uitstaan wat nie net die verhouding wat God met menslike wesens het verduidelik nie maar bydra tot die begrip van ’n mens se verhouding met God. Eerstens, dat God eerste in verhouding met die mens tree, tweedens, dat die mens op God kan reageer weens sy verhouding met hom of haar, derdens, dat mense ’n keuse uitoefen om op God te reageer en, laastens, dat dit die mens se verantwoordelikheid is en sy of haar verantwoordbaarheid wat in die verhouding met God uitstaan. Hierdie vier punte word as die wegspringblokke beskou waaruit die verhouding tussen mens en God verduidelik en beter verstaan kan word (Kelsey, 2009a:738).

Die eerste punt van bespreking is toegespits op die feit dat God eerste in verhouding met die mens tree. Die waardigheid van die mens word vasgestel deur die feit dat God in verhouding met ’n mens tree weens die feit dat God die mens geskape het (Kelsey, 2009a:278; Marais, 2013a:241). ’n Mens se verhouding met God is nie gebaseer op menslike vermoëns of kapasiteit nie (Kelsey, 2009a:278). God inisieer die verhouding deur die mens te skep en dit is wat waardigheid aan menslike wesens gee. Die verhouding wat God met die mens het, is dit wat die mens van waardigheid voorsien (Kelsey, 2009a:278).

Tweedens is dit belangrik om te begryp dat die mens alleenlik op God kan reageer weens God se verhouding met hom of haar. Die skakel tussen die mens se verhouding met God word moontlik gemaak omdat God eerste in verhouding met die mens tree. Die beginpunt van hierdie verhouding wat God met die mens het, is die skepping van die mens (Kelsey, 2009a:278-279). Die Skeppingsverhouding is juis die aspek wat ’n mens se verhouding met God moontlik maak. As God nie menslike wesens skep nie, is daar geen inisiasie en beginpunt vir ’n verhouding tussen hom of haar en God nie.

Derdens het die mens ’n keuse om op God te reageer en terselfdertyd kan die keuse van hierdie respons oorweeg word. Die verhouding wat ’n mens met God het, is die kruks waarop menswaardigheid gebou word, ongeag die mens se keuse rondom die respons. Die keuse wat ’n mens uitoefen om tot God te reageer is ’n mens se verantwoordelikheid.

Die respons alleenlik is nie die kruks nie, maar die gepaste respons tot God (Kelsey, 2009:274). Elke mens is geroep op getrou en in geloof tot God te reageer om sodoende ŉ gepaste respons tot God uit te oefen (Kelsey, 2009:274). Die wyse waarop respons gedefinieer word, is ook as belangrik gestel (Kelsey, 2009:274). Hier verduidelik Kelsey (2009:274) dat respons tot God verwys as ŉ konsep wat weergee dat ŉ konkrete mens ŉ respons toon of reageer in verskeie maniere wat in die kapasiteit van ŉ mens of skepsel is, deur die bonatuurlike krag wat God aan ŉ mens voorsien. Die waardigheid van ŉ mens word deur God aan die mens gegee, en dit bied die keuse om op God te reageer (Kelsey, 2009a:278-279). Die keuse is nie alleenlik aan die mens gegee om op God te reageer of nie te reageer nie, maar die keuse lê ook by die mens om te kies hoe daar op God reageer word.

Die laaste punt is toegespits op die verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid wat mense het wanneer daar met God in verhouding getree word. Die verhouding waarin die mens homself of haarself met God bevind, is nie toegespits op ŉ lys verantwoordelikhede wat deur hom of haar gehandhaaf moet word nie. Dit is toegespits op die verantwoordelikheid en so ook die verantwoordbaarheid wat by die mens lê om te reageer en ŉ respons uit te oefen in die verhouding met God (Kelsey, 2009a:278-279; Marais, 2013a:241). Die wyse waarop mens so reageer is die verantwoordbaarheid van die mens. Die gepaste respons van ŉ mens tot God het verskeie intensionele aksies wat as moreel geklassifiseer word (Kelsey, 2009:274). Die getroue respons tot God verwys na beloftes wat met God gemaak word moet daarmee saam gehou word en die waarheid moet aan God erken word. Om genot in die heerlikheid van God te vind en effektiewe vreugde-vrees is ook ŉ tipe respons wat Kelsey as esteties klassifiseer (Kelsey, 2009:274). Vreugde-vrees verwys om in verwondering, respek en agting vir Sy magtigheid.

Kelsey (2009a:278) argumenteer dat die mens se inherente verantwoordbaarheid die teologiese basis is vir die unieke waardigheid van die mens. Die karakter van ŉ mens het ŉ direkte invloed op die wyse waarop hy of sy op God reageer. Menswaardigheid en die eksentrieke waarde van die mens op grond van hierdie teologiese basis, soos dit deur Kelsey verduidelik word, hou in dat een mens nie namens ŉ ander op God kan reageer nie (2009a:738-739; Marais, 2013a:241). Dit is waarom dit beskryf word as elke mens se verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid om op God te reageer. Die mens se

verantwoordelikheid lê verder daarin om die God-gegewe waardigheid van ander mense te herken en respekteer.

#### 4.3.5 Die mens se verhouding met ander mense

Die feit dat mense mekaar beïnvloed is uiters belangrik rondom die vorming van identiteit volgens Dreyer *et al.* (2002:160-165) en Conradie (2005:1-21). Die verhouding wat mense met mekaar het, is ook nie iets wat in isolasie gesien moet word nie. ʼn Mens se verhouding met God dra ook verskeie voordelige gevolge, soos wat hier vanuit die teologiese antropologiese perspektief ondersoek gaan word.

Die verhouding wat mense met mekaar het, sluit aan by die verantwoordelikheid wat hy of sy het ten opsigte van die verhouding met God. Kelsey (2009a:793) is van mening dat ʼn mens se verhoudings met ander beskryf kan word as die uitvoering van die Skriftelike opdrag dat ʼn mens hul medemens of te wel "bure" moet liefhê. Hierdie beskrywing en denkwyse is toegespits op die manier waarop mense mekaar hanteer en ook dit wat daartoe lei dat hierdie liefde in dade omskep word. Dit gebeur wanneer medemense mekaar met waardigheid en ook in die lig van liefde hanteer (Kelsey, 2009a:793). Dit is toegespits op die feit dat die mens die verantwoordelikheid het om die waardigheid van hulle medemens te identifiseer en respekteer. Dit sluit aan by twee aspekte wat hierbo genoem is met betrekking tot die mens se verhouding met ander, naamlik die wyse waarop menslike wesens tot God reageer en die verantwoordelikheid om ander mense in die lig van die God gegewe waardigheid te beskou en mekaar hiervolgens te hanteer.

Die mens se waardigheid word deur God aan die mens gegee en dit is elke mens se verantwoordelikheid is om ander mense vanuit hierdie perspektief te hanteer. Kelsey (2009a:276) beweer dat daar gevestigde strukturele verskille bestaan tussen ʼn mens se verhouding met hulself en sy of haar verhouding met ander. Hierdie strukturele verskille is belangrik met betrekking tot respek vir menswaardigheid (Kelsey, 2009a:276).

ʼn Mens het ʼn verantwoordelikheid teenoor ander nie net om hulle in die lig van hulle God-gegewe waardigheid te sien nie maar ook om kennis te neem daarvan dat daar ʼn verskil is tussen ʼn mens se verhouding met die self en ander. Gepaardgaande hiermee is dit belangrik om bewus te wees van hierdie strukturele verskille en die kategorieë wat

daarmee verband hou. Volgens Kelsey kan dit slegs as imperatief benader word omdat ŉ mens sy eie morele volmaaktheid ontwikkel en dat ŉ mens ander mense se geluk kan bevorder (Kelsey, 2009a:276-277). Hierdie twee kategorieë ten opsigte van morele volmaaktheid en die idee dat ander mense mekaar se geluk bevorder, is gegrond op die volgende twee aspekte. Eerstens die feit dat ŉ mens alleenlik verantwoordelik is vir eie morele volmaaktheid en dat niemand anders dit namens ŉ mens kan doen nie (Kelsey, 2009a:276; Marais, 2013a:245). Die verantwoordelikheid van ŉ mens se morele volmaaktheid kan nie effektief voortgesit word sonder die bewustheid van ŉ mens se sonde nie.

Kelsey (2009:895) is van mening dat sonde ŉ mens as onheilig verklaar en dat dit ŉ mens van God skei. Daarom is dit belangrik dat ŉ mens bewus is van hul eie sonde sodat die progressiewe heiligmaking deur die Heilige Gees in ŉ mens voortgesit kan word. Die bewustheid van ŉ mens se sonde en die menslike sondige natuur is die realiteit van ŉ mens (Kelsey, 2009:895). Die verantwoordelikheid lê egter by die mens om bewus daarvan te wees sodat daar fokus geplaas kan word op die versoening van die mens se verhouding met God (Kelsey, 2009:895). Die narratief waardeur ŉ mens gaan tot versoening met God en heiligmaking deur God bied groei en beïnvloed direk ŉ mens se verhouding met ander. Wanneer heiligmaking en groei plaasvind, lei dit dat ŉ mens met ŉ nuwe perspektief na ander mense kyk en reageer, weens die bewustheid van God as skepper van ŉ gegewe mens.

Tweedens dat elke mens reeds die behoefte het om hulle eie geluk te bevorder (Marais, 2013a:245). Hier kom daar ŉ oorvleueling van die twee denkskole van menswaardigheid voor waarvan die een respek vir die mens as sodanig ŉ doeleinde is terwyl die ander toegespits is op die imperatief rondom respek waar die gevestigde strukturele verskille tussen self, ander en God in ag geneem word (Kelsey, 2009a:276).

Die verantwoordelikheid van die mens is om ander mense te beskou as waardig omdat God die waardigheid gee. Wanneer elke menslike wese gesien word as waardig, gee dit aan mense die verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid om mekaar met daardie waardigheid te hanteer. Hierdie verantwoordelikheid is nie iets wat voorwaardelik is ten opsigte van ŉ mens se verhouding met God nie; om die God-gegewe waardigheid in mense te respekteer is toegespits op die wyse waarop mense hul medemens hanteer en op ander reageer.

Elke mens is volgens Kelsey (2009a:276) uniek; dit word voorgehou as die gevestigde strukturele verskille wat direkte inspraak maak op die waardigheid van elke mens. ’n Mens se verhouding met ander moet deur die lens van waardigheid beskou word omdat God aan ’n mens waarde gee. Dit gee aanleiding daartoe dat ’n mens die verantwoordelikheid het om hul medemens te hanteer in hierdie lig. ’n Mens moet ander mense met die nodige waardigheid en op ’n gepaste en respekvolle wyse hanteer (Kelsey, 2009a:793-813). Wanneer ’n mens se verhouding met mekaar gegrond is op die waardigheid wat God aan ’n mens en ander mense gee, lei dit tot begrip rondom die verantwoordelikheid wat hiermee gepaard gaan. Wanneer ’n mens eerbaar en verantwoordelik in jou verhouding met God optree en op God reageer, lei dit tot die respons dat mense hul medemens met waardigheid hanteer.

## 4.4 SAMEVATTING

Die doel van hierdie hoofstuk is die volgende: *Om moontlike bydraes wat ’n teologiese antropologiese perspektief bied te artikuleer, in besonder die van David Kelsey, op die religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente kan bydra.* Teologiese antropologie is kortliks in hierdie studie ondersoek en bespreek. Daar is groot klem geplaas op die bydrae van David Kelsey ten opsigte van teologiese antropologie. Die aspekte met betrekking tot menswaardigheid, menslike florering, *imago Dei*, ’n mens se verhouding met God en ’n mens se verhouding met ander is binne die denkskool van teologiese antropologie vanuit Kelsey se perspektief ondersoek en bespreek. Met die bestudering van Kelsey se perspektiewe is daar skakels wat gemaak kan word met religieuse identiteitskonstruksie, soos bespreek in die afdelings hierbo. Die waarde wat teologiese antropologie vanuit Kelsey se perspektief ten opsigte van identiteitskonstruksie vorendag bring is dat dit insig bied oor die mens. Die verstaan van die mens dra by tot die verstaan van identiteitskonstruksie wat die kruks van hierdie studie is.

Anders gestel: wanneer daar na die inhoud hierbo verwys word, kan gesê word dat die doel van hierdie hoofstuk bereik is. Teen die agtergrond van die inhoud wat hierdie hoofstuk aanbied, word dieper insig oor die mens moontlik, waarvan religieuse identiteitskonstruksie ’n belangrike aspek is. Daarom is dit hier gestel dat die insigte van

die teologiese antropologie ʼn waardevolle bydrae tot hierdie navorsing maak. Die perspektief wat Kelsey se teologiese antropologie vir die vraagstuk van religieuse identiteitskonstruksie bied is, menswaardigheid word toegeken aan die mens weens God se verhouding met ʼn mens; menswaardigheid is ʼn God gegewe eienskap; die gepaste reaksie van ʼn mens om tot God te reageer en ten volle te leef bring menslike florering voor wat die glorie van God reflekteer. Hierdie perspektiewe van menswees wat Kelsey bied, voorsien insig van ʼn mens en wanneer ʼn mens in wese begryp word, kan die ontwikkeling van religieuse identiteit verstaan word. Soos voorheen gestel ontwikkel ʼn mens se identiteit weens verskeie interaksies en verhoudings met die wêreld en mense. Hierdie verhoudings word in hierdie teologiese antropologie in perspektief geplaas wat as lens gebruik word waardeur religieuse identiteit beskou word. Sonder die lens van teologiese antropologie op religieuse identiteitskonstruksie ontbreek dit van verskeie aspekte van menswees wat bydra tot die verstaan van religieuse identiteitskonstruksie. Die korrelasie van teologiese antropologie en religieuse identiteitskonstruksie bied insigte van menswees wat deel vorm van religieuse identiteitskonstruksie.

Om hierdie navorsing voort te sit word die kulturele omgewing waarin studente lewe en funksioneer, verder ondersoek. Dit is toegespits op kultuur op ʼn operasionele vlak om vas te stel wat as bevorderlik gesien kan word rondom religieuse identiteitskonstruksie vir Christelike teologie studente. Weens die wyse en waarde van die metodologiese aard van die praxis siklus wat teologiese refleksie saam met spiritualiteit insluit, bied dit ʼn dieper verstaan van ʼn mens. Die verskeie aspekte en sieninge van God, menslike florering, menswaardigheid en die *imago Dei*, vereis dit ʼn teologiese refleksie wat spiritualiteit as dimensie insluit sodat die verstaan van ʼn mens bevorder kan word.

# HOOFSTUK 5

# BEVORDERLIKE OMGEWING VIR CHRISTELIKE RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE IN SUID-AFRIKAANSE OPENBARE HOËRONDERWYSOMGEWING

## 5.1 INLEIDING

Institusionele kultuur speel ŉ sentrale rol aan universiteite (Naidoo, 2017:531). Institusionele kultuur vorm deel van die omgewing van Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys en die klimaat waarbinne hierdie studie plaasvind. Die klimaat van die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing is reeds bespreek. Hierdie hoofstuk ondersoek die kultuur wat binne hierdie klimaat ontwikkel. Teen die agtergrond van die vorige hoofstuk blyk dit duidelik dat die vraagstuk van wat ŉ mens is, steeds aan die orde kom in hierdie hoofstuk omdat instansies uit mense bestaan. Die aspekte van menswees wat Kelsey in sy werk (*Eccentric Existence,* 2009) bespreek dien as agtergrond vir die ondersoek na institusionele kultuur ten einde die volgende vraag te beantwoord: *Watter kultuur sal bevorderlik wees vir die religieuse identiteitskonstruksie van Christelike teologie studente wat voltyds by ŉ Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstelling studeer?* Die vraag word ondersoek deur middel van ŉ literatuurstudie wat toegespits is op kultuur binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys.

Die metodologiese fase van die praxis siklus wat hier ter sake is, is pastorale beplanning. Hierdie fase lê veral klem op die strategiese aard van wat ondersoek word. Die praxis siklus het ten doel om prakties toegepas te word, veral wanneer die fokus van hierdie metodologie in gedagte gehou word. Die doel om ŉ toegewyde groep mense te kry om saam te praat, dink en bid sodat transformasie binne gemeenskappe bereik kan word. Die transformerende krag van die Christelike teologie lê opgesluit binne die hoeksteun van spiritualiteit, soos wat Kritzinger (2002:149-150) dit definieer. Vir transformasie om plaas te vind, word ŉ praktiese toewyding van gemeenskappe wat uit mense bestaan vereis. Hier vloei ŉ organiese verloop van die praxis siklus tot by die pastorale beplanning as fase, oftewel dimensie, wat bydra en metodologiese ondersteuning bied. Die literêre begrip van ŉ bevorderlike omgewing vir Christelike religieuse identiteitskonstruksie binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys moet teen die agtergrond van die geïdentifiseerde geleenthede en uitdagings van die konteks en klimaat van hierdie studie

bestudeer en bespreek word. Verder dra die teologiese antropologiese benadering by tot die verstaan van ’n mens wat inherent op identiteit neerkom. Alhoewel die fokus hier op die Christelike religieuse identiteitskonstruksie is, vorm ’n mens se algemene identiteit ook deel daarvan.

Die literatuurondersoek fokus eerstens op literatuur oor kultuur en die konteks van kultuur vir hierdie studie. Daarna word die korrelasie tussen kultuur en identiteitskonstruksie bespreek. Die institusionele kultuur aan Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings word verder ondersoek om vas te stel watter kultuur bevorderlik vir identiteitskonstruksie kan wees.

## 5.2 KULTUUR

Kelsey noem kultuur in sy teologies-antropologiese werk (2009a) as een van die komponente van menswees. Die konkrete kulturele konteks het ’n bepalende invloed op hoe antropologiese vraagstukke benader en gevra word (Kelsey, 2009a:2-3). Kelsey dui ook daarop dat kultuur deel vorm van die onophoudelike onderhandeling in hoe beide individuele en kollektiewe identiteit gevorm en onderhou word (2009a:3).

Kultuur is daarom ’n dinamiese konsep wat ’n belangrike komponent van religieuse identiteitskonstruksie is. Kelsey se gebruik van die konsep kultuur onderlê die volgende afdelings aangesien sy bevindinge van waarde is vir die studie, soos reeds vroeër aangedui. Die bespreking verduidelik vervolgens die term kultuur binne verskeie kontekste om lig te werp op hoe dit in hierdie studie verstaan word.

### 5.2.1 Verskillende gebruike van die term “kultuur”

Die term “kultuur” kan in verskillende kontekste verskillend verstaan word. Daar word byvoorbeeld onderskei tussen institusionele kultuur of ’n organisasie se kultuur, kultuur soos dit verwys na sosiale sisteme en gemeenskappe, en natuurlik kultuur wat toegespits is op etniese groepe en die tradisies.

Causadias (2020:310-322) is van mening dat die term kultuur 'n vae konsep is sonder duidelike grense. Die inhoudelike betekenis van die term word grootliks bepaal deur die verskillende kontekste waarbinne die term gebruik word. Daar is dus nie een bepalende betekenis vir die term kultuur nie. Die term kultuur kan beter verstaan word as dit beskou word as iets wat uit drie fasette bestaan. Die eerste faset is van kultuur is groepe mense, die tweede is die konteks, en die derde is kultuur in aksie (Causadias, 2020:310-322).

Kultuur as iets wat groepe mense betrek, is toegespits op 'n dinamiese populasie van mense en die sosiale verhoudings wat onderling voorkom (Causadias, 2020:310-322). Die tweede faset, konteks, verwys na 'n ekologiese dinamika van kultuur (Causadias, 2020:310-322). Praktyke wat lei tot 'n deelnemende dinamika soos gemeenskapsbetrokkenheid, verwys derdens na kultuur in aksie (Causadias, 2020:310-322). Die drie fasette, naamlik groepe mense, konteks of klimaat, kultuur in aksie, is in wisselwerking wat uiteindelik bydra tot 'n holistiese begrip van die term kultuur. Wanneer hierdie drie fasette van kultuur in ag geneem word, kan die term in verskeie kontekste ondersoek word.

Institusionele kultuur of organisasiekultuur kan beskryf word deur die kultuur wat ontstaan waar mense binne 'n gegewe en spesifieke konteks beweeg. Institusionele kultuur is toegespits op die tradisies, norme, waardes, die wyse waarop daar gekommunikeer word, en selfs die gewoontes van die groep mense wat binne 'n spesifieke organisasie werk of binne die instelling beweeg (Causadias, 2020:310-322). Daar word verder vermeld dat 'n organisasie of instelling se kultuur direkte verband hou met die effektiwiteit en produktiwiteit van die organisasie (Gochhayat *et al.,* 2017:691-702). Die organisasiekultuur word meestal weerspieël in die beleide van die organisasie, aangesien dit verskeie norme en waardes weergee wat insig bied in 'n organisasie se kultuur (Gochhayat *et al.,* 2017:691-702).

Nastasi *et al.* (2017:137-140) definieer 'n kultuur as 'n groep mense wat oor tyd 'n stabiele lidmaatskap ontwikkel wat etnies, ras, godsdienstig, nasionaal of streeksgebonde en -georiënteerd kan wees. Dit sluit aan by die definisie wat Causadias (2020:310-322) van kultuur gee. Die bepalende faktor van kultuur is die feit dat mense wat saam 'n groep vorm bydra tot die kultuur wat ontwikkel. Die veranderlike is dit wat die groep mense bymekaar bring, die gemeenskaplike faktor wat maak dat mense in interaksie met mekaar tree. Wanneer mense saam 'n gegewe kultuur ontwikkel, ontstaan daar 'n stelsel van betekenis,

ʼn kultuur wat individue en gemeenskappe deur die proses van sosiale interaksies help (Nastasi *et al.*, 2017:137-140). Die veelvuldige komponente waaruit mense se wêrelde bestaan word dan ʼn samehangende eenheid. Hier word kultuur gedefinieer as ʼn stelsel van betekenis, kennis en aksie, vermeld Nastasi *et al.* (2017:137-140).

Een gebruik van die term kultuur is wanneer daar verwys word na kulturele identiteit. Alhoewel dit ʼn ander gebruik van die term kultuur is as wat hier ter sprake is, is dit tog van belang (Tadeusz & Zieliński, 2008:353-372). Kulturele identiteit is toegespits op die ʼn individu se identiteit binne ʼn gegewe tradisionele en etniese konteks. Kulturele identiteit is die identiteit wat ʼn individu aanneem binne ʼn gegewe kulturele groep. Die term kultuur verwys hier na die tradisionele, etniese en erfenis van individue (Tadeusz & Zieliński, 2008:353-372). Die bespreking ondersoek vervolgens kultuur binne ʼn Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing.

### 5.2.2 Kultuur binne die konteks van hierdie studie

Alhoewel daar verskeie faktore is wat ter sake is wanneer kultuur ondersoek word, bly die feit staan dat wanneer ʼn groep mense binne ʼn bepaalde omgewing oor tyd heen saamkom, hulle ʼn kultuur vorm (Nastasi *et al.*, 2017:137-140; Causadias, 2020:310-322). Die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing lei organies tot institusionele kulture weens die gemeenskaplike doel en omgewing van die mense wat so bymekaar gebring word.

Kultuur kom dus in verskeie vorme binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing voor (Causadias, 2020:310-322). Kultuur soos dit vorm rondom faktore soos etnisiteit, ras, godsdiens, nasionaliteit of ʼn instelling, gee ʼn gevoel van nabyheid (Nastasi *et al.*, 2017:137-140). Die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwyskonteks bestaan uit ʼn verskillende instellings wat elkeen ʼn unieke institusionele kultuur het.

Die institusionele kultuur aan ʼn tersiêre instelling kan verder verdeel word tussen die studentekultuur en die organisasiekultuur. Hierdie studie fokus op die studentekultuur en die faktore wat bydra tot identiteitskonstruksie. Die interaksies waarby ʼn student betrokke is dra by tot die persoon se vorming (Nastasi *et al.*, 2017:137-140; Causadias, 2020:310-

322). Die organisasiekultuur verwys na die bestuur en personeel wat sorg dat die instansie se praktyke glad verloop. Die bestuur van ŉ hoëronderwysinstansie, neem besluite wat ŉ direkte effek het op studente (Naidoo, 2017:533). Hierdie besluite kan die interaksies tussen studente beïnvloed, wat aanleiding gee tot ŉ gegewe kultuur, ongeag of die besluite voordelig of nadelig vir die studentekultuur is.

Kelsey verwys ook implisiet na insitutionele kultuur in ŉ oorsigartikel, *Theology in the University: Once More, with Feeling* (2009), wat die teologiese argumente vir die insluit van konstruktiewe teologie in die hoëronderwysomgewing en kurrikulum ondersoek. In hierdie verband is wat Hauerwas die "kulturele privatisering van godsdiens" (Kelsey, 2009b:316) noem, veral van belang omdat dit aanvoer dat godsdienstige oortuiging ŉ private aangeleentheid is en nie tuishoort in ŉ hoëronderwysomgewing nie. Daarteenoor vermeld Hauerwas dat die universiteit ŉ plek is waar universele kennis onderrig word in die sin dat alle kennis, soos die heelal, nouliks aan mekaar verbind is (Kelsey, 2009b:316). Institusionele kultuur hou verder verband met gesprekke oor die plek van teologie aan universiteite, aangesien kerklike praktyke ook die skep van ŉ materiële kultuur behels, wat die skep van institusies soos universiteite insluit (Kelsey, 2009b:317-318). Dit is veral van toepassing op die bespreking van hierdie hoofstuk aangesien hy ook verder noem dat kerklike praktyke en die lewe van Christelike geloof, saam met die kognitiewe oortuigings wat daarin vervat is, die skep van ŉ alternatiewe kultuur en alternatiewe strukture moontlik maak (Kelsey, 2009b:318).

Om te bepaal wat as bevorderlik vir identiteitskonstruksie beskou kan word, is dit belangrik om die verband tussen institusionele kultuur en identiteitskonstruksie te bewerkstellig. Eers dan kan ŉ bevorderlike kultuur vir identiteitskonstruksie binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing geïdentifiseer word.

## 5.3 KULTUUR EN IDENTITEITSKONSTRUKSIE

Grimson (2009:61-77) toon dat kultuur en identiteit twee verskillende begrippe is wat elk ŉ prominente rol in sosiale prosesse speel. Hier word daar vermeld dat die twee begrippe gesien moet word as twee verskillende entiteite wat mekaar nie bepaal nie, maar wel beïnvloed (Tadeusz & Zieliński, 2008:353-372).

Die ondersoek na die wyse waarop institusionele kultuur identiteitskonstruksie beïnvloed verg verdere ondersoek na institusionele kultuur. Daarmee saam is dit belangrik om te bepaal hoe kultuur identiteitskonstruksie beïnvloed

Elke instansie en institusionele kultuur verskil. Instansies word sterk deur demografie, ekonomie en politieke faktore beïnvloed (Naidoo, 2017:531). Daarmee saam speel interne magte soos geskiedenis, waardes, prosesse en die doelwitte van die instansie ŉ prominente rol (Naidoo, 2017:531-532). Die kultuur van ŉ instansie ontwikkel deur die loop van die instansie se geskiedenis en vorm die manier waarop goed gedoen word (Naidoo, 2017:531).

ŉ Instansie se kultuur ontstaan en bestaan nie binne ŉ vakuum nie, maar is deel van ŉ breër samelewing. Dit bepaal en beïnvloed die gedrag van individue en groepe binne die hoëronderwyskonteks, omdat dit ŉ verwysingsraamwerk skep vir die interpretasie van gebeure, funksies en aksies (Naidoo, 2017:532). Herhaalde gedrag vorm gewoontes, wat later deel van ŉ persoon se identiteit word. Binne hierdie hoëronderwysomgewing en die institusionele kultuur, word aksies, gebeure en funksies herhaal en oor tyd beïnvloed dit gedrag, wat weer deel word van wie ŉ mens inherent is.

Identiteitskonstruksie is reeds in ŉ vorige hoofstuk uiteengesit. Dit is belangrik om te onthou dat verskeie faktore identiteitskonstruksie beïnvloed. Studente word beïnvloed deur die omgewing waarin hulle hulself bevind, deur ander studente, interne groepe waarvan hulle deel word en hulle voorafopgestelde verwagtinge (Kayanan, 2017:22). Hierdie invloede het ŉ direkte invloed op ŉ individu se identiteitskonstruksie. Die invloede wat studente teëkom, soos hier genoem, spruit uit die institusionele kultuur. Een van die aspekte wat Kelsey (2009a:277) in sy werk noem en wat in meer diepte in die vorige hoofstuk bespreek is, is menswaardigheid. Kelsey (2009a:277) is van mening dat die heersende kultuur op ŉ problematiese wyse aan mense waardigheid gee (Kelsey, 2009a:277). Waardigheid is iets wat gesetel is in God en dit behoort op so ŉ wyse deel van kultuur te wees.

Die herhaalde blootstelling en interaksies waardeur studente sin moet maak van hulle omgewing veroorsaak dat hulle konformeer aan ŉ gegewe kultuur, wat ŉ bepalende rol in identiteitskonstruksie speel (Naidoo, 2017:532). Die institusionele kultuur binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys word vervolgens ondersoek.

## 5.4 INSTITUSIONELE KULTUUR

Volgens Nussbaum en Chang (in Naidoo, 2017:532) is daar ʼn stel ongeskrewe reëls vir groepslede se sosiale gedrag en ʼn verwagting van hoe opgetree moet word.

Binne die konteks van teologiese onderrig verwys institusionele kultuur na die "wêreld" van die teologiese instansie, omdat elke instansie eie unieke kulturele riglyne het (Naidoo, 2017:532). Hierdie "wêreld" funksioneer apart en anders as die intellektuele, religieuse en sosiale omgewings. Daarom is dit belangrik om Kelsey (2009a:277) se bevindinge rakende menswaardigheid in ag te neem. Die dominante kultuur moet dit wees wat waardigheid van mense erken weens die feit dat God waardigheid aan mense gee.

Teologiese instansies is gemeenskappe met spesifieke waardes en norme en met religieuse verantwoordelikhede; dit dra alles by tot die institusionele kultuur (Naidoo, 2017:532). Die omgewing is meer intensief gefokus op waardes en norme as enige ander hoëronderwysinstelling weens die unieke aard van religieuse onderrig. Alhoewel meeste instansies inklusiwiteit as ʼn waarde in hulle beleide stipuleer, is dit nie altyd wat in praktyk gebeur nie (Hydi & Jacobs, 2016:206; Naidoo, 2017:532-533). Verskeie hoëronderwysinstellings binne die Suid-Afrikaanse konteks bied byvoorbeeld onderrig en opleiding net in sekere tale aan. Dit maak die praktiese uitvoering meer eenvoudig, maar groepe studente word ongelukkig in die proses uitgesluit. Op hierdie wyse ontstaan daar ʼn eksklusiwiteit.

Hierdie eksklusiwiteit beïnvloed die "wêreld" van studente. Die wyse waarop studente dink en optree binne hierdie wêreld gee aanleiding tot die vorming van ʼn spesifieke identiteit. Om inklusiwiteit egter te bewerkstellig moet diversiteit bestuur word (Kelland, 2016:187; Kelsey, 2009a:277; Naidoo, 2017:532-533). Dit is nie genoeg om die sentiment in beleide in te sluit in die hoop dat dit effektief geïmplementeer sal word nie. Dit is iets wat deurgaans ondersoek en bestuur moet word (Kelland, 2016:187; Naidoo, 2017:532-533). Dit gebeur dat instansies wel diversifiseer, maar dat dit nie deursyfer na die studentelewe nie (Naidoo, 2017:533-534). Naidoo (2017:534) bevind dat verskillende institusionele kulture oor tyd heen deur die doel en missie, geskiedenis, konteks en ligging, vorm. Hierdie institusionele kultuur moet ook van tyd tot tyd krities ondersoek word om vas te stel of dit steeds bevorderlik is vir die erkenning van alle studente se waardigheid en of dit oral in die instansies neerslag vind.

Indien diversiteit as deel van ŉ institusionele kultuur bestuur word, kan dit ŉ groot bydra maak aan identiteitskonstruksie (Naidoo, 2017:534). Dit is nie alleenlik studente se studierigtings opsig self wat hulle beïnvloed nie, maar ook die omgewing, die sosiale interaksies wat deel vorm van die kultuur van ŉ instansie. Dit beïnvloed as geheel die student se identiteitskonstruksie. Institusionele kultuur binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys word deur verskeie faktore beïnvloed. Dit is belangrik om hierdie faktore te ondersoek en te bespreek.

Teologie studente word blootgestel aan spesifieke leerstellinge, denominasionele sieninge, gedeelde gedrag en algemene simbole (Kelsey, 2009a:277; Naidoo, 2017:538). Die teologiese vertrekpunt is dat ŉ mens se identiteit nie in totaliteit gegrond is op etnisiteit nie, maar dat elke persoon se identiteit in Christus is. Dit is wanneer daar na die Woord verwys word, alhoewel daar verskeie invloede binne ŉ student se wêreld is wat daartoe kan bydra dat hierdie konsep óf ŉ realiteit is, of net ŉ idee wat nog nie aan ŉ individu persoonlik openbaar is nie (Naidoo, 2017:538). ŉ Instansie se benadering tot die uitleef van geloof kan individualisties wees wanneer dit slegs fokus op kennis van die Woord en nie geleefde ervaringe nie. Dit hou die gevaar in dat wanneer die oriëntasies of die uitrukking en uitleef van geloof by studente verskil dit ŉ omstrede omgewing kan kweek (Naidoo, 2017:538).

Die verskillende invloede wat binne ŉ institusionele kultuur voorkom dra by tot die student se "wêreld". Wanneer hierdie faktore, fasette en aspekte oorweeg word kan daar vasgestel word watter kultuur bevorderlik is vir identiteitskonstruksie. In die volgende afdeling word ŉ bevorderlike kultuur vir identiteitskonstruksie ondersoek en bespreek.

## 5.5 BEVORDERLIKE KULTUUR VIR IDENTITEITSKONSTRUKSIE

Kelsey se werk, *Eccentric Existence* (2009), gee leiding oor die wyse waarop kultuur as bevorderlik vir identiteitskonstruksie beskou kan word. Die aspekte van kultuur wat as bevorderlik vir religieuse identiteitskonstruksie beskou word, hou verband met die menswaardigheid, menslike florering, imago Dei, ŉ mens se verhouding met God en natuurlik ook mense se verhouding met mekaar.

Daar is verskeie faktore wat 'n invloed op 'n student se identiteitskonstruksie het. Wanneer 'n student se waardes en norme ooreenstem met die institusionele kultuur, en die kultuur behels inklusiwiteit, orderlike bestuur van diversiteit, transformasie en beleide wat goed bestuur word, is die kultuur bevorderlik vir identiteitskonstruksie (Hydi & Jacobs, 2016:208; Kelland, 2016:187; Naidoo, 2017:532-533).

Hydi en Jacobs (2016:208) vermeld dat die beleide wat 'n instansie se waardes en die norme stipuleer, dien as 'n wegspringblok vir die vorming van 'n institusionele kultuur. Daar is dikwels uitdagings met die praktiese volvoering van die waardes en norme en daarom moet die instelling deurgaans ondersoek (Hydi & Jacobs, 2016:208; Naidoo, 2017:532). Daar is maniere om seker te maak dat die waardes en norme prakties op alle terreine van 'n instansie gehandhaaf word. Wanneer 'n student se waardes en norme ooreenstem met die van 'n instansie, sal die student die waardes en norme van die instansie prakties uitleef, nie net organisatories nie, maar op alle terreine van die instansie. Studente is meer geneig om 'n instansie te vertrou en die institusionele kultuur voort te sit wanneer die institusionele kultuur met hulle waardes ooreenstem (Luyckx & Robitschek, 2014:973-978).

Wanneer 'n institusionele kultuur gedryf word deur universele waardes kan dit studente se norme en waardes hervestig en verder laat groei. Kelsey se teologiese antropologie bied insigte wat 'n waardegedrewe institusionele kultuur kan versterk om bevorderlik te wees vir studente se religieuse identiteitskonstruksie. Bevorderlike kulture in teologiese fakulteite sal gekenmerk kan word deur 'n belydenis dat God aan mense waardigheid gee en dat waardigheid nie 'n eksterne faktor is wat mense moet verdien nie (Kelsey, 2009a:277). Volgens Kelsey is menswaardigheid iets wat slegs God aan mense gee en ander mense moet dit met dieselfde respek beskou. Hierdie beskouing van menswaardigheid bied belangrike insigte waarop instansies vanuit 'n Christelike teologiese antropologiese perspektief hulle waardes en norme behoort te baseer sodat daar vertroue kan groei. Studente wat teologie aan 'n Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstelling studeer kan met teologies-antropologiese denkraamwerke gestimuleer word wat rigtinggewend kan inwerk op hul religieuse identiteitskonstruksie. Soos wat studente meer kennis van God se denke oor mense tydens hulle teologiese studies kry, kan daar internalisering plaasvind van kritiese teologies-antropologiese insigte wat weer tot integrale persoonlike groei kan lei (Luyckx & Robitschek, 2014:973-

978; Naidoo, 2017:532). Persoonlike groei dra by tot omvattende identiteitskonstruksie (Luyckx & Robitschek, 2014:973-978).

Inklusiwiteit beteken dat studente ten spyte van demografiese, etniese, sosio-ekonomiese en religieuse verskille steeds eenheid binne diversiteit het. Hierdie diversiteit moet in ag geneem word wanneer besluite rakende studente gemaak word (Naidoo, 2017:540-541; Venter, 2015:173-182). Een vorm van inklusiwiteit is as studente in hulle moedertaal onderrig ontvang aangesien dit kennis verbreed (Naidoo, 2017:536). Wanneer studente 'n vorm van inklusiwiteit ervaar wat nie net op die operasionele vlak gehandhaaf word nie maar die hele instansie se kultuur deurtrek, is dit bevorderlik vir identiteitskonstruksie (Venter, 2015:173-182). Wanneer studente gemaklik voel kan hulle binne 'n gesonde konteks ontwikkel, groei en hulle identiteitskonstruksie voortsit.

Dit is belangrik dat studente gemaklik moet wees met die aspekte van hulself wat hulle uniek maak sodat hulle dit nie nodig vind om te konformeer nie (Naidoo, 2017:532-533). Inklusiwiteit is iets wat deel van institusionele kultuur moet wees en wat bevorder moet word vir elke student, ten spyte van agtergrond, ras, geskiedenis of enige vaardighede (Venter, 2015:173-182). Dit is iets wat deel is van die waardesisteem van 'n instansie en daarom is dit belangrik dat dit deurgaans ondersoek en verbeter word. Mense kan ook verskillend lyk wanneer hulle floreer omdat elke mens so uniek is. Wanneer individue se prentjies verskil, moet hulle nie konformeer om by iemand anders se idee van hoe dit lyk om te floreer in pas nie. Institusionele kultuur moet inklusief wees ten spyte van die verskille wat voorkom (Kelsey 2009a:314).

Diversiteit is belangrik vir hoëronderwysinstellings binne die Suid-Afrikaanse konteks. Die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing bied geleenthede om rasse-ongelykheid aan te spreek, en daarom is rassediversiteit uiters belangrik (Hydi & Jacobs, 2016:211). Binne die Suid-Afrikaanse hoëronderwyskonteks en die wyse waarop kennis voortgebring, organiseer en beoordeel word, het dit die geneigheid om patrone van eksklusiwiteit te vorm op grond van verskeie diskriminerende kategorieë (Naidoo, 2017:533).

Om 'n bevorderlike kultuur vir identiteitskonstruksie te skep moet diversiteit binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing omhels word. Elke student moet gelyke geleenthede gegun word om binne 'n gunstige omgewing persoonlik te leer en te

groei (Naidoo, 2017:532-534). Diversiteit moet aangemoedig en op ŉ operasionele vlak bestuur word om effektiwiteit van diversiteit optimaal te omhels en te volle beslag daarvan te lê. Wanneer dit blyk dat diversiteit en omhelsing daarvan nie deursyfer na die institusionele kultuur nie, moet die nodige veranderinge daarvolgens aangebring word (Naidoo, 2017:533). Die wyse waarop mense mekaar benader en in interaksie met mekaar tree is ŉ aanduiding van hoe hulle ander se menswaardigheid aanskou. Die benadering om diversiteit aan te moedig tussen verskeie groepe studente en om dit te omhels, moet dit operasioneel effektief bestuur word om ŉ gunstige omgewing vir diversiteit te kweek en te koester.

Elke mens het die verantwoordelikheid om ander mense met die nodige waardigheid te hanteer as ŉ reaksie op God (Kelsey, 2009a:276). God het met die mens in verhouding getree deur die mens te skape. Elke individu bepaal self hoe hulle op God reageer, dit is die verantwoordelikheid wat ŉ mens teenoor God het. Wanneer rolspelers by Suid-Afrikaanse hoëronderriginstansies wat tot die Christelike geloof behoort dit verstaan en beliggaam, word die kultuur wat hieruit vloei bevorderlik vir religieuse identiteitskonstruksie.

Diversiteit vorm deel van die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing en die institusionele kultuur van instansies word deur diversiteit beïnvloed. Indien diversiteit nie deur openbare hoëronderwysinstellings omhels word nie, stel dit die behoefte van transformasie voor. In dialoog met die ander wat op religieuse gronde verskil word studente al meer gekonfronteer met vrae van wat hulle glo en bely en hoekom. Op hierdie wyse word identiteitskonstruksie op ŉ religieuse vlak verder bevorder. In ŉ institusionele kultuur waar diversiteit bewerkstellig word kan studente met verskillende agtergronde aanvaarding kry en ervaring van "ek behoort" geniet.

Hoëronderringinstansie moet gedurig transformeer om aan nasionale ontwikkelingsbehoeftes te voldoen (Hydi & Jacobs, 2016:206). Wanneer instansies die behoefte vir transformasie raaksien, spreek hulle dit aan deur middel van beleide, wat weer die institusionele kultuur beïnvloed. Dit is belangrik dat verandering oor tyd geïmplementeer word sodat gesonde groei voortgesit kan word. Hierdie gesonde groei verwys na ŉ institusionele kultuur wat bevorderlik is vir identiteitskonstruksie. Naidoo (2017:542) vermeld dat identiteittransformasie op ŉ strukturele vlak plaasvind en in die beleide van die instansie weerspieël word. Die identiteit en institusionele kultuur van

instansies moet op ’n strukturele vlak bewerkstellig word om ’n bevorderlike kultuur vir identiteitskonstruksie te skep.

Transformasie versterk die groei van ’n instansie. Transformasieprosesse begin sodra die inklusiwiteit, diversiteit en selfs die institusionele kultuur nie die waardes en norme van die instansie weerspieël nie of wanneer dit nie die onderrigomgewing bevorder nie. Volgens Luvalo (2019:184) word transformasie en institusionele kultuur soms as twee aparte konsepte gesien en beskryf, alhoewel daar ’n onderliggende verband tussen hierdie twee konsepte is, veral wanneer dit verband hou met hoër onderrig (Luvalo, 2019:184).

Transformasie gebeur nie in isolasie nie, dit is ’n proses wat verskeie faktore insluit sodat ’n bepaalde einddoel bereik word. Dit is die beginpunt vir verbetering en groei om ’n bevorderlike kultuur vir identiteitskonstruksie te skep. Alhoewel transformasie en die verandering wat dit voortbring soms noodsaaklik is, kan dit nie effektief in werking gestel word sonder beleide wat dit inisieer nie (Hydi & Jacobs, 2016:206-207; Luvalo, 2019:184). Die proses van transformasie en die veranderinge wat dit bring moet bestuur word om te verseker dat dit effektief toegepas word (Luvalo, 2019:184).

Die beleide van instansies stipuleer die waardes, norme, kultuur, idees, onderrig, diversiteit, transformasie, inklusiwiteit en verskeie ander aspekte. Hierdie dokument is iets wat bestuur moet word om te verseker dat alles wat daarin genoem word werklik in praktyk toegepas en beliggaam word (Hydi & Jacobs, 2016:207). Dit kan gebeur dat beleide idealistiese idees bevat wat nie werklik deur instansies toegepas word nie en dat dit nie bestuur word nie. Dit is nie iets wat bloot saamgestel moet word in die hoop dat alle teikengroepe die dokument gaan lees en inisiatief sal neem om die nodige verandering aan te bring nie. Die formulering en implementering van beleide het ’n invloed op die wyse waarop studente leer omdat dit die waardes en die norme van ’n instansie weergee (Naidoo, 2017:541-542).

Die implementering van beleide is ’n tydsame proses wat verseker dat ’n bevorderlike kultuur vir identiteitskonstruksie geskep word. Dit is belangrik om bewustheid te skep van instansies se beleide en die verantwoordelikhede wat daaraan gekoppel word sodat alle belanghebbendes kennis dra van wie verantwoordelik is vir die verskeie aspekte van die beleide wat opgestel word (Hydi & Jacobs, 2016:207). Geen sosiale en akademiese

interaksie kan sonder ŉ beleid begin nie, omdat hierdie dokument die wegspringbok is vir alles wat binne die instansie gebeur (Hydi & Jacobs, 2016:207). Dit verseker dat die waardes en norme van die instansie oral in die instansie implementeer word. Omdat daar soveel veranderlikes is wat beïnvloed word deur ŉ institusionele beleid, moet dit verskeie operasionele aspekte insluit (Naidoo, 2017:535).

## 5.6 SAMEVATTING

Die doelstelling wat in hierdie bespreking gestel was, is die volgende: *Om kulture te identifiseer wat moontlik bevorderlik kan wees vir die religieuse identiteitskonstruksie van Christelike teologie studente wat voltyds by ŉ Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings studeer.* Die pastorale beplanning as metodologiese fase of dimensie, is hoofsaaklik prakties gefokus. Die praxis siklus word as onvolledig beskou wanneer die vorige fases nie toegepas word nie (Kritzinger, 2002:171). Die praxis siklus het alleenlik transformerende eienskappe wanneer dit prakties toegepas word. In die ondersoek na kultuur en die invloed daarvan op Christelike religieuse identiteitskonstruksie vereis dat ŉ praktiese roete gevolg moet word, sodat transformasie by mense kan plaasvind. Die transformasie word in spiritualiteit opgesluit omdat spiritualiteit vanaf die Heilige Gees mens lei tot transformasie.

Die institusionele kultuur van instansies binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing speel ŉ bepalende rol in wat gesien kan word as ŉ bevorderlike omgewing vir Christelike religieuse identiteitskonstruksie. Die faktore wat ŉ bepalende rol speel in die omgewing waarin Christelike religieuse identiteit binne ŉ openbare hoër onderwysomgewing ontwikkel en groei, moet in ag geneem word om ŉ bevorderlike omgewing te skep. ŉ Bevorderlike omgewing vir identiteitskonstruksie is iets wat bestuur moet word om sodoende optimale groei vir Christelike religieuse identiteitskonstruksie te bewerkstellig. Die volgende hoofstuk bied ŉ gevolgtrekking deur 'n kortlikse oorsig van die voorafgaande navorsing te bied ter beantwoording van die navorsingsvrae.

# HOOFSTUK 6

# GEVOLGTREKKING

## 6.1 INLEIDING

Hierdie studie het die faktore wat religieuse identiteitskonstruksie binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwysomgewing bepaal, ondersoek. Meer spesifiek is daar gefokus op religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente binne die gegewe omgewing. Hierdie faktore is ondersoek deur middel van ŉ literatuurstudie waar die praxis siklus as metodologie gebruik is. Hierdie studie was geïnteresseerd in watter insigte praktiese teologie kan bied tot ŉ diepere verstaan van religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente en die bevordering daarvan in Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys.

Die sentraal-teoretiese argument van die studie was soos volg: *ŉ Prakties-teologiese ondersoek kan moontlike perspektiewe bied op religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente en die bevordering daarvan in Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys.* Teen die agtergrond van hierdie argument is ŉ navorsingsvraag en doelstelling vir hierdie studie uiteengesit. Die navorsingsvraag wat hieruit voortvloei, is die volgende: Watter perspektiewe bied ŉ praktiese-teologiese ondersoek vir die verstaan van religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente en die kultuur wat in ŉ Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwyskonteks bevorderlik kan wees vir Christelike identiteitskonstruksie*?* Die doel van die studie sluit direk aan by die navorsingsvraag, wat soos volg lees: *Om prakties-teologiese perspektiewe te bied vir die verstaan van religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente en die bevordering daarvan aan Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings.*

Die navorsingsvraag en doelstelling het aanleiding gegee tot verskeie navorsingsubvrae. Daarmee saam is daar verskeie subdoelstellings vir hierdie studie gestel wat aansluit by die algehele doelstelling. Die verskillende hoofstukke waaruit hierdie studie bestaan korreleer met die navorsingsubvrae.

Hierdie hoofstuk bied ŉ kortlikse oorsig oor die studie met die doel om tot ŉ gevolgtrekking te kom wat dien as ‘n respons op die navorsingsvraag.

## 6.2 GELEENTHEDE VIR CHRISTELIKE TEOLOGIE STUDENTE SE RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE

Hoofstuk 2 het die geleenthede en uitdagings van die gegewe konteks van hierdie studie ondersoek en bestudeer. Die hoofstuk bied ʼn kontekstuele perspektief. Die geleenthede en uitdagings is ondersoek deur middel van ʼn beskrywende prakties-teologiese perspektief.

### 6.2.1 Uitdagings vir Christelike teologie studente se identiteitskonstruksie

Die plurale ruimte wat Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwys bied is ondersoek. Pluraliteit verwys na die verskeidenheid wat binne ʼn gegewe omgewing voorkom. Christelike teologie studente studeer en funksioneer binne so ʼn pluralistiese omgewing met baie veranderlikes. Die uniekheid van die mens beteken dat daar baie veranderlikes is wat kan bydra tot die geleenthede en uitdagings wat hier identifiseer is. Die volgende uitdagings is geïdentifiseer: religieuse diversiteit, ʼn multi-religieuse wêreld, pluralisme binne ʼn Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing, spanning van verandering teenoor stabiliteit, ʼn persoon se houding en reaksie teenoor ander religieuse praktyke en die keuse van uitdrukking.

Religieuse diversiteit kan uitdagend wees omdat dit potensiaal inhou vir konflik (Lin *et al.*, 2022:2). Dit is nie die blote feit dat mense verskil wat maak dat religieuse diversiteit konflik kan veroorsaak nie, dit is meer kompleks (Basinger, 2020; Prinsloo & Huysamen, 2018:27). Studente met verskillende religieuse agtergronde het interaksies met mekaar en waar meningsverskille ontstaan kan dit konflik tot gevolg hê, wat ʼn opmerklike uitdaging is alhoewel dit in die minderheid voorkom. Die meningsverskille wat hier ter sprake is verwys na teologies gegronde verskille wat vanuit verskillende denominasies afkomstig is. Die rede waarom religieuse diversiteit deur die lens van pluralisme as uitdaging beskou word, handel oor die feit vir moontlike konflik wat kan ontstaan. Die tipes konflik wat kan ontstaan is interpersoonlike konflik, intrapersoonlike konflik sowel as fisiese konflik. Lin *et al.* (2022:2-3) is van mening wanneer diverse religieuse groepe in ʼn gesamentlike omgewing woon, veral wanneer kulturele diversiteit ook prominent is, dat konflik onvermydelik is.

Die multi-religieuse wêreld waarin studente vandag leef beteken dat mense van verskillende plekke, dorpe, stede, provinsies en selfs lande met mekaar te doen kry. Dit sluit verder aan by die globalisering wat interreligieuse kommunikasie vergemaklik weens tegnologie wat deur die afgelope jare heen op ŉ merkwaardige wyse ontwikkel het (Lin, *et al*., 2022:4). Dit stel wel nie gesonde dialoog voor nie, wat wel problematies en as uitdaging beskou word. Studente met ŉ bepaalde religieuse perspektief kan hulle geloof as eksklusief, uniek, beter, beslissend, normatief, absoluut en spesiaal beskou. Hierdie ervaring is die boustene van religieuse identiteitskonstruksie (Dreyer *et al*., 2002:159-160). Wanneer studente met sterk religieuse identiteite in interaksie met mekaar tree en van mekaar verskil, kan konflik ontstaan omdat elke persoon glo dat hulle geloofsoriëntasie uniek en spesiaal is en eksklusivisties teenoor ander religieuse oriëntasies optree (Dreyer *et al*., 2002:159-160; Pratt, 2007:4; Venter, 2018:70).

Pluralisme binne die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing kan dus ŉ uitdaging wees weens die feit dat godsdiens inherent multidimensioneel van aard is. Ammerman (2010:154-167) stel dat pluralisme direkte verband hou met ŉ individu se religieuse oortuiging. Die lens waardeur ŉ persoon na die wêreld kyk beïnvloed hoe die persoon sy/haar geloof interpreteer. Die pluralistiese wêreld van vandag hou in dat daar verskillende waarhede is. Die uitdaging is egter dat wanneer ŉ mens met alternatiewe waarhede gekonfronteer word, die persoon se interpretasie van wat eg is, kan verwar. Soveel verskillende sienings word as waarhede voorgehou en dit maak die soeke na waarheid soveel moeiliker.

Die spanning tussen verandering en stabiliteit kan interne konflik by ŉ individu voortbring. Verandering daag die gevestigde en stabiele faktore by ŉ individu uit (Harianto & Ming, 2021:1005). Hier speel karakter van ŉ persoon ŉ belangrike rol. Die rede daarvoor is wanneer die spanning teenoor verandering wat ervaar word, teenstrydig is teenoor ŉ persoon se karakter kan dit lei tot dat voorgestelde veranderinge verwerp word. Oor tyd heen het verskeie veranderinge aan teologiese en religieuse kurrikulum voor gekom wat verdere spanning voortbring (Naidoo, 2013:4-7).

Die volgende uitdaging is mense se houding en reaksie teenoor ander religieuse praktyke en hoe mense kies om hulle geloof uit te druk. Beyers (2017:2) en Meyer (2018:64) se werk getuig dat religieuse norme en waardes mense se religieuse uitdrukking beïnvloed. Die verskillende wyses waarop religieuse praktyke beoefen en uitgedruk word, kan ŉ

uitdaging wees wanneer dit met ander mense se oortuiginge, waardes en norme verskil. Wanneer verskille voorkom is daardie moontlikheid dat een religieuse groep teenoor ŉ ander religieuse groep ongunstige gedrag, houdings en reaksies toon (Okeke *et al*., 2017:6). Dit kan vir ŉ Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstelling ongewensde uitdagings inhou.

### 6.2.2 Geleenthede vir Christelike teologie studente se identiteitskonstruksie

Die verskillende uitdagings wat hierbo genoem is, bied ook geleenthede vir groei. Verdere geleenthede wat in hierdie studie identifiseer is, is die volgende: geleentheid vir persoonlike groei wat religieuse identiteitskonstruksie beïnvloed, versterking in ŉ spesifieke religieuse oriëntasie, bevordering van kulturele kennis wat interpersoonlike verhoudings versterk, en om deel te word van ŉ religieuse groep waarmee daar vereenselwig word.

Daar lê geleenthede vir persoonlike groei in die uitdagings wat die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing inhou. Die feit dat mense mekaar beïnvloed binne die diverse, plurale wêreld van ŉ student beteken dat opinies en persepsies gevorm word. Wanneer daar gesonde dialoog tussen studente en ander belanghebbendes binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys voorkom, dra dit by tot persoonlike groei omdat mense se persepsies en opinies mekaar beïnvloed. Religieuse organisasies het ten doel om transformasie in gemeenskappe te bring. Gemeenskappe bestaan uit mense en ŉ openbare hoëronderwysomgewing bestaan uit studente. Hierdie Christelike teologie studente wat deel vorm van ŉ religieuse organisasie ondervind persoonlike groei weens die transformerende krag wat religieuse organisasies voortsit (Baron, 2017:2-4). Wanneer transformasie ondergaan word, dien studente as agente van verandering vir gemeenskappe en in hulle sfeer van invloed (Baron, 2017:3-4). Persoonlike groei en identiteitskonstruksie of te wel religieuse identiteitskonstruksie is interafhanklik van mekaar wat deur religieuse organisasies wat as agente van transformasie beskou word, verder mense oplei om weer in gemeenskappe as agente van verandering te sien (Schoeman, 2015:103-104). Long (2012:3) vertel dat agente van transformasie soos kerke, of anders gestel religieuse organisasies, mense, wat studente insluit, help om ŉ

perspektiefverskuiwing te maak van ’n “ek” perspektief na ’n “ons” perspektief wat verdere aanleiding gee tot die geleentheid vir persoonlike groei wat plaasvind.

In hierdie studie word die versterking van ’n spesifieke religieuse oriëntasie as ’n geleentheid beskou. Wanneer studente gekonfronteer word met ander geloofsoriëntasies, bring dit hulle om hulle eie persoonlike geloof te ondersoek. Dit is ook waar vir teologiese denkskole wat van mekaar verskil. As hierdie verskille op ’n positiewe wyse uitgedruk word kan dit mense lei om hulle eie geloofsinhoude en -praktyke te versterk en selfs te verdiep. Hierdie verdieping vind plaas wanneer vrae gevra wat lei tot ’n selfondersoek ook ’n gegewe geloof of ’n bestaande persoonlike geloofsoortuiging. Die verdieping wat weens die ondersoek plaasvind oor ’n geloofsoortuiging of oriëntasie, dra by tot persoonlike religieuse ondersoek gedoen word wat direk met religieuse identiteitskonstruksie verband hou (Heim, 2014:226-247).

Die bevordering van kulturele kennis wat interpersoonlike verhoudings versterk is ’n verdere geleentheid wat identifiseer is. Die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing is ’n multikulturele omgewing (Baxtor, 2006:330-337). Hierdie omgewing bied die geleentheid vir studente met diverse agtergronde en oortuiginge om in interaksie met mekaar te tree. Wanneer studente met verskillende kulturele agtergronde kommunikeer, kan studente persoonlike kennis van ander kulture bekom (Baxtor, 2006:330-337). Dit kan interpersoonlike verhoudings binne ’n diverse groep studente versterk.

Elke persoon het die behoefte “om te behoort” en wanneer daardie skakels gevorm word, bied dit die geleentheid om interpersoonlike verhoudings binne ’n gegewe religieuse oriëntasie te versterk en daardeur te groei en persoonlik verder te ontwikkel (Peter *et al*., 2015:95). Die feit dat daar soveel religieuse opsies is, beteken dat enige student ’n groep sal kan vind waarmee hulle vereenselwig. Studente vind aanklank by groepe wat ooreenstem met hulle religieuse oriëntasie. Die teenkant hiervan is dat studente groepe kan sien waarvan hulle nie voorheen bewus was nie en waarby hulle aanklank vind.

Die geleenthede en uitdagings wat in hierdie studie identifiseer is bied verdere insig oor die komplekse en unieke aard van ’n mens. Vervolgens word die bevindinge rakende religieuse identiteitskonstruksie teen die agtergrond van die uitdagings en geleenthede bespreek.

## 6.3 RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE

Hoofstuk 3 het religieuse identiteitskonstruksie ondersoek. Die ondersoek het berus op prakties-teologiese grondslae vanuit die literatuur. ŉ Beskrywende perspektief is aangebied om die kompleksiteit van religieuse identiteitskonstruksie weer te gee. Teologiese konsepte wat betrekking het op identiteitskonstruksie, is vanuit ŉ narratiewe perspektief geïdentifiseer.

### 6.3.1 Definisie van religieuse identiteitskonstruksie

Religieuse identiteitskonstruksie is eerstens gedefinieer. Daarna is die bevorderlike en stremmende invloede op religieuse identiteitskonstruksie ondersoek.

Dreyer *et al.* (2002:159) en Conradie (2005:1) se werk is gebruik om religieuse identiteitskonstruksie te definieer. Daar is nie ŉ enkele definisie vir religieuse identiteitskonstruksie nie weens die komplekse aard van hierdie konsep en die veranderlikes wat ŉ bepalende rol speel. Faimau (2017:4) vermeld dat religieuse identiteitskonstruksie nie staties is nie en iets is wat deurgaans verhaal word.

Conradie (2005:18) vermeld dat Christelike identiteit ŉ verwantskap het met religieuse identiteit en dat daar verskeie aspekte is wat Christelike identiteit beïnvloed, byvoorbeeld sosiale instellings, etiese onderrig, rituele, religieuse ervaringe, mites en leerstellings. Conradie (2005:20) beskou dit as die boustene van religieuse identiteit.

Vervolgens word die bevorderlike aspekte vir religieuse identiteitskonstruksie bespreek.

### 6.3.2 Bevorderlike aspekte vir religieuse identiteitskonstruksie

Die verskeidenheid geloofsaffiliasies wat binne ŉ Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing voorkom bied aan studente die geleentheid om deel te word van ŉ groep. Wanneer studente deel word van ŉ groep voel hulle dat hulle “behoort” (Strayhorn, 2019:i). Verder is kerke binne studentegemeenskappe geneig om met

universiteite saam te werk. Studente word verder blootgestel aan ŉ verskeidenheid van religieuse organisasies met verskillende religieuse oriëntasies (Cradit & Wawrzynski, 2018:120).

Studente wat aan oop en aanpasbare religieuse organisasies behoort is meer geneig om diversiteit te aanvaar. Dit is ŉ belangrike aspek omdat Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings juis so divers is. Die moontlikheid van konflik weens die diverse konteks van Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings is steeds groot, maar wanneer studente meer oop is om diversiteit te aanvaar, kan konflik verminder.

### 6.3.3 Stremmende aspekte vir religieuse identiteitskonstruksie

Daar is binne literatuur bevind dat religieuse identiteitskonstruksie ontwikkel in verhouding met ander mense. Hierdie ontwikkeling kan of bevorderlik of stremmend wees (Dreyer *et al*., 2002:165). Dit kan stremmend wees as studente nie die nodige blootstelling aan religieuse organisasies en gemeenskappe kry nie. Dit maak dat hulle nie deel word van religieuse organisasies en gemeenskappe nie. Hierdie gemeenskappe bied leiding en selfs mentorskapsprogramme wat merkwaardige voordele vir studente kan inhou.

Eksklusiwiteit kan ook ŉ stremmende faktor wees. Navorsing toon dat studente wat graag wil deel word van ŉ gegewe religieuse gemeenskap dit moeilik kan vind om in te skakel as daar ŉ eksklusiewe kultuur is. Dit kan beteken dat studente sukkel om te vereenselwig met sekere religieuse gemeenskappe en dat hulle verwerp voel. Studente kan seerkry as gemeenskappe nie sensitief is daarvoor om ander mense in te nooi nie.

Stoddard (2017:10) sien studente as die demografiese groep wat die meeste stres ervaar. Die maniere waarop studente hierdie stres hanteer is in die meerderheid van gevalle nie gesond nie. Studente is geneig om stres te vermy eerder as om dit op ŉ gesonde wyse te hanteer. Oormatige drankmisbruik is een van die maniere waarop studente stres hanteer (McConnachie, 2019:11; Stoddard, 2017:10). Ondersteuning en mentorskapsprogramme is dus noodsaaklikheid binne hierdie klimaat.

Vervolgens word die bevindinge van Hoofstuk 4 bespreek en dit is toegespits op die teologiese antropologiese perspektief op religieuse identiteitskonstruksie. ŉ Samevatting van die bevindinge volg hieronder.

## 6.4 TEOLOGIESE ANTROPOLOGIESE PERSPEKTIEF OP RELIGIEUSE IDENTITEITSKONSTRUKSIE

In Hoofstuk 4 is daar gefokus op die antropologiese perspektief ten opsigte van religieuse identiteitskonstruksie. ŉ Dogmatiese perspektief is hier gebruik om om die antropologiese perspektief op religieuse identiteitskonstruksie weer te gee na aanleiding van ŉ literatuurondersoek. Verskeie fasette van teologiese antropologie is ondersoek, waarna David Kelsey se werk uiteengesit is. Dit het as wegspringblok vir hierdie hoofstuk gedien.

### 6.4.1 Kelsey se teologiese antropologie

David Kelsey se omvattende werk in sy boek *Eccentric Existence* (2009), bied die nodige insig om teologiese antropologie met betrekking tot religieuse identiteitskonstruksie te ondersoek. Kelsey se uitgangspunte is menswaardigheid, menslike florering, die beeld van God en ŉ mens se verhouding met mekaar.

### 6.4.2 Kelsey se teologies-antropologiese uitgangspunte

Menswaardigheid is vanuit die dogmatiese perspektief ondersoek. ŉ Mens se waarde is eksentries en dat elke mens verantwoordelik is vir hulle respons op God. Dit maak ŉ mens uniek en onvervangbaar. Eksentriese waarde is vir Kelsey die teenoorgestelde van intrinsieke waarde. Dit is iets wat buite die mens lê. ŉ Mens se identiteit, waarde en menswaardigheid is iets wat buite die mens opgesluit is omdat ŉ mens se waarde in God se verhouding met ŉ mens voorkom (Kelsey, 2009:275). Hier kom die definiëring van eksentriesiteit voor en dit blyk dat waarde van ŉ mens van God af hang en nie van ŉ mens self nie (Kelsey, 2009:275). Kelsey beskryf menswaardigheid as teosentries omdat God met ŉ mens in verhouding tree. ŉ Mens se waarde berus nie op ŉ funksie of bydrae

wat ’n mens in die samelewing kan lewer nie. God gee aan die mens waarde en geen ander menslike komponent dra by daartoe nie, alhoewel die mens ’n verantwoordelikheid het om op God te reageer. Daarom is daar gestel dat menswaardigheid nie voorwaardelik is nie.

Volgens Kelsey is daar ’n noue verband tussen menslike florering en menswaardigheid. Mense floreer wanneer hulle ten volle leef en dit reflekteer God se glorie (Marais, 2020:80). Wanneer mense floreer gee dit iets van God se glorie weer wat die skoonheid en mooi van God reflekteer. Dit vind plaas in die kontekstualiteit, konkreetheid, gegewe genade, relasionaliteit en die wyse waarop mense tot God se nadering reageer, sowel as eksentrisiteit (Marais, 2020:80). Die eksentrisiteit verwys dat dit buite die mens se vermoëns voorkom en dat dit alleenlik van God se toenadering aan die mens gegee is. Menslike florering is dus gebou en gebaseer op die goeie nuus van die evangelie. Elke mens wat floreer, is anders omdat elke mens uniek is. God wat skep bring die perspektief van God wat ’n mens intrek, verlos om in volheid te lewe en dit beklemtoon die skoonheid van God wat weerspieël word deur menslike florering.

Kelsey beskryf die Godsbeeld uit sy teologies-antropologiese perspektief as die *imago Dei*. Die vraag wat gestel word, is, is “wat is ’n mens?” Daarmee saam is daar drie verdere vrae. Hierdie vrae is: Wat is ’n menslike wese? Wie is ek/ons? Hoe behoort ons te wees? Die vrae en die antwoorde hiervan is nie iets wat by die mens self lê of gevind kan word nie. Die antwoorde word gevind in die mens se verhouding met God en word so aan die mens voorsien (Kelsey, 2009a:310). Alhoewel Kelsey se werk nie direk omgaan met die *imago Dei nie,* wys dit daarheen (Marais, 2013b:6). Die eksentriese bestaan van ’n mens is in nabootsing van die beeld van God, wat die begin punt van die Christosentriese interpretasie is omdat dit die beeld van God en hoe God in verhouding met alle menslike wesens tree, weerspieël (Marais, 2013b:9).

Kelsey verduidelik ’n mens se verhouding met God aan die hand van vier punte. Die eerste punt is die feit dat God eerste in verhouding met die mens tree. Die verhouding met God is nie gebaseer op enige menslike vermoëns of ’n mens se kapasiteit nie. Dit begin by God wat die mens geskep het. Die tweede punt is dat menslike wesens alleenlik op God kan reageer omdat God in verhouding met die mens tree. Dit is omdat God die verhouding inisieer deur die mens te skep. Die derde punt is dat menslike wesens ’n keuse het om op God te reageer. Die keuse wat menslike wesens uitoefen gaan nie net

oor of ’n mens op God reageer nie, maar ook die keuse van hoe daar op God gereageer word. Die vierde punt is toegespits op die verantwoordelikeheid wat die mens het wanneer daar in verhouding met God getree word. Daar is ’n verantwoordelikheid om wel op God te reageer en ’n respons te hê in die verhouding wat ’n mens met God het (Marais, 2013a:241). Om tot God te reageer weens die feit dat God in verhouding met die mens tree is die tipe respons wat ’n mens uitoefen belangrik. Die gepaste respons tot God is hier ter sprake wat verduidelik om op so ’n wyse tot God te reageer wat tot menslike florering lei wat alvorens die eer en glorie van God weerspieël.

Die verantwoordelikheid wanneer daar in verhouding met God getree word behels ook dat ander mense se menswaardigheid herken moet word omdat God waardigheid aan die mens gee. Dit bring die gesprek by mense se verhouding met mekaar. Kelsey verduidelik dit as die Skriftelike wyse waarop ’n mens jou medemens moet lief hê. Daar is strukturele verskille tussen mense wat in ag geneem moet word wanneer daar met ander mense in verhouding getree word. Dit sluit aan by ’n mens se verantwoordelikheid om ’n gesonde verhouding met ander mense te handhaaf. Kelsey beskryf dit as noodsaaklik omdat ’n mens sy eie morele volmaaktheid ontwikkel en omdat mense mekaar beïnvloed. Die realiteit hier is dat die menslike natuur in ag geneem moet word, weens ’n mens se sondige natuur. Kelsey (2009:895) is van mening dat ’n mens ’n bewustheid van sonde moet hê omdat dit skeiding bring tussen die mens en God. Wanneer daar skeiding tussen God en ’n mens is hou dit ook verband met die wyse waarop mense mekaar hanteer en die lig waarin mense mekaar beskou. Die narratief van ’n mens se lewe vanaf skeiding van God weens sonde en ten einde die versoening met God moet as ’n bewuste aspek van ’n mens gesien word. Die rede daarvoor is omdat dit direk verband hou hoe mense in interaksie met mekaar is.

Die wyse waarop mense ander mense hanteer moet respekvol en waardig wees. Kelsey beklemtoon keer op keer dat ’n mens se waardigheid van God afkomstig is en dat dit daarom so belangrik is dat mense hul medemens met dieselfde waardigheid moet hanteer (Kelsey, 2009a:793-813).

## 6.5 Bevorderlike omgewing vir Christelike religieuse identiteitskonstruksie in Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys

Hoofstuk 5 het ondersoek ingestel oor ŉ bevorderlike omgewing vir Christelike religieuse identiteitskonstruksie binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys. Die velde van praktiese teologie en dogmatiek is betrek om ondersoek in te stel na ŉ bevorderlike omgewing, waarin kultuur sentraal is. Daar is veral gefokus op institusionele kultuur. Die bevorderlike kultuur binne instansies is vanuit literatuur bestudeer om vas te stel wat bydra tot ŉ bevorderlike omgewing vir Christelike religieuse identiteitskonstruksie. Teen die agtergrond van Hoofstuk 4 wat David Kelsey se teologiese antropologie ten opsigte van religieuse identiteitskonstruksie saamvat, is ŉ bevorderlike omgewing verder bespreek.

### 6.5.1 Gebruike van die term "kultuur"

Die konsep "kultuur" is kompleks aangesien dit konteksgebonde is. Kultuur beskryf onder andere ŉ dinamiese populasie van mense met sosiale verhoudings (Causadias, 2020:310-322). Institusionele kultuur word beskryf as sisteme waar mense in interaksie met mekaar is binne ŉ bepaalde konteks. ŉ Gegewe instansie se institusionele kultuur word in die instansie se beleide weerspieël. ŉ Groep mense wat oor tyd heen ŉ stabiele lidmaatskap bewerkstellig word ook gesien as kultuur. Dit kan etnies-, ras-, godsdiens-, nasionaal- of streeksgebonde wees (Nastasi *et al.,* 2017:137-140). Kultuur beteken dat mense saam ŉ groep vorm binne ŉ bepaalde konteks waar hulle waardes en norme deel.

### 6.5.2 Kultuur soos verstaan vir hierdie studie

Die fokus van hierdie studie is op institusionele kultuur. Dit is toegespits op ŉ gegewe konteks waar mense binne ŉ instansie interaksie met mekaar het oor tyd heen. Kultuur is ŉ multidimensionele konsep wat uit verskeie faktore bestaan. Dit is egter belangrik om te verstaan wat die mens is as mens wil verstaan wat kultuur is. Wanneer die mens vanuit ŉ teologiese antropologiese oogpunt beskou word, dra dit by tot ŉ verdieping van die verstaan van wat kultuur in geheel behels (Kelsey, 2009a:275-278). Institusionele kultuur word gevorm deur die mense wat die kultuur deel.

### 6.5.3 Identiteitskonstruksie en kultuur

Grimson (2009:61-77) stel dat kultuur en identiteitskonstruksie twee begrippe is wat onlosmaaklik verbind is. Die faktore wat kultuur binne Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings beïnvloed sluit in demografie, ekonomie en politieke faktore. Aspekte wat die bogenoemde faktore weer verder beïnvloed is geskiedenis, waardes, en die prosesse en doelwitte wat instansies effektief laat funksioneer (Naidoo, 2017:531-532). As 'n mens verder kyk na wat 'n mens is vanuit die teologies-antropologiese oogpunt soos wat Kelsey (2009a:275-281) weergee, het dit direkte inspraak op identiteitskonstruksie. Die kern van wat 'n mens is, word deur 'n persoon se onmiddellike omgewing beïnvloed. Binne hierdie omgewing kry mens met verskeie ander mense te doen, so mense wat oor tyd heen interaksie met mekaar het vorm 'n kultuur.

### 6.5.4. Institusionele kultuur

Teologiese instansies is gemeenskappe waar spesifieke norme met religieuse verantwoordelikhede hoë prioriteit geniet. Hierdie norme en waardes word in die beleide van die instansies vervat. Die beleide wat kultuur inisieer beïnvloed weer 'n persoon se identiteitskonstruksie. Diversiteit speel 'n belangrike rol by institusionele kultuur en is iets wat bestuur moet word (Naidoo, 2017:534). Beleide moet nie net as 'n dokument gesien word nie, maar as iets wat prakties tussen die mense van 'n gegewe instansie implementeer moet word.

Die lede van die groep mense wat interaksie met mekaar het, beïnvloed mekaar, en dit affekteer 'n individu se religieuse identiteitskonstruksie. Kultuur en identiteitskonstruksie is dus integraal verbind.

### 6.5.5 Bevorderlike institusionele kultuur

Bevorderlike institusionele kultuur verwys na aspekte wat saam 'n bepalende rol speel by religieuse identiteitskonstruksie. Wanneer die waardes en norme van 'n student ooreenstem met die institusionele kultuur, is die institusionele kultuur bevorderlik vir die student se ontwikkeling. Ooreenstemmende waardes en norme skep vertroue. Studente is verder geneig om die institusionele kultuur voort te sit as vertroue bewerkstellig is (Luyckx & Robitschek, 2014:973-978). Inklusiwiteit verwys na eenheid binne diversiteit. Ten spyte van verskille wat voorkom tussen individuele studente en selfs groepe studente

is daar ’n eenheid wat vorm weens die omgewing. Wanneer eenheid bewerkstellig is, bied dit ruimte vir inklusiwiteit om te seëvier. Daarom is inklusiwiteit deel van ’n bevorderlike kultuur. Ordelike bestuur van diversiteit behels dat studente gelyke geleenthede gegun word binne ’n gunstige omgewing, en dit lei verder na persoonlike groei. Wanneer persoonlike groei by studente plaasvind, hou dit verband met identiteitskonstruksie. Diversiteit moet bestuur word en moenie net ’n idee wees wat aangemoedig word nie (Naidoo, 2017:532-534). Dit is iets wat aktief bestuur en bevorder moet word om passiwiteit te vermy en ’n bevorderlike institusionele kultuur te bewerkstellig vir religieuse identiteitskonstruksie (Naidoo, 2017:532-534).

Om diversiteit op ’n optimale en gesonde wyse te bestuur, aan te moedig en te bevorder is dit nodig om te transformeer. Dit behels die hersien van institusionele beleide wat die kultuur van die instansie beïnvloed. Die fases van ’n transformasieproses moet ook bestuur word om optimale groei en ’n bevorderlike omgewing vir studente te bewerkstellig. Wanneer beleide slegs ’n geskrewe dokument is wat nie effektief op alle vlakke geïmplementeer word nie, is dit nie bevorderlik vir die kultuur nie. Daarom is die bestuur van beleide uiters belangrik en wanneer die bestuur daarvan optimaal is, word dit as bevorderlik beskou omdat dit die kultuur van instansies beïnvloed (Hydi & Jacobs, 2016:208; Kelland, 2016:187; Naidoo, 2017:532-533).

## 6.6 GEVOLGTREKKING

Die navorsingsvraag wat vir hierdie studie gestel is, is die volgende: *Watter perspektiewe kan praktiese teologie bied op die verstaan van religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente en die kultuur wat in ’n Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwyskonteks bevorderlik kan wees vir Christelike identiteitskonstruksie?* Hierdie vraag het gelei tot die volgende doelstelling: *Om die moontlike perspektiewe wat praktiese teologie op die verstaan van religieuse identiteitskonstruksie by Christelike teologie studente en die bevordering daarvan aan Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys bied, te ondersoek.*

Die metodologie van die praxis siklus is in hierdie studie gevolg om sodoende die verskeie aspekte wat praktiese teologie tot religieuse identiteitskonstruksie binne die klimaat van hierdie studie kan bydra, te ondersoek. Die pastorale beplanning as fase is in die vorige

hoofstuk as metodologie van die praxis siklus gebruik om verskeie aspekte van kultuur te ondersoek. Pastorale beplanning verwys daarna dat alle ander dimensies of fases van die praxis siklus gebruik is as ’n integrerende, holistiese en integrale eenheid om ondersoek te doen sodat hierdie praxis siklus as metodologies volledig beskou kan word.

Die navorsingsvraag verwys eerstens na praktiese teologie en die moontlike perspektiewe wat hierdie studieveld bied. Verskeie prakties-teologiese perspektiewe is in die studie betrek om religieuse identiteitskonstruksie beter te verstaan. Die kontekstuele perspektief is gebruik om ondersoek in te stel na die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing en om die uitdagings en geleenthede wat in die konteks van hierdie studie voorkom, te bespreek. Vervolgens is ’n beskrywende narratiewe perspektief gebruik om die kompleksiteit van religieuse identiteitskonstruksie te belig om sodoende ondersoek te stel na die bevorderlike en stremmende invloede op religieuse identiteitskonstruksie in die Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysomgewing.

Vanuit teologiese antropologie is daar gebruik gemaak van ’n dogmatiese perspektief, wat insigte bied oor wat ’n mens is. Verder is ’n interdissiplinêre benadering gevolg om die velde van praktiese teologie en dogmatiek te betrek om die bevorderlike kultuur binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys te ondersoek. Hierdie perspektiewe is gebruik die vraag van watter kultuur in die konteks van hierdie studie as bevorderlike vir religieuse identiteitskonstriksie beskou kan word te beantwoord. Die bostaande oorsig oor die studie gee ’n uiteensetting van die bevindinge van die studie en toon sodoende aan dat die doel wat vir hierdie studie gestel is, wel behaal is.

Religieuse identiteitskonstruksie is kompleks en alhoewel daar verskeie bevindinge in literatuur gevind is, is dit belangrik om die leemtes en beperking in hierdie studie te identifiseer. Die uniekheid van elke mens, wat religieuse identiteitskonstruksie beïnvloed binne die Suid-Afrikaanse openbare hoër onderwys is kompleks. Dit is weens die feit dat daar nie veralgemeen kan word nie, wat as bevorderlik en stremmend kan voorkom vir religieuse identiteitskonstruksie. Die bevindinge vanuit literatuur het verskeie bevorderlike en stremmende aspekte en so ook geleenthede en uitdagings identifiseer. Die omgewing waarin religieuse identiteitskonstruksie plaasvind speel ’n belangrike rol maar die wyse waarop verskeie studente in hierdie omgewing reageer kan nie gesien word as dieselfde nie, weens die feit dat elke student uniek is. Dit wat moontlik as stremmend en uitdagend vir een persoon kan wees beteken nie alle studente dieselfde reaksie gaan toon nie. Dit

is dieselfde met die geleenthede en bevorderlike aspekte wat in hierdie studie identifiseer is. Literatuur wat in hierdie studie ondersoek is, het wel verskeie meriete waarop bevindinge baseer is maar die feit bly staan dat alle Christelike teologie studente nie veralgemeen kan word nie. Dit lei tot die beperking dat die aanbevelings wat in hierdie studie gevind is, nie gepas is om toepaslik te wees vir elke individuele student nie.

Die bevindinge van hierdie studie bied geleenthede vir verdere navorsing. Daar sou verder ondersoek gedoen kon word oor die rol van transformatiewe onderrig en leer in spesifiek die veld van teologiese antropologie en hoe dit kan bydrae tot studente se religieuse identiteitskonstruksie. Verder sou daar ook gebruik gemaak kon word van die werk van ander teoloë oor teologiese antropologie in hierdie verband. Ander hulpbronne uit Dogmatiek wat na vore gekom het in die bespreking van Kelsey se teologiese antropologie, soos die teologiese konsep van florering of die *imago Dei*, sou ook as teologiese hulpbron vir verdere navorsing ingespan kon word. Die rol van spiritualiteitsvorming in teologie studente se religieuse identiteitskonstruksie sou ook ’n invalshoek vir verdere navorsing kon wees.

# BIBLIOGRAFIE


Abdulla, M. R. 2018. Culture, Religion, and Freedom of Religion or Belief. *The Review of Faith & International Affairs,* 16(4):102-115. https://doi.org/10.1080/15570274.2018.1535033

Altbach, P.G. 2004. Globalization and the university: Myths and realities in an unequal world. *Tertiary Education and Management,* http://dx.doi.org/10.1007/978-1-4020-4012-2_8

Ammerman, N.T. 2010. The challenges of pluralism: Locating religion in a world of diversity. *Social Compas*, 57(2):154-167, https://doi.org/10.1177/0037768610362406

Badham, P. 1996. What is Theology? *Sage Journals,* 99(788):101-106. https://doi.org/10.1177/0040571X9609900203

Baron, E. 2017. The role of church youth in the transformation agenda of South African cities. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies,* 73(3), a4771. https://doi.org/10.4102/hts.v73i3.4771

Basinger, D. 2020. Religious Diversity (Pluralism). *Stanford Encyclopedia of Philosophy,* https://plato.stanford.edu/archives/win2020/entries/religious-pluralism/ Date of access: 10 Feb. 2021

Baxtor, L.A. 2006. Interpersonal communication as dialogue: a response to the “social approaches” forum. *Communication Theory*, 2(4):330-337. https://www.researchgate.net/publication/229710547_Interpersonal_Communication_as_Dialogue_A_Response_to_the_Social_Approaches_Forum

Bertram-Troost, D.G., de Roos, S.A., Miedema, S. 2007. Religious Identity Development of Adolescents in Christian Secondary Schools: Effects of School and Religious Backgrounds of Adolescents and Their Parents. *The official journal of the Religious Education Association*, 102(2)132-150. https://doi.org/10.1080/00344080701285402

Beyers, J. 2016. Theology and higher education: The place of a Faculty of Theology at a South African university. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies,* 72(4), a3450. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v72i4.3450

Beyers, J. 2017. Religion and culture: Revisiting a close relative. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 73(1), a3864. https://doi.org/10.4102/hts.v73i1.3864

Bird, P.A. 2017. Theological Anthropology in the Hebrew Bible. *Wiley Online Library,* https://doi.org/10.1002/9781405166560.ch15

Browning, D.S. 1991. A fundamental *practical theology: descriptive and strategic proposals*. Minneapolis: Fortress.

Bryand, A.N. 2007. The effects of involvement in campus religious communities on college student adjustment and development. *Journal of College and Character.* 9(3):1-25 https://doi.org/10.2202/1940-1639.1178

Buck, H.G. 2006. Spirituality: Concept analysis and model development. *Holistic Nursing Practice*, 20(6): 288-292. DOI: 10.1097/00004650-200611000-00006 Date of access: 20-31 May 2020.

Causadias, J.M, 2020. What is culture? Systems of people, places, and practices. *Applied Developmental Science*, 24(4):30-322. doi.org/10.1080/10888691.2020.1789360

Conradie, E.M. 2005. *Christian Identity. An introduction.* 1st ed. Stellenbosch: Sun Media.

Cook, C.C.H. 2006. Alcohol, addiction and Christian ethics: introduction. *Cambridge University Press*, 27(1):1-8. https://doi.org/10.1017/CBO9780511488337

Cosgel, M.M & Minkler, L. 2004. Religious identity and consumption. *Review of Social Economy,* 62(3):339-350, https://www.jstor.org/stable/29770265

Cradit, N. & Wawrzynski, M. 2018. Religious Student Organizations as Agents of Spiritual and Moral Development Among South African Undergraduates. *Journal of College and Character,* 19(2):120-136. https://doi.org/10.1080/2194587X.2018.1445643

Dickie, J. 2020. Building Community in the Church between Insiders and Outsiders. *Acta Theologica*, 40(1):50-68. DOI: http://dx.doi.org/10.18820/23099089/actat.v40i1.4

Dreyer, J., Pieterse, H., Van den Ven, J.A. 2002. Interreligious orientations among South-African youth: Expressions of religious identity. Koninklijke Brill, 3(2):158-178.

Dreyer, J.S. 2014. Global developments: South Africa. In Miller-McLemore, B.J. ed. *The Wiley Blackwell Companion to Practical Theology*. West Sussex: Blackwell Publishing Limited, 505-514.

Education Series Volume V. 2017. *Higher education and skills in South Africa Report. http://www.statssa.gov.za/publications/Report-92-01-05/Report-92-01-052017.pdf* Datum van toegang: 18 Oktober 2022.

Faimau, G. 2017. Religious testimonial narratives and social construction of identity: Insights from prophetic ministries in Botswana. *Cogent Social Sciences,* 3:1356620. https://doi.org/10.1080/23311886.2017.1356620

Gochhayat, J., Giri, V.N & Suar, D. 2017. Influence of Organizational Culture on Organizational Effectiveness: The Mediating Role of Organizational Communication. Sage Journals, 18(3):691-702. https://doi.org/10.1177/0972150917692185

Golebiewki, D. 2014*. Religion and Globalization: New Possibilities, Furthering Challenges*. E-International Relations, (Proefskrif – MA). https://www.e-ir.info/2014/07/16/religion-and-globalization-new-possibilities-furthering-challenges/ Datum van toegang: 12 Oktober 2022.

Grey, M. 2008. Viewing Spirituality in Social Work through the Lens of Contemporary Social Theory. *British Journal of Social Work*, 38(1):175-196. https://doi.org/10.1093/bjsw/bcl078

Grimson, A. 2009. Culture and identity: two different notions. Taylor & Francis Online, 16(1):61-77. https://doi.org/10.1080/13504630903465894

Grotevant, H.D. & Cooper, R.C. 1985. Patterns of Interaction in Family Relationships and the Development of Identity Exploration in Adolescence. *Family Development and the Child,* 56(2):415-428. https://doi.org/10.2307/1129730

Harianto, G.P. & Ming, D. 2021. Theological Student Attitudes towards Affect the Spiritual Formatıon by Learning by Doing. *Psychology and education,* 85(3). https://www.researchgate.net/publication/350374492_Theological_Student_Attitudes_towards_Affect_the_Spiritual_Formation_by_Learning_by_Doing

Heim, S.M. 2014. Many true religions, and each an only way. The diversity of religious ends.
*Ars Disputandi,* 3(1):226-247.
https://www.tandfonline.com/action/showCitFormats?doi=10.1080/15665399.2003.10819793

Heitink, G. 1999. Practical theology: An empirical-orientated approach, in *Practical theology – international perspectives*, edited by F Schweitzer and J A Van der Ven. Frankfurt am Main: Petr Lang, 265-271.

Hendriks, H.J. & Leene, A.M.J. 2010. Women and church leadership revised: the implications of a missional ecclesiology and a theological anthropology. *Scriptura*, 103(1):164-174. https://journals.co.za/doi/pdf/10.10520/EJC100520

Hydi, A. & Jacobs, M. 2016. Using a theoretical framework of institutional culture to analyse an institutional strategy document. Education as Change, 20(2):204-220. DOI: http://dx.doi.org/10.17159/1947-9417/2016/944

Jereb, E., Perc, M., Lammlein, B., Jerebic, J., Urh, M., Podbregar, I. & Sparic, S. 2018. Factors influencing plagiarism in higher education: A comparison of German and Slovene students. http://doi.org/10.1371/journal.pone.0202252 Date of access: 11 November 2020.

Kaufman, P. & Feldman, K.A. 2004. Forming Identities in College: A Sociological Approach. *Research in Higher Education*, 45(5):463-496.
DOI: 10.1023/B:RIHE.0000032325.56126.29

Kayanan, P.J. 2017. Relationship between college student identity development and readiness for change. College of William and Mary. (Thesis-PhD).

Keddie, A. 2014. Students' understandings of religious identities and relations: Issues of social cohesion and citizenship. *Education Citizenship and Social Justice*, 9(1):81-93,

https://www.researchgate.net/deref/http%3A%2F%2Fdx.doi.org%2F10.1177%2F17461 97914520652

Kelland, L. & Paphitis, S.A. 2016. The university as a site for transformation: developing civicminded graduates at south african institutions through an epistemic shift in institutional culture. Education as Change, 20(2):184-203. DOI: http://dx.doi.org/10.17159/1947-9417/2016/906

Kelsey, D. H. 2009a. Eccentric Existence. A Theological Anthropology. Louisville, Kentucky: Westminster JohnKnox Press.

Kelsey, D. H. 2009b. Theology in the University: Once More, with Feeling. *Modern Theology*, 25(2):315-327.

Kiesling, C., Sorell, G. T., Montgomery, M. J., & Colwell, R. K. 2006. Identity and spirituality: A psychosocial exploration of the sense of spiritual self. Developmental Psychology, 42(6):1269-1277. DOI: 10.1037/0012-1649.42.6.1269

King, P.E. 2003. Religion and Identity: The Role of Ideological, Social, and Spiritual Contexts. *Applied Developmental Science,* 7(3):197-204. http://dx.doi.org/10.1207/S1532480XADS0703_11

Knoetze, J.J. 2020. Transforming theological education is not the accumulation of knowledge, but the development of consciousness. *Verbum et Ecclesia 41(1),* a2075, DOI: https://doi.org/10.4102/ve.v41i1.2075

Kritzinger, J.N.J. 2002. A question of mission- a mission of questions. *Missionalia*, 30(1):144-173.

Lin. X., Chen, Q., Wei, L., Lu. Y., Chen. Y. & He, Z. 2022 Exploring the trend in religious diversity: Based on the geographical perspective. *PLoS ONE* 17(7): e0271343. https://doi.org/10.1371/journal. pone.0271343

Logan, M. 2005. Theological Anthropology a collection of papers prepared by Faith and Unity Commissioners. *Silo Tips,* http://www.ncca.org.au/files/Departments/Faith_and_Unity/Anthropology_Study.pdf

Long, J. 2012. *The Relationship Between Identity Formation and Faith Maturity.* Florida: Florida State University. (Proefskrif – MA). https://diginole.lib.fsu.edu/islandora/object/fsu:182983/datastream/PDF/view Datum van toegang: 7 Oktober 2022.

Louw, D. 2012. Network of the human soul. 2nd ed. Stellenbosch: SUN Press.

Louw, D. 2013. Cura vitae: the hermeneutics of spiritual healing and the beautification of life. Scriptura, 112 (1):1-16.

Louw, D. 2014. Theory formation within the interplay between pastoral theology and practical theology. Towards a hermeneutics of care and counseling. The Pastoral Journal for Life Care and Spiritual Healing, 1(1):47-72.

Louw, D. 2017. Practical theology as life science: Fides Quaerens Vivendi and its connection to Hebrew thinking (Hālak). In die Skriflig/In Luce Verbi, 51(1):13 pages. DOI: https://doi.org/10.4102/ids.v51i1.2239

Luvalo, L.M. 2019. Relationship between transformation and institutional culture. South African Journal of Higher Education, 33(1):184-199. DOI: https://doi.org/10.20853/33-1-2934

Luyckx, K. & Robitschek, C. 2014. Personal growth initiative and identity formation in adolescence through young adulthood: mediating processes on the pathway to well-being. Pubmed.gov, 37(7): 973-981.

Marais, N. 2013a. "Eccentric Existence": David H Kelsey oor teosentriese menswaardigheid. NGTT, 53(3&4):234-248.

Marais, N. 2013b. "Imaging the Image of God": David H. Kelsey oor die Imago Dei. *NGTT,* 54(1-2):1-14 https://doi.org/10.5952/54-1-2-314

Marais, N. 2020. "Adorn the cross with roses"? Justice and human dignity, beauty and human flourishing. *Acta Theologica Supplementum,* DOI: http://dx.doi.org/10.18820/23099089/actat.Sup29.5

McConnachie, C. 2019. Academic stress and alcohol use among second year university students. Pretoria: University Of Pretoria. (Mini-dissertation).

Meszaros, J & De Maeseneer, Y. 2017. In the Image of Love: Key Voices for Theological Anthropology. Routledge, *Francis & Taylor Group: Philosophy and Theology,* https://doi.org/10.1080/21692327.2017.1286742

Meyer, B. 2018. Frontier zones and the study of religion. *Journal for the Study of Religion,* 31(2):57-78, DOI: http://dx.doi.org/10.17159/2413-3027/2018/v31n2a3

Mezirow, J. 2009. "An Overview of Transformative Learning." In *Contemporary Theories of Learning: Learning theorists in their own words*, K. Illeris (ed.), pp. 90–105. New York: Routledge.

Moloi, K.C., Mkwanazi, T.S. & Bojabotseha, T.P. 2014. Higher education in South Africa at the crossroads. *Mediterranean Journal of Social Sciences,* 5(2):469-475. DOI:10.5901/mjss.2014.v5n2p469

Müller, J.C, 2013. Practical Theology as part of the landscape of Social Sciences and Humanities –A transversal perspective. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 69(2):1-5. art. #1299. http://dx.doi.org/10.4102/

Myrl, D. & Oeur, F. 2009. Religion and Higher Education: Current Knowledge and Directions for Future Research. *Journal for the Scientific Study of Religion,* 48(2):260-275. https://sites.tufts.edu/freedenblumeoeur/files/2012/08/MAYRL-OEUR-Religion-in-Higher-Ed-20091.pdf

Mzangwa, S.T. 2019. The effects of higher education policy on transformation in post-apartheid South Africa. *Cogent Education, 6(1):1-15. https://doi.org/10.1080/2331186X.2019.1592737*

Naidoo, M. 2013. Persistent issues impacting on the training of ministers in the South African context. *Scriptura,* 112(1). https://journals.co.za/doi/pdf/10.10520/EJC146675

Naidoo, M. 2017. Challenging the status quo of an institutional culture in theological training. *Stellenbosch Teological Journal,* 3(2):493-546 DOI: http://dx.doi.org/10.17570/stj.2017.v3n2.a24

Nastasi, B.K., Arora, P.G. & Varjas, K. 2017. The meaning and importance of cultural construction for global development. International Journal of School & Educational Psychology, 5(3):137-140. https://doi.org/10.1080/21683603.2016.1276810

Nell, W., 2016. The religious lives of students at a South African university. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies,* 72:1), a3177, http://dx.doi.org/10.4102/hts.v72i1.3177

Nielsen, B.F. 2013. Practical Theology. In: Runehov A.L.C., Oviedo L. *Encyclopedia of Sciences and Religions. Springer, Dordrecht*. https://doi.org/10.1007/978-1-4020-8265-8_1183

Noval. C. 2019. Theological anthropology of youth as the paradigm for youth ministry. Journal of disability & religion, 22(4):408-425. https://www.tandfonline.com/doi/full/10.1080/23312521.2018.1521767?scroll=top&needAccess=true

Okeke, C.O., Christopher N. Ibenwa, C.N. & Okeke, G.T. 2017. Conflicts Between African Traditional Religion and Christianity in Eastern Nigeria. *SAGE Open, 7*(2). https://doi.org/10.1177/2158244017709322

Osmer, R. R. 2008. *Practical theology: an introduction.* Grand Rapids MI: Eerdmans.

Oviedo, L. 2013. Theological Anthropology. In: Runehov A.L.C., Oviedo L. (eds) Encyclopedia of Sciences and Religions. *Springer, Dordrecht,* https://doi.org/10.1007/978-1-4020-8265-8_1108

Paleczny, T. & Zieliński, B. 2008. Cultural identity: a sociological analysis of the phenomenon. Politeja, 10(1):353-372. http://www.jstor.org/stable/24919310

Parincu, Z. 2022. Self-Growth: Definition, Examples, & Tips. https://www.berkeleywellbeing.com/self-growth.html Datum van toegang: 28 Oktober 2022.

Peter, M.Z., Peter, P.F.J., & Catapan, A.H. 2015. Belonging: Concept, Meaning, and Commitment. *US-China Education Review B,* 5(2):95-101. DOI:10.17265/2161-6248/2015.02.003

Peterson, R. 2016, 18 May. *Theological Anthropology* [Blog Post]. https://www.biola.edu/blogs/good-book-blog/2016/theological-anthropology Date of access: 12 March 2021.

Pratt, D. 2007. Exclusivism and Exclusivity: A Contemporary Theological Challenge. Parcifica, 20(3). https://hdl.handle.net/10289/792

Prinsloo, M. & Huysamen, E. 2018. Cultural and Religious Diversity: Are they effectively accommodated in the South African workplace? *Law, democracy & development,* 22(1):26-38, http://dx.doi.org/10.4314/ldd.v22i1.3

Resane, K.T. 2021. Theology and culture in dialogue towards harmonious multi-religious and multi-cultural South Africa. *In die Skriflig*, 55(1), a2764. https://doi.org/10.4102/ids. v55i1.2764

Resane, T.K. 2016. Book Review Contested Issues In Training Ministers In South Africa. Acta Theologica *36(2):203-205,* DOI: http://dx.doi.org/10.4314/actat.v36i2.12

Riggers-Piehl, T. 2009. Exploring effects of perceived campus spiritual climate on student sense of belonging at the University of California. Spirituality and Campus Climate. 1(1):1-17. https://www.researchgate.net/publication/237784816_Exploring_Effects_of_Perceived_Campus_Spiritual_Climate_on_Student_Sense_of_Belonging_at_the_University_of_California

Schoeman, W.J. 2015. Identity and community in South African congregations. *Acta Theologica,* 22:103-123. http://dx.doi.org/10.4314/actat.v21i1.8S

Scott, D.G. 2006. The role of spirituality in human development and identity: An Introduction. https://link.springer.com/content/pdf/bfm%3A978-1-4020-9018-9%2F2%2F1.pdf Date of access: 18-31 May 2020.

South African Religion Factbook, 2021. Religions. https://www.indexmundi.com/south_africa/religions.html Datum van toegang: 5 Oktober 2022.

Stoddard, H. 2017. When the Books Hit Back: Perceived Stress in University Students. Independent Study Project (ISP) collection. 2698. https://digitalcollections.sit.edu/isp_collection/2698

Strayhorn, T. 2019. *College Students' Sense of Belonging*. New York:Rouledge.

Sugimura, K. & Shimizu, N. 2011. Identity Development in the Learning Sphere Among Japanese First-Year University Students. *Child and Youth Care Forum*. 40(1):25-41. http://dx.doi.org/10.1007/s10566-010-9118-2

Treloar, R. 2005. Theological Anthropology a collection of papers prepared by Faith and Unity Commissioners. *Silo Tips,* http://www.ncca.org.au/files/Departments/Faith_and_Unity/Anthropology_Study.pdf

Venter, R. 2015. Transformation, theology and the public university in South Africa. *Acta Theologica*, 35(2):173-203. DOI: http://dx.doi.org/10.4314/actat.v35i2.11

Venter, R. 2018. Thinking God in a global multi-religious context: Trends, challenges and possibilities. *Journal for the Study of Religion,* 31(1):70-85, http://dx.doi.org/10.17159/2413-3027/2018/v31n1a4

Wu, S.C. 2006. An investigation of sense of identity among college students. Knoxville: University of Tennessee. (Thesis-PhD).

Yalcin, B. 2018. What is globalisation? *Social Science,* 1(1). http://dx.doi.org/10.13140/RG.2.2.16793.93288

Yilmaz, F. 2016. Multiculturalism and multicultural education: A case study of teacher candidates' perceptions. *Cogent Education*, 3(1), e1172394, https://www.tandfonline.com/doi/pdf/10.1080/2331186X.2016.1172394?needAccess=true

Yumatle, C. 2015. Pluralism. The Encyclopedia of Political Thought, 1(1). DOI: 10.1002/9781118474396.wbept0771